**GEMEENTESTRUKTURE VIR DIENS IN 'N VERANDERDE SAMELEWING**

deur

**GERHARDUS JOHANNES ENGELBRECHT**

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

**STUDIELEIER: PROF L M HEYNS**

NOVEMBER 1996

# INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING
SUMMARY

Bladsy

**Hoofstuk 1: Tussen openbaring en ervaring: voorvrae in die Praktiese Teologie** 1

1.1. Inleiding 1
1.2. Praktiese teologie as handelingswetenskap 1
1.3. Die kommunikatiewe aard van kerklike handelinge 5
1.4. Teorie/praxis verhouding 9
1.5. Verkryging van wetenskaplike praktykkennis 11
1.6. Die verhouding genade/natuur 13
1.7. Die Koninkryk van God 20
1.8. Pneumatologie 21
1.9. Die wêreld as openbaringsbron? 25
1.10. Samevatting 27

**Hoofstuk 2: 'n Veranderende samelewing** 29

2.1. 'n Nuwe paradigma 29
2.2. Die moderne tyd 30
2.3. Sekularisasie 31
2.4. Kerklike en godsdienstige situasie 34
2.5. Post Modernisme 36
2.6. 'n Veranderde samelewing: Namibië 39
2.6.1. 'n Nuwe tydperk in Suidelike Afika 39
2.6.2. Politieke oorgangsituasie 41
2.6.3. Negatiewe ekonomiese situasie 41
2.6.4. Toenemende sosiale verbrokkeling 42

2.6.5. Die invloed van die kerk in Namibië 44
2.6.6. Kerklike verhoudings in Namibië 45
2.7. Samevatting 46

**Hoofstuk 3: Die kerk as dienskneg** 47

3.1. Algemeen 47
3.2. Die NG Kerk in Namibië en diens 48
3.3. 'n Nuwe verhouding kerk-wêreld 50
3.4. Skrifgetuienis oor die kerk as dienskneg 53
3.5. Moderne ekklesiologieë 56
3.6. Redes waarom diè model belangrik is 58
3.7. Moontlike eensydighede in die benadering 64
3.8. Samevatting 65

**Hoofstuk 4: Strukture en strategieë vir diens** 66

4.1. Inleiding 66
4.2. Die visie op God, die kerk en die wêreld 67
4.3. Spiritualiteit 70
4.4. Die kontekstualisering van die evangelie 71
4.5. Die verhouding ampsdraers- lidmate 73
4.6. Die hervorming van leierskap 76
4.6.1. Die karakter van die amp 77
4.6.2. Die funksies van die besondere ampte 79
4.6.3. Die styl van leiding 81
4.7. Diensmoontlikhede in die gemeente 83
4.8. Lidmate se dienswerk in die samelewing 87
4.9. Toerusting en vorming van die amp van gelowige 92
4.10. Die kerk en kleiner groepe 94

4.10.1.Die kerk as 'n netwerk van verhoudings- koinonia 94

4.10.2.Kleingroepe en die moderne mens se behoeftes 95

4.10.3.Basisgemeenskappe 96

4.10.4.Selgemeentes 98

4.10.5.Kleingroepe en diens 101

4.11. Struktuurmoontlikhede 103

4.11.1.Verhoudings tussen indiwidue 104

4.11.2.Verhoudings tussen groepe 104

4.12. Die kerk in breër verband 108

4.12.1.Konferensies 108

4.12.2.Ekumeniese samewerking en kerkeenheid 111

4.13. Samevatting 113

**Hoofstuk 5: Konklusie** 114

**Bronnelys** 118

## Opsomming

Hoe kan die kerk, spesifiek ook die NG Kerk in Namibië, gestruktureer word om werklik relevant te wees in 'n samelewing waarin soveel veranderinge plaasvind?

Eers word gekyk na die Praktiese Teologie as navorsing rondom die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie; 'n definisie wat werk met 'n bepaalde verhouding tussen kerk en wêreld. Daarna word die groot sosiale, staatkundige en godsdienstige veranderinge in die samelewing bespreek waarin die kerk hom bevind. As antwoord op die vraag: "watter kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie kan van die kerk 'n wesenlike faktor vir die evangelie in die wêreld laat wees?", bespreek hoofstuk 3 dan die moontlikhede wat die model van die *kerk as dienskneg* inhou vir die kerk se invloed en rol in die samelewing. Die laaste hoofstuk wys veral op die belangrike rol van lidmate en kleingroepe in die strukturering van die kerk om so 'n dienskneg-kerk te wees.

**Summary**

How can the church, particularly the Dutch Reformed Church in Namibia, be structured to be truly relevant in a society where so many changes occur?

Chapter 1 concerns Practical Theology researching communicative acts in the service of the gospel; defining a specific relationship between the church and the outside world. This is followed in Chapter 2 by a discussion of the churches' role regarding the enormous social, political and religious changes in society. In reply to the question: "which actions of communication in service of the gospel can assist the church to be a substantial factor to promote the gospel in the world?", chapter 3 looks at the possibilities that the model of the *church as servant* has for the influence of the church in the society. The last chapter refers particularly to the important role of laity and small groups in the structuring of the church to serve the community.

Church and society; secularism; servant church; church structures; service community; laity; small groups; pneumatology; church unity.

# HOOFSTUK 1

# TUSSEN OPENBARING EN ERVARING: VOORVRAE IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

## 1.1. INLEIDING

Die hoofstuk begin met sekere voorvrae in die Praktiese Teologie. Eers word gekyk na die veld van ondersoek in die Praktiese Teologie, dan na die verwante teorie/praxis verhouding en die Praktiese Teologie se verhouding tot ander sosiale wetenskappe. Dit is uiteraard belangrik met die oog op die metode wat in hierdie verhandeling gebruik word. Hierdie hoofstuk is verder ook van belang vir die verhandeling in die sin dat dit in die vraag na die relevansie van die kerk in die wêreld ten diepste gaan om 'n bepaalde posisionering van die kerk tov sy verhouding met die wêreld. Die siening van die kerk se plek in die wêreld gaan ten diepste om die God-mens verhouding, die wyse waarop God in die wêreld werksaam is, die verhouding tussen die "wêreld van God" en die "wêreld van die mens". Dit hou verband met die siening van wat teologie is. Dit, asook die konteks van waaruit die verhandeling geskryf word, nl. die NG Kerk met 'n bepaalde gereformeerde tradisie wat beïnvloed is deur metodisme en piëtisme met sy eie beklemtoning van die verhouding tussen kerk en wêreld (Van der Watt 1980: 15-27), het tot gevolg dat ek die eerste deel van die hoofstuk in 'n tweede deel meer sistematies (dogmaties) wil begrond. Die hele teologiese gesprek rondom die verhouding tussen God en mens en daarom tussen die kerk en die wêreld, is vir hierdie verhandeling van belang, en basiese uitgangspunte hier dien as vertrekpunt vir die res van die studie.

## 1.2. PRAKTIESE TEOLOGIE AS HANDELINGSWETENSKAP

Die siening van wat teologie is en hoe ons teologies besig kan wees, is in die geskiedenis in 'n groot mate bepaal deur die siening van die verhouding tussen die "wêreld van God" en die "wêreld van die mens". Vanuit die skolastieke denke was hier tradisioneel sprake van 'n groot afstand, 'n kloof, 'n dualisme tussen God en werklikheid, 'n benadering wat in die Praktiese Teologie van die moderne tyd veral in die kerugmatiese sielsorg

van E Thurneysen gestalte gekry het (Louw 1993:7-9). Ook J Adams se "noutetiese beraad" maak 'n skeiding tussen die soteriologie en skeppingsleer, met 'n dualistiese ondertoon (Louw 1993:12). In hierdie subjek-objek denkskema moet die Praktiese Teologie telkens kies om of vanuit die openbaring of vanuit die werklikheid te werk, wat verlammend op die betekenis van die teologie ingewerk het (Van Niekerk 1985:78). Baie van die besinning in die moderne Praktiese Teologie is juis pogings om getrou te wees aan God en Sy bedoeling met die mens en die mens en sy situasie. Ons sien dit bv. in die hermeneutiese benadering in die teologie wat tans baie veld wen.

In verskillende geloofstradisies en in verskillende tye in die geskiedenis, is daar verskillende antwoorde gegee op die vraag na die veld van ondersoek in die Praktiese Teologie. So is daar in die verlede veel klem gelê op die formele handelinge van die pastor in die Praktiese Teologie (Heyns 1990:2). In die gereformeerde tradisie is weer klem gelê op die openbaring van God in die Woord as die objek van studie vir die teologie, ook die Praktiese Teologie (Jonker 1981b:41).

Die besondere openbaring alleen kan egter nie volledige insig in die werklikheid gee nie. L Bopp het in 1937 reeds gesê pastoraal teologiese uitsprake kan nie uitsluitlik langs deduktiewe weg, deur afleiding uit die openbaring, verkry word nie (PTH400-5 Studiegids 1989:79). Die praxis en ervaring speel ook 'n rol. Die reële, konkrete werklikheid is ook vervleg in die proses van die self- vervulling van die kerk (Handbuch der Pastoraltheologie). Empiriese ondersoek is ook nodig vir 'n betroubare analise van die situasie twv. die teorievorming. Van der Ven (1993:65) noem die algemene funksie van die kerk "religieuse kommunikasie", iets wat in tussenmenslike verhoudinge gebeur. Die gemeente-praxis geskied tyd-ruimtelik, dws dit is direk verbonde aan die sosiale en kulturele omgewing (Dreyer 1993: 223). Sonder praktykkennis kan die teorieë oor gemeentepraxis werklikheidsvreemd word. Verder is daar ook 'n verskil tussen die normatiewe ideaal vir die gemeente en die werklike situasie van die gemeente (Dreyer 1993:223). Die pad na die ideaal is nie outomaties nie, maar God gebruik menslike handelinge om hierdie groei of verandering te "bestuur". Die

veld van die menslike wêreld en handelinge verskyn so op 'n strukturele nuwe wyse op die horison. So wil die Praktiese Teologie werklik praktiese wetenskap wees en nie maar net toepassing, bemiddeling, verbinding nie.

G Krause het in 1967 voorgestel dat Praktiese Teologie as 'n "handelingswetenskap" gesien moet word. Die term kom van Schelsky wat daarmee verwys het na 'n soort wetenskap wat in sy teorievorming ook oop is vir gevolgtrekkings wat op grond van menslike handelinge gemaak is en wat op handelinge afgestem is, geesteswetenskappe wat menslike handelinge bestudeer (Heyns 1990:41). Volgens Janson (1982 :321) het die benadering die verdienste dat dit ruimte skep om met optrede en gedrag besig te kan wees. Die praktyk kan nou van meet af aan 'n groter rol speel in die ganse teologie. Spiegel, Schröer en Lefebre het gepoog om te wys hoe die kategorie "handeling" betrek is op geloof en die totaliteit van menswees maar dan ook aandag gevra vir die eiesoortigheid van die pastorale handeling. Heyns (1990:15-19) beskryf 'n aantal moontlike geloofshandelinge en handelingsvelde in die kerklike bediening. Die handelingswetenskaplike benadering maak dit moontlik dat die optrede van almal wat hulle self Christene noem, die praktyk van Christene in geheel, in die fokus van die Praktiese Teologie kom.

Die teologie is nie net 'n ondersoek na God se openbaring soos in die Skrif gegee is nie, maar ook na die realisering en voortgang daarvan in die wêreld, die manier waarop die openbaring "deur die Woord en Gees van God in die lewens van mense verstaan word en betekenis kry" in die kerklike dienswerk (diakonia) (Jonker 1981b: 38,39). Hoewel Jonker ietwat 'n ander klem wil lê, is daar myns insiens tog 'n gelykluidendheid tussen bg. aanhaling en Firet se premisse dat die amptelike bediening intermediêr is vir die koms van God in Sy Woord na die mens (Firet 1977: 25). God kom na die mens toe, en in hierdie koms van God word die mens nie uitgeskakel nie, maar tree die mens juis bemiddelend op. In die aanvaarding hiervan lê dit dan opgesluit dat die "ondersoek na gebeure tussen God en mens na sy strukture en funksies, vir sover dit geskied in die spanningsveld van tussenmenslike verhoudings", maw. die

gebeure waarin God leer ken word, teologiese ondersoek is (Pieterse 1981: 145). Vir Firet (1977: 24) is die taak van die Praktiese Teologie om die stuktuur van die koms van God in Sy Woord te ondersoek en die dinamiek waarin die mens in die proses betrek word. Dit gaan dus om intermediêre menslike handelinge as veld van ondersoek in die Praktiese Teologie. Van der Ven (1993:9) sluit ook hierby aan as hy sê dat die voorwerp van die Praktiese Teologie sedert 1974 met die verskyning van "Praktische Teologie heute" ter herdenking van die 200 jarige bestaan van die Praktiese Teologie as universiteits vak, die praxis van die kerk in die konteks van die hedendaagse maatskappy is. Ook Burger (1991c:84) meen dat teologiese refleksie nie net "'n bestudering van die Woord" is nie. Dit is studie van die Woord, en die Woord is ook die "finale bron en gesag" (1991c:84) vir die Praktiese Teologie. Maar Praktiese Teologie is refleksie oor die heilswerk van die Heilige Gees in die wêreld soos dit in mense se lewens verwerklik word. Pieterse en Heyns (1990) sluit hulle ook aan by die benadering dat dit in die Praktiese Teologie om die handelinge gaan wat ten dienste staan van die deurgee van die spreke van God, die koms van God in Sy Woord na mense. Die Skrif en die konkrete situasie moet deur dialogiese konfrontasie tot sintese gebring word (Pieterse 1981: 147). Vir Louw (1993:15) is die integrasiepunt tussen openbaring en menslike ervaring die ontmoetingsgestalte van die evangelie self en die inwonende werksaamheid van die Gees. "En die Gees werk deur die skepping en via mens" (Louw 1993:15). Die implikasies hiervan is dat die praxis van die kerk verhelder moet word deur teologiese èn sosiologiese begrippe. Vanuit die sosiologie word die kerk benader as vanuit die gesigshoek van 'n groep, 'n netwerk van verhoudings, 'n gemeenskap, 'n vereniging, 'n beweging, 'n organisasie, 'n bedryf, dinge wat lig kan werp op bepaalde fasette van die kerk (Van der Ven 1993:12). Vir Louw (1993:69) maak die empiriese moment deel uit van die prakties teologiese navorsing, en dan wel as "kontrole-meganisme en metinginstrument ten einde die pastorale bediening noukeuriger en betroubaarder op die praktyk van die geloofslewe af te stem". Daar bestaan nie konkurensie tussen die sosiale aspekte van die kerk en teologiese aspekte daarvan nie: "Wat de mensen in het sosiaal verband van de kerk doet en wat God in die kerk

doet, mag en kan niet van elkaar worden afgetrokken......ze vorm niet elkaars ontkenning, niet elkaars tegendeel" (Van der Ven 1993:13). God handel in en deur menslike sosiale handelinge, "echter zonder daarin op te gaan; zonder zich daarin uit te putten" (Van der Ven 1993:47).

Metodes wat in die Praktiese Teologie as handelingswetenskap gebruik word, hou dus ook verband met die empiriese metodes van die sosiale handelingswetenskappe (Pieterse 1993:25).

## 1.3. DIE KOMMUNIKATIEWE AARD VAN KERKLIKE HANDELINGE

'n Mens sou bg. ook verder kan kwalifiseer deur te sê dat die empiriese werklikheid van menslike handelinge waarin die evangelie gekommunikeer word, ook veld van teologiese ondersoek is. Die kommunikatiewe aard van pastorale handelinge as omskrywing van die gronddimensie van die handelinge word wyd aanvaar. Een konsensus wat die afgelope jare na vore gekom het, is dat dit in die Praktiese Teologie gaan om die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Pieterse 1993:3)[1]. In die lig van die kommunikasie gebeure tussen Woord en mens, is "Praktiese Teologie die hermeneutiek van die aard en struktuur van die kommunikasiegebeure tussen God en mens" (Hendriks 1990: 20) vir sover dit geskied in die spanningsveld van tussenmenslike verhoudings. Wolfaardt (PTH400-5 Studiegids 1989: 165) sê: "Teologie is in sy kern 'n ontwikkeling van die oortuiging dat die kommunikatiewe praxis van subjekte ook 'n teologiese dimensie het". Effektiewe bedieningsstrukture is nodig wat optimaal die Woord kan kommunikeer. Dit gaan dus steeds om die handelinge wat deur die saak van Jesus gestempel is, die Christelik-kerklike handelinge in die raamwerk van die Koninkryk, maar dan vanuit die veelsêggende hoek van kommuniktiewe gebeure wat deur die Praktiese Teologie bestudeer moet word. Terwyl die woord van God die primêre invalshoek is, werk die woord nie los van die skepping om nie. "Die woord voer nie 'n eie homiletiese bestaan los van die kommunikasieproses van die menslike woord nie" (Louw 1993:12). Pieterse (1993:6,7) verduidelik hoe dat hierdie kommunikatiewe handelinge in diens

---


[1]Vgl. ook Firet soos aangehaal deur Burger 1991c:12.

van die evangelie die totale omgang, verhoudinge, reaksies en optrede in woord en daad tussen gelowiges uitdruk. Die geloofshandelinge, of meer spesifiek die christelik-kommunikatiewe handelinge, gaan verder as net bloot kerklike handelinge; dit sluit ook handelinge in die breë samelewing in (Pieterse 1993:46). Volgens Pieterse (1993:48) kan die formele objek van die Praktiese Teologie as volg omskryf word: "die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie wat in die spanning tussen ideaal en werklikheid geskied, en wat as mediale handelinge ten doel het om geloof deur te gee asook kommunikatiewe geloofshandelinge te bevorder. Prakties teologiese ondersoeke het ten doel om hierdie praxis te verbeter". Wolfaardt (PTH400-5 Studiegids 1989: 192) omskryf die benadering tot Praktiese Teologie as die teologiese teorie van kommunikatiewe handeling met die taak om die fundamentele uitsprake oor die struktuur van die Christelike handelinge te interpreteer in die lig van navorsing oor die konkrete vormgewing aan sulke handelinge.

Die saak waarop in hierdie verhandeling 'n antwoord gegee moet word, is die vraag na daardie kommunikatiewe handelinge in belang van die evangelie, wat die kerk in staat kan stel om sy roeping in die wêreld te vervul. Hoe sal die gemeentelike strukture aangepas moet word en wat sal die kerk moet doen, in die kerk en in die breë samelewing, om 'n invloed uit te oefen in 'n samelewing wat skynbaar toenemend evangelie-onvriendelik is? Naas die evangeliese bronne, sal die kerk hom ook deeglik moet laat beïnvloed deur hierdie spesifieke samelewing as hy enigsens relevant wil wees in die wêreld.

Daar is egter teoloë wat wel openheid het vir die informering deur die empiriese gegewene, maar wat huiwerig is om van Praktiese Teologie as 'n handelingswetenskap te praat. Die voorbehoud hou veral verband met die feit dat die uitgangspunt van die handelingswetenskappe die moontlikheid bevat dat die menslike en binne-wêreldse situasie konstituerend kan raak vir die verstaan van die werklikheid. In die lig van die bespreking tot hiertoe blyk dit dat die bestudering van bepaalde soort handelinge van mense, waarvoor die handelingswetenskaplike benadering ruimte maak, nie noodwendig teenoor die teologie

staan nie. 'n Belangrike gesigspunt waaraan vasgehou moet word, is dat dit in die Praktiese Teologie ten diepste gaan om die handelinge van God. God kom nog steeds na die wêreld (Firet), deur Sy Gees, deur die handelinge van die apostels, ook deur die handelinge van mense vandag as Sy tussengangers. In hierdie "praxis van God" (Böhren) word die menslike praxis betrek en kom dit in die gesigsveld van die Praktiese Teologie. In hierdie benadering sal die feit dat die Woord van God soos dit na ons kom in die Heilige Skrif normatiewe betekenis het, onverwaterd gehandhaaf moet word. Dit gaan nie hier om verouderde denkpatrone nie, maar om geloofskeuses. Dit beteken ook nie dat teologie nou onprakties word nie, maar dit maak erns met die feit dat God se werklikheid bepalend insny in die mens se werklikheid (ons dink hier aan Barth wat gesê het dat net prakties aan God gedink kan word). Dit gaan nie oor natuurlike aanknopingspunte tussen natuur en genade nie, maar om 'n "insprekingspunt", om die pneumatologiese inwoning of inlewing van God in die mens (Louw 1993:19). Hier kan die onderskeid wat C Krieg in die begin van die eeu gemaak het tussen beginsels wat onaantasbaar is, en die teorie wat in kritiese wisselwerking met die praxis staan, asook H Schröer se onderskeid tussen teologie en teorie, van waarde wees. Die Praktiese Teologie moet steeds 'n teologies-verantwoorde teorie van die praxis wees. Heyns (1990:47) stel die wisselwerking tussen teologie (my verstaan van die Skrif) enersyds en teorie en praktyk andersyds soos volg grafies voor:








Fig.1 Fig. 2

Figuur 1 wil reg laat geskied aan die gesag van die Skrif as openbaringsbron en dui die wisselwerking tussen teologie en teorie en praxis aan. Figuur 2 wil aandui dat die wisselwerking tussen teologie en praxis hoofsaaklik via die teorie geskied. Vanuit die Skrif as openbaringsbron en die praxis as kennisbron word insette gelewer met die oog op teorievorming. Omdat die werklikheid die ruimte is waarin God werk, is daar ook grense

aan die teorie. Hieruit blyk dat handelingswetenskaplike teorieë nie net so oorgeneem kan word nie. Dit neem egter nie weg dat wisselwerking tussen teologie enersyds en teorie en praxis andersyds deel moet wees van die prakties-teologiese arbeid nie.

Die teologiese eiesoortigheid en gehalte van die vak word verseker deur die feit dat dit steeds gaan om die handelinge wat in diens van die evangelie staan (Heyns 1990:7). Dit is handelinge wat die koms van God na die wêreld dien. Louw (1993:7) praat van die konsep "woordgebeure" en "kommunikasie van die evangelie" waaraan vasgehou moet word. Dit gaan dus om 'n bepaalde perspektief op menslike handelinge, en wel 'n eskatologiese perspektief. Ook vir Pieterse (1993:5) is dit belangrik dat die Praktiese Teologie as handelingswetenskap staan in die lig van die "voorgegewe sin", nl die "werklikheid en die praxis van God". Hy is die een wat deurgaans die inisiatief neem en in Sy liefde na ons toe kom deur mense wat Hy deur die Gees inskakel in Sy werk. Omdat dit in die Praktiese Teologie ten diepste gaan om die handelinge van God, gaan dit nie in die eerste plek om korrekte handelingsmetodes nie, maar om die diepte struktuur van die handelinge. Die heenwysende, wêreld oopmakende betekenis van intermediêre handelinge moet in die Praktiese Teologie voorwerp van studie wees. Agter die ontmoetingsgebeure tussen mense is daar die ontmoetingsgebeure tussen God en mens (Pieterse 1993:6). Die kommunikasie van die evangelie is ten diepste die kommunikasie van God met die mens. Die kommunikasiegebeure self is nie die heil nie, maar bemiddel die heil van God (Louw 1993:21). "Die moontlikheid om hoegenaamd as kritiese teorie te kan funksioneer, word juis moontlik gemaak deur die normatiewe element van die evangelie wat 'n inherente deel vorm van die Praktiese Teologie" (Pieterse 1993:114).

Ons het reeds melding gemaak van die hermeneutiese aspek in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens. In die hermeneutiese benadering gaan dit veral om die interpretatiewe dialoog tussen die teks en konteks van die Skrif en die teks en konteks van die huidige ervarings (Pieterse 1993:19-31). Louw (1993:70-88) gee heelwat aandag aan die sg. hermeneutiese benadering tot die

Praktiese Teologie. Hiervolgens word daar nie gesoek na 'n oplossing van die spanningsverhouding tussen God en mens op ontologiese vlak nie, maar word daar eerder gevra na die betekenis van die verbondsmatige ontmoetingsgebeure tussen God en mens. Hier word gewerk met 'n dialogiese verhouding tussen God en mens waarin daar nie 'n antitese tussen God en mens is nie, maar die een ook nie in die ander opgaan nie. Teologie is hiervolgens 'n interpretasieproses/vertolkingsgebeure oor die betekenis of sin van die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens soos geopenbaar in die Skrif en die implikasies van hierdie ontmoeting vir die mens, die kerk en die skepping in geheel (Louw 1993:77). Hierdie implikasies wil sê dat die teologiese basis nie los gedink word van die praxis van kommunikatiewe geloofshandelinge nie (Louw 1993:77).

## 1.4. TEORIE/PRAXIS VERHOUDING

Teorie in die Praktiese Teologie is die bespreking en besinning oor die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, en die beplanning vir die bevordering van die handelinge. Die praxis is dan die kommunikatiewe handelinge self deur enkelinge of groepe in kerklike of samelewingsverband (Heyns 1990:29). Daar bestaan twee gevare: 'n teorie kan spekulatief bly; dit wil op 'n kognitiewe vlak bo-tydelike waarhede postuleer, dit hou nie rekening met die voorhande werklikheid nie. Dit bring nie die praxis in berekening nie. Aan die ander kant kan 'n teorie weer so vanuit 'n praktyk bepaal word, dat dit daartoe lei dat die bestaande praxis behou word sonder kritiese refleksie. Die tradisionele praxis is deurslaggewend en soek net na 'n gepaste teorie. Tussen hierdie twee pole word die hele teorie/praxis debat gevoer.

Een van die redes vir die belangstelling in empiriese gegewene is die resultate van empiries-sosio-teologiese ondersoek wat wys op die werklikheidsvreemdheid van tradisionele teologiese opvattings (Heyns 1990:45; PTH400-5 Studiegids 1989: 171). 'n Verbandhoudende gevolg van die metafisiese splitsing tussen God en mens, die kloofdenke van die subjek-objek dualisme, is dat die teorie\praxis verhouding voor wesenlike probleme te staan kom (Louw 1993:61). In 'n teologie wat werklikheidsvreemd is,

is daar nie genoegsame bemiddeling van teorie na praxis nie, wat dus 'n vassteek in teorie tot gevolg kan hê, of dan 'n teorielose (teologielose) praxis. Die oorbrugging van die skynbare horisontale\vertikale afstand in die teologie, bring met hom ook 'n besef van die praktiese gerigtheid van die ganse teologie. Sonder om noodwendig die weg op te gaan van teoloë soos Tillich met sy korrelasie-teologie wat God as die Grond van die Syn beskou, of die klinies pastorale beweging in Amerika wat in sy radikale vorm die Bybelse gedagte van verlossing gelykstel met psigoterapeutiese genesing, sal die teologie erns moet maak met die empiriese werklikheid as 'n werklikheid waarmee God ontsettend ernstig is. Geloof is 'n saak van lewenspraktyk en nie net kennis nie. As teologie in sy wese besinning oor geloofspraxis is, kom daar 'n nuwe verhouding tussen teorie en praxis tot stand, 'n verhouding van samehang, wisselwerking, kritiese inwerking waarin Praktiese Teologie die noodsaaklike besinning doen oor die realisering van 'n praktiese teorie.

Verskeie modelle wil die teorie/praxis verhouding sien as 'n verhouding van kritiese interaksie, van opbouende wisselwerking. Dit wil reg laat geskied aan die teorie en die praxis. Die teorie word nie as onaantasbaar beskou nie, maar kan deur die ervaring beïnvloed word. In die "Handbuch der Pastoraltheologie" (1963-1969) is die uitgangspunt dat die teorie en praxis voortdurend vormend op mekaar inwerk. Hier voer die teorie egter die botoon, dit bly bepalend. Daar word heelwat verwys na Zerfass se kringloopmodel (Heyns 1990:39) wat ook aansluit by Caldwell se hermeneutiese model. Die basiese verloop is dat begin word by die situasie, die bestaande kerklike praktyk, waarvoor kennis van die metawetenskappe onotbeerlik is vir 'n situasie analise. In die teorievorming word die insigte van die psigo-sosiale wetenskappe, maar ook die Skrif en teologiese tradisie gebruik, om dan by 'n gekorrigeerde praxis te kom. Die prakties teologiese teorievorming moet die diskrepansie tussen dit wat is en dit wat behoort te wees, oplos deur die kringloop van ou praxis-teorie-nuwe praxis. Praxisbetrokkenheid is noodsaaklik vir verdere teorievorming. Die voortdurende kritiese wisselwerking tussen teorie en praktyk is vir Van Niekerk

(1988: 254) die wese van Praktiese Teologie. Hierdie kritiese wisselwerking word ook omskryf met die begrip "bipolêre spanningsverhouding" (Heyns 1990:35). Heyns verduidelik die verhouding tussen teorie en praxis met behulp van 'n ellips waarin altwee selfstandig bly, maar tog in 'n voortdurende wisselwerking verkeer (1990:34).

Behalwe dat die teorie krities moet wees in die lig van normatiewe standaarde wat bepaal word deur die paradigma van Jesus, sal dit ook samelewingsgeoriënteerd moet wees. In die hermeneutiese benadering gaan dit veral om die krities-korrelatiewe uitwisseling tussen die teks en konteks van die tradisies en die teks en konteks van die huidige ervarings (Pieterse 1993:19-31).

## 1.5. VERKRYGING VAN WETENSKAPLIKE PRAKTYKKENNIS.

Die normatief-deduktiewe benadering in die Praktiese Teologie van die afgelope 200 jaar in die Westerse wêreld en in ons land werk met teologiese beginsels wat in die praktyk toegepas moet word. Hierdie benadering maak dit nie moontlik om na die handelinge van gelowiges te kyk soos dit werklik plaasvind nie, en voorafingenome standpunte word nie beïnvloed deur die empiriese werklikheid nie (Pieterse 1993:35). Die siening van Praktiese Teologie as pastorale teologie wat nie met 'n geslote sisteem werk nie, het bygedra tot 'n groter openheid vir interdissiplinêre dialoog. Ook in tye wat daar 'n groter bewuswording van die mens en sy omstandighede ontstaan het, is die geesteswetenskappe ingesluit in die teorievorming van die Praktiese Teologie. Dit staan teenoor bv. die kerugmatiese sielsorg waarin min aandag vir die menslike situasie was. Die verkryging van die resultate van ander wetenskappe vir prakties teologiese teorievorming, word die multidissiplinêre model genoem. Vir Van Niekerk (1985:79) en Pieterse (1981: 142) is kennis van die "hulpwetenskappe" (menswetenskappe) noodsaaklik in die pastorale gebeure. Pieterse het dit weliswaar later meer omskryf en duideliker gestel (1993). Belangrik vir die teorievorming van die vak is wanneer gebruik gemaak word van sosiale- en handelingswetenskaplike teorieë (bv. by Lehmann). As Jonker (1981b:34) vir Firet gelykgee dat die Gees van God

nie gestuur is om die werk van mense oorbodig te maak nie, maar om dit moontlik te maak, sê hy dat dit met reg van die diakonologiese vakke verwag word dat hulle die kerk moet dien met soveel kennis as moontlik van die mens en sy wêreld sowel as van die kommunikasieproses waarvan daar in die oordrag van die Woord van God sprake is. Volgens Jonker (1981b:40) sluit Praktiese Teologie "aspekte van die hermeneutiese vraag in, maar ook aspekte van die stof wat in die menswetenskappe, die handelingswetenskappe en veral die kommunikasiekunde ter sprake kom"

Die gevaar bestaan dat die steun vir die teologiese praxis op teorieë wat van ander wetenskappe geleen is, die prakties teologiese teorie sy eie aard ontneem en bloot 'n mededinger vir ander psigologiese en kommunikatiewe praktyke word. Die verskil in benadering en bedoeling tussen teologie en ander wetenskappe is ook soms net te groot om die resultate daarvan sinvol te kan gebruik. Die Praktiese Teologie word ook maklik so afhanklik gemaak van die ander wetenskappe. Wolfaardt het ook kritiek teen die gebruik van die resultate van ander wetenskappe bloot as hulpwetenskappe. Ook die gedagte van 'n eie proprium of 'n koalisie versterk die gedagte van 'n digotomie tussen godsdiens en wetenskap; 'n spanninglose vervlegting van die twee is ook onaanvaarbaar, daarom pleit hy vir 'n verhouding van "dialekties koöperatiewe samewerking". (PTH400-5 Studiegids 1989: 177.) Die soort samewerking word die interdissiplinêre model genoem. Dit hou in dat die Praktiese Teologie navorsing saam met ander wetenskappe aanpak as gelyke gespreksgenoot (Pieterse 1993:38). Sonder om die interdissiplinêre metode agter te laat, word daar al meer beweeg na 'n derde vorm van samewerking, wat die intradissiplinêre model genoem word (Pieterse 1990:117; Dreyer 1993:230). Hier verkry Praktiese Teologie kennis deur empiriese navorsing selfstandig te doen. Die Praktiese Teologie maak gebruik van empiriese navorsingsmetodes van die sosiale wetenskappe om teologiese teorieë daar te stel. Meer subjektiewe teologiese uitgangspunte speel van die begin af 'n bepalende rol in die teorieë (Dreyer 1993:230).

Die siening van Praktiese Teologie as navorsing rondom

kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, hang direk saam met en word moontlik gemaak deur die siening van die plek wat menslike handelinge inneem in die werk van God, maw met die wyse waarop God werksaam is in die wêreld, met die verhouding tussen genade en natuur, die Koninkryk van God, die verbond, die betekenis van die inkarnasie van God en die pneumatologie. Ek gee vervolgens aan hierdie aspekte aandag, nie om volledig te wees nie, maar om die voorafgaande tog enigsins verder te begrond, ten diepste omdat dit in die vraag na die relevansie van die kerk in die wêreld gaan om 'n bepaalde siening van die verhouding tussen kerk en wêreld. Die wêreld is ook volledig ruimte waarin God werksaam is, al is dit so dat daar ook ander magte in die wêreld werksaam is. Die kerk staan juis in diens van die bedoeling wat God uiteindelik met die ganse skepping het.

## 1.6. DIE VERHOUDING GENADE/NATUUR.

Ek wil hier graag begin by die sg. dualistiese wêreldbeeld. Die uitgangspunt hier is dat die werklikheid uit twee dele bestaan, nl. die geestelike, bo-natuurlike deel van die lewe, en die aardse, gewone sigbare lewe. Hierdie siening met sy oorsprong in die heidendom het geweldige negatiewe gevolge vir die Christendom gehad. 'n Deel van die werklikheid is onder God se beheer, 'n God wat onbereikbaar en verhewe is, en net van tyd tot tyd in die aardse lewe ingryp ("a act of God"). Die res van die werklikheid is onder die mens se beheer, en hier kan die mens onafhanklik van God lewe. Die kerk word as die geestelike instelling gesien wat sorg vir die mens se geestelike behoeftes, soos redding en geestelike groei. Die ander instansies in die samelewing sorg vir die ander behoeftes van die mens. Potgieter (1995:210) noem enkele gevolge van diè beskouing:

- *Die geloof in God word tot die kerklike of geestelike aspek van die lewe beperk.
- *Die bevryding en die veranderende krag van die evangelie word nie werklik ervaar nie.
- *Die samelewing word nie werklik geraak nie.
- *Die appèl van die evangelie word verswak
- *Indien die bose nie totaal ontken word nie, is die mag

wat aan hom toegedig word, buite verhouding
*Waar lewensverandering benadruk word, kom wettisisme en onttrekking uit die wêreld voor.

Hierdie dualisme werk ook 'n dualisme tussen natuur en genade in die hand. Rome sien dit so dat die natuur nie so totaal verdorwe is nie, en die genade sluit aan by die natuur as 'n voltooiing van die natuur. Die natuur is weliswaar deur die sonde aangetas, maar net in die mate dat dit wat nie deur die genade "gewy" is nie, tweederangs is (Theron 1988:159).

Die gnostiek, en in 'n minder mate die doperse dwaling en piëtisme, is baie meer negatief teenoor die natuur. In variante vorme is die "syn" feitlik gelyk aan "sonde" en is daar geen aanknopingspunt tussen natuur en genade nie. Dit kan lei tot wêreldmyding of selfs aggressie teenoor die natuur (Theron 1988:159). Van Ruler sien soortgelyke tendense by sg. ultra-gereformeerdes (Theron 1988:160).

Rome, die Pelagianisme en ook Barth word weer soms daarvan beskuldig dat natuur en genade so saamval dat die natuur eintlik gelyk aan genade is. Veral tov Barth, vir wie die skepping begrond is in die genade, vra Theron (1988:160): "Dreig genade nie om so veelseggend te word dat dit niksseggend word nie?".

Die tipies gereformeerde stelling ivm die verhouding natuur en genade, is dat die teenstelling nie tussen natuur en genade is nie, maar tussen sonde en genade. Theron (1988: 157-158) haal in hierdie verband vir Heyns aan: ".......maar kortliks kom dit (verhouding natuur en genade) daarop neer dat God, soos Hy die God van genade is, ook die God van die natuur is, al het die sonde in die natuur ingedring. En nou bestaan die werking van die genade nie daarin dat die natuur opgehef of uitgeskakel word nie, maar dat die sonde uit die natuur gesuiwer word". Theron self gaan dan egter verder om daarop te wys dat die kruis van Christus dalk 'n meer radikale oordeel is oor die wêreld wat in sonde geval het. In aansluiting by Noordmans oordeel hy dat meer as net 'n herstel van die natuur nodig is, en word die natuur deur die genade her-skep. (Theron 1988:161.)

Die geskape werklikheid of die syn en sonde kan nie met mekaar geïdentifiseer word nie. Aan die ander kant laat die sonde ook nie die syn ongedeerd nie (Theron 1988:158), soveel so dat ons nou "van nature" geneig is om God en ons naaste te haat. Die gereformeerde teologie ken nie die abstraksie van 'n "suiwer natuur" wat "in sigself" goed is nie. Daar kan nie van die skepping en van die mens gepraat word, sonder om die werklikheid van die sonde in berekening te bring nie (Maris 1994: 27). Die sonde dui op die negatiewe verhouding waarin die natuur tot God staan. Daarteenoor is genade die bemoeienis van God wat die werk van Sy hande nie wil laat vaar nie. Die genade herskep die natuur, ast'ware weer 'n skepping van die Gees uit niks. Die kruis is dus 'n gerig oor die wêreld maar terselfdertyd ook 'n radikale verlossing - "As iemand in Christus is, is hy 'n *nuwe skepping*, die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor 5:17). Die kruis sê dat God ook die val van die skepping opvang in Sy genade. "Die inkarnasie beteken dat God die mens gevolg het in sy val en sodoende Self die breuk oorbrug het. Die kruis van Christus is die brug wat die gaping tussen aarde en hemel span" (Theron 1985: 48). Die genade van God is, volgens Theron, (1986: 197) terselfdertyd *vernietigend* en *vernuwend*. "Natuur en genade zijn in die kerk geen tegenstellingen. Zonde en genade moet men tegenover elkaar plaatsen. De zonde gaan even ver als de schepping en de genade even ver als de herschepping" (Noordmans 1979: 301). God die Skepper is dieselfde God as God die Verlosser. Hierdie "eenheid van het leven gaat pas open waar we Christus leren kennen" (Maris 1994:32). Juis langs die weg van skepping, sondeval, verlossing, kom ons tot 'n groter waardering van dit wat God in die skepping vir ons gegee het om te behartig en te gebruik, maar dan sonder om dit te verabsoluteer, sonder om dit die plek te laat inneem van die besondere openbaring. "Omdat sonde en syn nie dieselfde is nie, aanvaar die gelowige die lewe, maar omdat die syn ook nie bestaan sonder die sonde nie, aanvaar hy die lewe met voorbehoude" (Theron 1988:162). Vir Louw (1993:17) is die bipolêre spanning tussen openbaring en ervaring ook onophefbaar en dit kan nie tot 'n sintese of ewewig gebring word nie. Hierdie spanning beteken egter nie 'n diastase of dualisme nie. Daarvoor is die kruis te versoenend van aard, en die paradoks word deur die Middelaarswerk van Christus bymekaar

gebring. Die wesenlike vervreemding tussen God en mens is opgehef en God en mens is nou dialogies by mekaar betrek (Louw 1993:18).

Treffend is Theron se bekende beskrywings van die kerk as liggaam van Christus as brug tussen Koninkryk en kosmos. Die kerk as brug veronderstel 'n breuk. Deur wydsbeen oor die breuk te staan, verbind die brug maar hou ook uitmekaar. (Theron 1985: 45.) Die kerk moet die wêreld herinner aan God se ewigheid. En volgens van Ruler (aangehaal deur Theron 1985:47) is die ewige lewe onder meer "beschouwende en verrukte genieting van onsself, van onze gehele levenstijd, van de wêreld en van het totale historische proses. Alles wordt samengevat, alles wordt verlost, alles wordt voltooid, alles wordt verheerlijkt". Die kerk is juis die eskatologiese teken van die "nuwe skepping" (Theron 1985: 43).

Hierdie dubbelsinnige verhouding tussen Skepper en skepping word deur Theron (1985: 49) beskryf met die terme "Entsprechen" (ooreenstemming, samespraak) tov die feit van die vallende *skepping*, en "Widersprechen" (teenstrydigheid, teenspraak) tov van die feit van die *vallende* skepping. Heyns (1978: 370) praat in hierdie verband van *kritiese solidariteit* in die verhouding van die kerk tot die wêreld, wat neerkom op 'n *nee* vir "die deur sonde en dood gekwalifiseerde wêreld", en 'n *ja* vir "die deur God geskape en deur Hom verlosde wêreld". Omdat God die God van kerk en wêreld is, is kerk en wêreld *solidêr*. "Ook die wêreld-in- sonde is Gods eiendom" (Heyns 1978:370). Hy is steeds besig om die ganse skepping na Sy bedoeling te lei, selfs ook deur die sonde heen. God is werkend teenwoordig in die wêreld. "Die wêreld het ook aan die kerk iets te sê, want in die wêreld handel God ook en in die wêreld spreek God sy Voorsienigheidswoord" (Heyns 1978: 371). God openbaar hom in die natuur (Rom 1:20), in die geskiedenis (Psalm 33:10,11), in die menslike gewete (Rom. 2:14,15)[2]. Hierdie "algemene openbaring" is nie normatief ten opsigte van die herskeppingwerk van God soos wat ons dit in Jesus Christus vind nie. Hierdie openbaring is net as openbaring te begryp in die

---

[2] Oor die algemene openbaring, vlg.Heyns 1978:7-10

lig van (deur die bril van) die besondere openbaring, die Heilige Skrif. Die gedagte van 'n natuurlike teologie vanuit 'n natuurlike kennis van God, buite God se bemoeienis in Jesus Christus om, is dus nie aanvaarbaar nie. Heyns (1978: 15) wys Barth se aanname af, nl. dat die algemene openbaring noodwendig tot natuurlike teologie moet lei. Hy wys daarop dat Rome, E Brunner en HM Kuitert hulle skuldig maak aan 'n oorspanning van die algmene openbaring, in die sin dat die menslike rede instaat is om buite die besondere openbaring om tot God te kom (1978:15,16). Die sondeval en gebrokenheid van die skepping maak die besondere openbaring noodsaaklik (Heyns 1987:7,8). Daarom is die kerk wat buig voor die Woord, die kerk as 'n unieke, vreemde Gees - gemeenskap, steeds *krities* by die wêreld betrokke as teken van en venster op die "nuwe skepping".

Die besondere openbaring gee egter nie antwoorde op alle vrae wat na die mens toe kom nie. Juis in gehoorsaamheid aan Skrifbeginsels moet daar verder gevra en gesoek word na God se wil, verder gedink en geformuleer word, sodat die Christelike lewe gestalte kan kry in wetenskap, tegniek, politiek, ekonomie, kuns, ens. Die genoegsaamheid van die Skrif is 'n genoegsaamheid ten opsigte van die bedoeling of boodskap van die Skrif. (Heyns 1978: 33). Die Bybel is nie alles nie; Die Ryk van God is mèèr, en ook in Christus en by die kruis, gaan dit uiteindelik om diè Koninkryk.

Ook Jonker (1981a: 267) pleit juis daarvoor dat ons kan vashou aan die onderskeiding tussen die algemene en besondere werk van die Gees, omdat die onderskeiding tussen algemene en besondere genade nie opkom uit 'n teenstelling tussen natuur en genade nie, maar uit 'n teenstelling tussen sonde en genade. "In die gereformeerde teologie is nooit ontken dat daar 'n universele openbaring van God is en dat die wêreldgodsdienste en die hoogtepunte van die humaniteit in die wêreld in verband daarmee staan nie" (Jonker 1981a: 267). Sonder die besondere openbaring is dit egter onmoontlik om 'n ware kennis van God te hê en deel te hê aan die verlossing in Christus. Die hele kosmos is nie onties beslote in Christus se objektiewe genade op die manier wat Barth dit gesê het nie, maar alle genade, ook die algemene werk van die Gees, berus op die heilswerk van Christus (Jonker

1981a:268). Die werk van die Gees in die wêreld het ook direk betrekking op Christus (Jonker 1981a: 272). Dit wat Theron ivm die radikaliteit van die herskepping in Christus gesê het, word dus hier pneumatologies in 'n kosmiese konteks geplaas. Die onderskeid tussen algemene en besondere genade rus ook nie op 'n geringskatting van die aardse lewe teenoor die hemelse nie (Jonker 1981a: 269). Dit gaan hierin om die dualiteit (nie dualisme nie), die onderskeiding (nie skeiding nie) tussen die aardse lewe en geestelike lewe as ewige lewe met God.

Die breë opvatting van God se wil as dat Sy wil oor die ganse skepping heen strek, is 'n tipies gereformeerde lewensgevoel. "Deze wereld is ...als schepping van God, zegt Calvijn, als een boek vol schone letteren. Er zit harmonie in, er klinkt een lied uit op tot eer van die Schepper. Dat wij in zo'n wereld leven, is daaraan te danken dat God met Zijn schepping een verbond heeft gemaak. God laat de wereld funktioneren als een theater van Gods glorie" (Graafland 1974: 48).

> Die fundamentele spanning waarbinne gelowiges leef is nie die van skepping/natuur teenoor genade nie, maar van sonde genade. Daarom maak Gereformeerdes op een of ander wyse veel van die algemene genade. Dit beteken ook dat die natuurlike en organiese verbande waarbinne Gereformeerdes leef, van huwelik en gesin, ouerhuis en familie, gemeenskap, volk en staat, deel word van die seënende en sorgende hand van die Vader, dit word die beddings waarin die genade van die verbond groei. Die verbond beteken dat God hierdie verbande respekteer en benut, Hom in genade daaraan verbind en daardeur ook aan ons. Gelowiges word omgekeerd aan God verbind en tot verantwoordelikheid geroep in die verbond deurdat hulle in hierdie verbande die naaste moet dien. Om die rede is dit amper vanselfsprekend dat Gereformeerde vroomheid ook altyd 'n aardse, skeppingsmatige, kontekstuele gedaante sal aanneem....... In die feit dat God se geopenbaarde wil oor die ganse geskiedenis uitstrek, wortel die tipies Gereformeerde vertroue in die voorsienigheid van God.......In die feit dat God se geopenbaarde wil oor sowel skepping as geskiedenis

> uitstrek, wortel die tipies Gereformeerde oortuiging dat Gods wil ook - en dikwels in die eerste plek - in die samelewing gesoek en gedoen moet word.[3]

In aansluiting by die verbondsgedagte wat in die vorige paragraaf genoem is: in die verbond kry die mens deel aan die gemeenskap wat God stig, en word die mens bondgenoot van God. "Die ervaring van Gods genade binne die ruimte van die verbond lei ook tot die bewuswording van Gods majesteit en heerlikheid in die werke van sy hande, en open die bevrydende insig in die harmonie van al sy deugde vir sowel die soteriologiese as die kosmiese aspekte van Gods arbeid" (Heyns 1978: 8). Ook Heitink (1977:170) werk vanuit die verbond met die prinsipe van bipolariteit waarin die Goddelike en menslike sy van die werklikheid op mekaar betrek word met behoud van elkeen se eiesoortigheid : "God geeft er de voorkeur aan om menselijk, dws. na menslijke maat, met de mens om te gaan, binne de relatie van een verbond, waarin Hij de initiatiefnemer is en het eerste en laaste woord heeft". Die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens is dus van groot belang vir die deurbreek van 'n dualistiese wêreldbeeld. Vir Berkhof (1973) is die aandag vir die mens en sy eksistensie ook nie 'n nuwe saak nie. Vanuit sy verbondsmatige denke gaan hy so vêr om die mens "het doel van God" te noem, en die reformasie van die 16de eeu allereers sien as 'n radikalisering van die persoonlike verhouding van die mens tot God (1973: 442-447; Vgl. ook Runia 1986:140).

As Van Ruler (1978:110) praat oor die menslikheid van die evangelie, begin hy by die gedagte van die mens wat as beeld van God geskep is. Hier word die mens die spieëlbeeld van God waarin God sy eie wese uitdruk. Dit is 'n meer ontologiese en antropologiese kategorie as die "insidentele" van die verbond, dit hou meer verband met die skepping en die gang van die wêreldhistoriese proses. God neem die mens volkome ernstig op en Sy handelinge is uiteindelik gerig op die mens in al sy menslikheid. Die evangelie is die vervulling van die diepste en

---

[3]Dirkie Smit - *Gereformeerde vroomheid*, Voordrag gelewer tydens Werkgroep Praktiese Teologie, Oktober 1993 te Windhoek.

eintlike behoeftes van die mens (Van Ruler 1978:110). Volgens Theron (1984: 68) word God soms voorgestel as die mens se groot bedreiging, terwyl God eintlik die mens se groot bondgenoot wil wees. Golgota wys juis dat God die mens dood-ernstig opneem. *Soli Deo Gloria* beteken dan ook dat die eer vir heil van die mens, God alleen toekom.

## 1.7. KONINKRYK VAN GOD.

Daar het die afgelope jare in die teologie 'n herwaardering gekom van die feit dat kerk en wêreld in 'n groot mate in dieselfde bootjie is. Dit het duidelik geword dat die kerk die prestasies van die wêreld moet erken en op 'n nuwe manier by die wêreld betrokke moet raak as die kerk nog enigsens relevant wil wees tov sy roeping in die wêreld. As deel van hierdie ontwikkelinge het daar 'n nuwe perspektief op die roeping van die kerk tot transformasie van die wêreld in die lig van die Koninkryk van God gekom. Die Koninkryk van God is 'n nuwe orde waarin God alles in almal is (1 Kor. 15:28). Die heil wat Christus gebring het, die herstel van God se Koningskap, word pneumatologies deur die kerk bemiddel, en sluit die vernuwing van die samelewing en uiteindelik die ganse wêreld in. In die Koninkryk van God gaan dit om die totale heil van die ganse werklikheid wat as eskatologiese werklikheid op ons afkom (Jonker 1981a: 249). Die Koninkryk van God is daarop gerig dat Sy wil op aarde sal geskied. Sy heil is heil vir die hele skepping, want: "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here" (Ps. 24:1).

Die Koninkryk van God is niks anders as die binnedring van God in die geskiedenis (Van Ruler 1978 :35). Juis die onderskeid tussen die Christologiese en pneumatologiese gerigtheid van die ryk van God sê dat die inbreek van die ryk van God in die geskiedenis nie net christologies verstaan kan word soos Barth dit doen nie. Van Ruler (1978:37) sê: "De geschiedenis is dan te verstaan als troonsbestijging Gods" met die twee kante van menslike skuld en Goddelike versoening, soos dit saamgetrek word in die kruis. Die wêreld is dus ook 'n konstituerende moment in die ryk van God (Van Ruler 1978:47).

## 1.8. PNEUMATOLOGIE

Die werk van die Gees is so wyd as die skeppende, onderhoudende en verlossende werk van die drie-enige God (Jonker 1981a:264). Daar is reeds verwys na die onderskeid tussen die algemene of kosmiese werk van die Gees en die besondere of heilsbemiddelende werk van die Gees. Jonker (1981a:268) het beswaar teen die standpunt van die moderne werklikheidsopvatting wat al die werk van die Gees as Sy algemene werk wil beskou, en heil so gelykstel aan bloot aardse heil. Hy sê dat alle genade, ook die algemene werk van die Gees, gefundeer is in die kruisdood en opstanding van Christus, alle genade in die wêreld is Christelike genade. So kom die genade wat die natuur vernietig èn vernuwe, die kruis wat oordeel èn red, saam in die pneumatologie. Jonker (1981a: 248) wys daarop dat die werking van die Gees in die Protestantse teologie in die 20ste eeu meermale beperk is tot heilsindiwidualisme, met as voorbeelde die aanvanklike fase in die dialektiese teologie en die eksistensialistiese teologie van Bultmann.

Ten opsigte van die verhouding tussen natuur en genade, vra Versteeg (1978:112) die vraag of alles wat opkom uit die lewensdrif en spiritualiteit van die menslike natuur, die hele kultuur, afgemaak moet word as leuen en afgodsdiens, en of dit moontlik is om in die christelike geloof die vrugte of waarheids momente van die heidense eksistensie te omvat, te integreer? Hy meen dat wat christologies nie kan nie, pneumatologies wel kan. In die pneumatologie gaan dit om die toeëiening en toepassing van die volkome heil in Christus, wat in stukke en brokke plaasvind, en daarom om die mens wat nog deel is van hierdie gebroke wêreld. Die bedoeling van die besondere openbaring is nie om 'n passende bekroning van die gewone, die natuurlike wêreld en mens te wees nie - die Roomse sintese. Dit is ook nie bedoel om in die plek van die gewone aardse lewe te kom nie - die anabaptistiese antitese. (Versteeg 1978:143.) Die besondere openbaring lê daarin dat God self in ons werklikheid intree om ons te red uit die sondeskuld. So is die versoening, die heil, daarop gerig om in ons gewone menslike lewe in te gaan, om Sy wêreld en Sy mense al meer Sy

Ryk en Sy Beeld te laat vertoon. Versteeg (1976:26,27) wys daarop dat daar nie 'n teenstelling gemaak kan word van die leiding van die Gees en die oorwegings van die gelowige nie. Hy toon aan dat die Nuwe Testament nie so teenstelling ken nie. Ook in die amptelike werk in die kerk wil die Gees werk deur die werk van die gelowige. Van Ruler (1978:109) het veel gemaak van die antropologiese moment in die pneumatologie: "In het pneuma wordt de mens bijna spelenderwijs toegevoegd aan God, zonder dat dit ook maar in die verste lijk op synergisme". Die Gees kry ten volle menslike gestalte. "Het gehele pneuma krijgt gestalte in de humaniteit" (Van Ruler 1978:110). Die Gees en die gelowige se verhouding is van so aard dat die werk van die Gees en die werk van die gelowige nie teenoor mekaar staan nie, maar 'n eenheid vorm. "Als de Geest aan de gang is, is de mens als mens aan de gang" (Van Ruler soos aangehaal deur Versteeg: 1976:9). Van Ruler gebruik die begrip "teonome resiprositeit", maar Versteeg (1976:22) wys daarop dat daar geen taalkundige uitdrukking is wat reg laat geskied aan die "wondervolle in-elkaar en met-elkaar en door-elkaar van het werk van die Geest en het werk van de gelovige".

Dit beteken dat metodologiese vrae nie in teenstelling staan tot die werk van die Gees nie (Versteeg 1976:28,29). Versteeg (1976:29) haal ook vir Kuiper aan wat gesê het "dat we ons groot willen houden en met een beroep op de Heilige Geest onze onkunde inzake de methode verbergen". Omdat die Gees in en deur die gelowige werk, kan menslike, metodologiese vrae nie buite rekening gelaat word nie. "Wanneer de vragen naar de juiste methode bij het ambtelijk werk terzijde geschoven worden met een beroep op de Geest, betekent dat niets anders dan een vorm van docetisme met betrekking tot de Geest" (Versteeg 1976:29). 'n Teenstelling of spanning tussen metodiese voorbereiding en gebed om die Heilige Gees kan alleen maar "een kwestie van misverstand of gemakzucht" wees (Kuiper soos aangehaal deur Versteeg 1976:29). "De eenheid die ontstaat als de Geest de mens vervult is een eenheid van twee, die zeer nauw met elkaar verbonden zijn en die in die verbondenheid juist ten volle zichzelf zijn" (Firet 1977: 157). Hierby sê Versteeg (1988: 53): "De Geest blijft Geest, zodat er van een versmelting van die Geest met de mens geen sprake is. Aan die andere kant

blijft de mens ook mens, zodat er van een absorberen van die mens door de Geest evenmin sprake is". Dit is die Gees wat die mens in staat stel om as mens in vryheid, self willend en werkend, aktief en kreatief, te deel in God se werk (Versteeg 1988: 53). Die Bybel en wetenskap sluit mekaar nie uit nie. "Ook de wetenschap is een door God gegeven gave die in dankbaarheid teenoor Hem mag worden beoefend" (Versteeg 1988:12). Bepaalde wetenskaplike opvattings mag egter nie normatief word vir ons lees en verstaan van die Bybel nie (Versteeg 1988: 11-13).

As Veenhof (1986: 159-173) skryf oor die Heilige Gees en hermeneutiek sê hy dat die Heilige Gees se verligtingswerk tov die Skrif nie die afskaling of uitskakeling van eksegetiese metodes beteken nie. Ons kennis van God is 'n menslike kennis. Deel van hierdie menslikheid is ook dit wat tov moontlikhede en metodes tot ons beskikking is. Die Gees en menslike rasionele of kritiese vermoëns en metodes sluit mekaar nie uit nie of bedreig mekaar nie. Natuurlik sal daar krities en met voorbehoude na metodes gekyk moet word. Daar is goeie en slegte eksegese. Goeie eksegese hou oa in dat dit die evangelie van Jesus Christus dien. Goeie eksegese hou ook in dat sorgvuldig al die reëls van hierdie kuns in ag geneem sal word. "De Geest ontslaat ons nimmer van de inspanning" (Veenhof 1986:169). Wat van die eksegese geld, geld ook van teologie in geheel. "De wijze van werken van de Heilige Geest is juist, dat Hij aan mensen bevoegdheid en kracht geeft als mens God te dienen in zijn komen. De Geest maakt het met bewustheid en overleg optreden niet overbodig, Hij maakt dat mogelijk, doordat Hij daartoe de mens de vrijheid en verantwoordelikheid geeft" (Firet 1977:175). Volgens Van der Ven (1993:13) hef God die aktiwiteite van die mense in die kerk nie op nie, maar inspireert, intensiveert en oriënteerd"; hy noem dit die beginsel van die <u>immanente transendensie</u> van God.

"'n Aanpak van die Praktiese Teologie vanuit die pneumatologie het die wins dat daar op die manier oor dieselfde saak teologies en fenomenologies gepraat kan word" (Burger 1991c:85). Die Gees neem die mens in diens en doen Sy dienswerk in en deur mense. Daarom het God se heilsbemiddelende dade in

die wêreld 'n teologiese en 'n antropologiese kant. Dit gaan nie om twee gebeurtenisse wat geskei kan word of selfs kronologies op mekaar volg nie. Dit gaan om een gebeurtenis wat op twee maniere of vanuit twee perspektiewe bekyk, beskryf of beleef kan word (Burger 1991c:85). "'n Bepaalde gebeurtenis kan dus vanuit 'n teologiese kant bekyk en in teologiese taal beskryf word in terme van wat die geloof glo God of die Gees in die situasie gedoen het. Dieselfde gebeurtenis kan egter ook na sy empiriese of fisies- sigbare of fenomenologiese kant bekyk word en dan in antropologiese terme beskryf word as iets wat mense gedoen het" (Burger 1991c:85). So kan byvoorbeeld die vyfde boek van die Nuwe Testament die handelinge van die apostels (mense) genoem word, of die handelinge van die Gees (God). Die teologiese en fenomenologiese benaderings tot die vak staan dus nie teenoor mekaar nie, maar naas mekaar en kan mekaar verryk en aanvul. Om te ontken dat die kerk sosiologies beskou kan word, is om te sê dat die mens se handelinge en God se handelinge konkurrent is. Wat die een doen, maak die ander minder (Van der Ven 1993:46). Die gemeente in besonder is ruimte vir die kommunikatiewe werk van die Gees, die verbondsruimte waarin die mens met sy vryheid van keuses en moontlikhede van mislukking opgeneem word in die Gees se omgang met die mens. Die wêreld is ook ruimte vir die kommunikatiewe werk van die Gees, deurdat die Gees die kerk wil oorreed en toerus om die heil aan die hele wêreld te kommunikeer (Pieterse 1993:141,142).

Die hele kwessie van die verhouding tussen God se genade en menslike verantwoordelikheid kom ook hier in die gesigsveld. Die gereformeerde siening hiervan word beskryf vanuit 'n "apolêre" benadering waarin die twee sake nie polêr teenoor mekaar staan nie, maar waarin, in ooreenstemming met getuienis in die Bybel, God die een is wat werk, wat suiwer uit genade by ons betrokke is, wat omvattend tot in die fynste besonderhede ons lewe in Sy hande hou, en wel op so manier dat ons as mense met al ons menslike funksies van hoof, hart en hand ingeskakel word by God se werk (Fil 2: 12,13). Ons word omring van God se werkende teenwoordigheid soos 'n vis wat net kan leef as hy in die water is. God se almag beteken beslis nie dat Hy die enigste mag is wat werksaam is in die wêreld nie. Dit hou wel

in dat die mens nie 'n outonome subjek is nie. Ten spyte van en deur ons sondigheid, gebrokenheid en beperktheid heen, bereik God Sy doel met ons. Hy doen dit op so manier dat ons menslikheid in al sy fasette aan die orde kom.

Tot hiertoe het ons nou gesien dat die motiewe van die algemene genade, God se liefdesbetrokkenheid by Sy skepping, die inkarnasie van God in Christus, die oordeel en verlossing van die kruis, die verbondsdinamiek, die Koninkryksperspektief en die pneumatologie deur verskeie teoloë gebruik word om aan te toon dat, tsv die radikale verdorwenheid van die skepping, die kloof oorbrug is, die dualisme met 'n valse teenstelling werk. Volgens Louw (soos aangehaal deur Van Niekerk 1985:78) het die herskepping die werklikheid verander in 'n versoende werklikheid en is die pastoraat (*praktiese teologie -GJE*) nou die bemiddeling van die versoening wat deur 'n aktuele pneumatologie gerealiseer word.

## 1.9. DIE WÊRELD AS OPENBARINGSBRON?

Ek wil net 'n gevaar uitwys wat direk verband hou met die voorafgaande bespreking oor die verhouding tussen openbaring en ervaring.

'n Bepaalde siening van die radikaliteit van Christus se verlossing vir die ganse skepping, die kosmiese betekenis van Christus, het die weg geopen vir 'n teologie wat uiteindelik die mens meer as Christus sentraal stel. By Barth bv. is die verlossing reeds in die skepping inbegrepe, en is die herskepping net 'n nuwe kwalifisering van die ou skepping. Al die werk van die Gees val onder sy "algemene" werk, en daar is dus geen onderskeid meer tussen natuur en genade nie. Mense en gemeenskappe buite die kerk deel dus aan die heil, sonder dat hulle dit noodwendig weet. Heil binne en buite die kerk is dieselfde ("anonieme christene"). Heil word bloot gesien as 'n realisering van ware menslikheid (Jonker 1981a: 269). Hier word die sonde nie meer ernstig opgeneem nie, skepping en verlossing skuif oor mekaar en die uitgangspunt word die ervaringsmoontlikhede van die mens. 'n Mens deel in die Trinitariese gemeenskap vanweë sy geskapenheid en geloof in

Christus is nie nodig nie - geloofservaring is niks anders as skeppingservaring nie. Geen onderskeid word tussen openbaringsbronne gemaak nie (wetenskaplik, Christelik, algemeen-religieusiteit) (Maris 1994:29). Die algemene openbaring en die besondere openbaring skuif oormekaar.

Dit het dan ook 'n benadering tot gevolg waarin die teologiese teorie ten volle moet opgaan in die sosiomaatskaplike werklikheid waarvan die kerk deel is (Dahm, Bastian, Otto). Die gevaar bestaan dat die Praktiese Teologie so bepaal kan word deur die empiriese werklikheid dat dit sy teologiese gehalte verloor. Die bestaande kerklike verhoudings word vasgepen, en die horison waaruit en ter wille waarvan die kerk bestaan, uit die oog verloor. Die menslike element word beklemtoon ten koste van die werk van die Heilige Gees. Volgens Böhren (PTH400-5 Studiegids 1989: 22) kan hierdie benadering daartoe lei dat die kerk sal berus in die hier en nou en ignoreer hoe hy behoort te wees. Hy kies vir 'n pneumatologiese prakties-word van God. Vir Pannenberg (PTH400-5 Studiegids 1989: 23) lê die gevaar daarin dat sin (betekenis) en handeling van mekaar geskei kan word in hierdie benadering. As die teorie onder druk van die empiriese werklikheid gevorm moet word, kan dit 'n teorie word wat sy normatiewe betekenis van menslike funksies kry ipv. van die praxis van God.

Daar moet gewaak word daarteen dat die Praktiese Teologie nie maar net 'n funksionele teorie van kerklike praxis is en so suiwer pragmaties word nie, of maar net 'n kritiese teorie van die samelewing is nie (G. Otto), of volledig opgaan in die empiriese kerk nie. "Praxis is teologies nie sinoniem met empiriese werklikheid nie, maar met die ervaring en erkenning van die teenwoordigheid van God in die wêreld" (Sauter soos aangehaal in PTH400-5 Studiegids 1989: 156). Ek het tog 'n probleem met 'n (praktiese) teologie wat daarop neerkom dat die mens se verstaansmoontlikhede die kriterium word vir wat uiteindelik Gods Woord heet, sonder om daarmee te wil sê dat die Skrif letterlik alles bevat wat nodig is vir die Praktiese Teologie.

Ek wil hierdie gedeelte afsluit met opmerkings van Schippers

(1986: 149) in die verband: Vir sover die "natuurlike teologie" in die menslike ervaring die normatiewe bron vir Godskennis sien, en so God as die grootste gemene deler van die menslike ervaring verklaar, is dit onaanvaarbaar. Waar dit egter bedoel om in die teologie aan die menslike ervaring 'n konstituerende plek toe te ken, moet dit ernstig opgeneem word. Die spanning tussen openbaring en ervaring wat hieruit volg, is fundamenteel aan iedere teologiese vraagstelling, omdat dit daarin altyd om God en mens gaan. Daarom sal daar nie einde aan die diskussie hieroor kom nie. Waar die spanning opgehef word, moet mens krities wees. "Het is immers een van beide: of men is overgeleverd aan een geïsoleerde kerugmatische openbaringsopvatting of men levert zich uit aan een van de openbaring geïsoleerde ervaringsopvatting" (1986: 149).

Terwyl die verhandeling die wêreld wil sien as ruimte waarin God se liefdesbedoeling met die skepping gestalte moet kry, wou ek met hierdie laaste opmerkings net die gevaar onderstreep van die moontlikheid dat die Woord van God nie meer as primêre openbaringsbron aanvaar word nie, met die konsekwensies daaraan verbonde.

## 1.10. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ons gesien dat die gemeente-praxis tyd-ruimtelik geskied, maw dat die sosiale en kulturele omgewing 'n rol speel in die teorievorming met die oog op gemeentepraxis. Die praxis figureer ook as kennisbron vir teologiese teorievorming. God se werk in die wêreld het 'n teologiese en 'n antropologiese kant, wat verreken moet word in die verhandeling. Verder staan die kerk in diens van die bedoeling wat God uiteindelik met die ganse skepping het. God se wil moet ook in die samelewing gesoek en gedoen word. In die verhandeling sal die vraag na die relevansie van die kerk in die wêreld gekyk word in die lig van die Skrif, maar ook in die lig van die konteks, die samelewing, die sosiologiese, maatskaplike en ekonomiese werklikhede waarin die kerk funksioneer. Die verhandeling is 'n poging om ondersoek te doen na die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, spesifiek die kommunikatiewe handelinge wat daartoe kan meewerk

dat die kerk 'n wesenlike faktor in 'n veranderde samelewing sal wees.

In hoofstuk 2 gaan ons kyk na hierdie veranderde samelewing wat inspeel op die prakties teologiese teorievorming, maar wat ook die terrein is waarin God werksaam is, waarin Sy Koninkryk moet kom.

# HOOFSTUK 2

# 'n VERANDERDE SAMELEWING

In hierdie hoofstuk kyk ons na die veranderinge in die samelewing waarin die kerk vandag sy funksie moet vervul. As die kerk moeite doen om te luister na en hom te laat informeer deur hierdie "wêreld van die mens", 'n wêreld waarin God ook werksaam is, sal hy relevant kan wees en met geloofwaardigheid die wêreld kan beïnvloed. Dit is egter 'n wêreld waarin dit blyk dat God, godsdiens en kerklikheid 'n al minder belangrike faktor word, met al die uitdagings daaraan verbonde.

## 2.1. 'n NUWE PARADIGMA

Dit dring vandag al meer deur tot die algemene bewussyn dat daar 'n verandering in die "totaalkonstellasie" (Küng 1990: 53,64) van waardes, oortuiginge en lewenspatrone in die wêreld plaasvind. Daar word gepraat van 'n nuwe tydperk of paradigmaverskuiwing[4] in die menslike geskiedenis wat ons binnegaan, 'n fundamentele en langdurige verandering in lewens- en wêreldbeskouing. Dit is 'n radikaal nuwe manier van kyk en verstaan van die lewe en die wêreld, veranderinge wat so omvattend is dat dit 'n waterskeiding soortgelyk aan die oorgang van die middeleeue na die Verligting verteenwoordig, trouens, Hodgson (1988:11) praat van 'n tweede Verligting. (Hodgson 1988:11; Küng 1990:53; Mead 1991:8; Roxburgh 1993:8,30.) Die veranderinge raak veral die Westerse beskawing, en word gereflekteer in die teologie en die kerk (Mead 1991:8). Van Riessen (1971:25) stel dat die tydperk ongeveer die eerste helfte van die eeu begin het, en Küng (1990:53) spesifiseer dit nader tot die Eerste Wêreldoorlog, terwyl Hodgson (1988:12) meen die verandering het teen die laat 20ste eeu gekom. Wat wel seker is, is dat die moderne tyd, wat na die klassieke tyd in die Christendom, in die sewentiende eeu - met die Verligting - begin het, hom in 'n krisis bevind. Die nuwe tydperk wat na vore kom word meestal bloot "post-modern" genoem, omdat daar nog nie duidelikheid is oor wat die kenmerkende van die nuwe

---

[4] Hodgson (1988: 11) sê 'n paradigma is 'n voorbeeld, 'n model of patroon op mikrokosmiese vlak van 'n groot, komplekse, onoorsigtelike stand van sake, 'n skaalmodel van 'n groter werklikheid waaruit gedink en geleef word.

tyd gaan wees nie (Hodgson 1988:12; Küng 1990:62), dit is 'n "terra incognitia" (Roxburgh 1993:8). Mead (1991:9) stel dit as volg: "Twice before the church has faced such a complete upsetting of the old paradigm that life was disrupted and structures were reordered to form a new one. In our time, it is happening again. The importance of what is happening now, however, is that while we have experienced the disintegration and disruption of the old, the new paradigm has not yet appeared".

## 2.2 DIE MODERNE TYD

Sake soos die verdwyning van die koloniale en Eurosentriese era, die ineenstorting van die burgerlike maatskappy, die strewe na wêreldintegrasie, die konsumpsiemaatskappy, die rol van die wetenskap en tegniek, demokratisering en sekularisasie kan gesien word as die hoogtepunt of vrug van die "moderne" tyd, maar terselfdertyd ook as die wortels waaruit die "post-moderne" tyd groei. Volgens Van Riessen (1971:33) en Heyns (1969:11) is die gemeenskaplike wat die moderne tyd kenmerk, die uitsonderlike magsbelewing van die mens oor die wêreld. "De vrijmaking tov de vroegere machten, de mondigheid van de moderne mensheid is het overweldigende feit van die twintigste eeuw" (Van Riessen 1971:38). Bacon, Descartes en Newton het bekend geraak as die "uholy trinity" (Roxburgh 1993:32) wat die rasionele mens gelei het tot bevryding van die oorheersing deur die irrasionele, die mitiese en bygelowigheid. Daar vind 'n verselfstandiging van die mens teenoor "dinge" plaas wat vroeër geïntegreerd was. Volgens Louw (1980:14) lei hierdie kragte in die wêreld daartoe dat die mens toekomsgerig en futuries begin leef, met die verwagting van 'n beter en mensliker môre, voortgestu deur die "ontwerpkrag van die denke" en 'n "ekonomiese holisme".

Louw (1980) en Van der Merwe (1989:327) sien naas hierdie optimistiese humanisme, waarvan die vooruitgang van die sestigerjare 'n simbool is, ook terselfdertyd 'n pessimistiese humanisme, waarvan die Tweede Wêreldoorlog 'n simbool is. Hier gaan dit oor feitelikhede soos siekte-epidemies, bevolkingsontploffing, ekologiese nood, grondstofskaarste,

werkloosheid, verstedeliking, rassespanning, oorloë, die tirannie van die tegnologie, verlies aan sin en morele waardes, kortom: die mens se onvermoë om werklik sy wêreld, wat op 'n krisis afstuur, te kan beheer en 'n toekoms te kan skep. Daar is dus 'n dubbelslagtigheid in die mens se kultuur. "Die suksesmoraal bly gekoppel aan 'n krisisbewussyn" (Louw 1980:15). Dit bring ons dan nader aan die unieke tekens van 'n nuwe tydperk. Mense voel bedreig deur die wetenskap wat sonder etiese bindinge geen grense ken nie en die hoogste arbiter wil wees; deur tegnokrasie wat die mens beheer ipv andersom; deur demokrasie wat nie sosiale geregtigheid kan realiseer nie (Küng 1990:68).

## 2.3 SEKULARISASIE

'n Hoofkenmerk van die moderne tyd, wat ek afsonderlik wil noem, is sekularisasie[5]. Dit word deur baie gebruik as 'n samevattende tipering van die veranderinge wat die moderne tyd gebring het (Heyns 1969:20). Die term sekularisasie word egter nie deur almal op dieselfde wyse gebruik nie. Redelik algemeen word aanvaar dat die sekularisasieproses oor eeue heen aan die werk is in die geskiedenis, en dat dit 'n gevolg is van die gedagte dat die mens, as 'n kind van die Verligting, 'n outonomiteit naas God besit, dat die mens selfstandig naas of teenoor God kan staan (Heyns 1969:51; Van Riessen 1971:50). Sekularisasie het vanuit die middeleeuse tese ontstaan as 'n "ontkerkliking" van die samelewing wat deur die kerk gereël was of die ontvoogding van die wêreld van kerklike oorheersing, 'n "ontgoddeliking" of "onttowering" van die wêreld wat net 'n verlengstuk van God of gode was. "Die goddelikheid van God en die wêreldlikheid van die wêreld" is ontdek (Heyns 1969:20). Die wêreld word mondig, die mens word selfstandig. Die proses is gedra deur die Renaisssance in die 14de eeu, die Humanisme van 15de en 16de eeu, die Verligigting van 17de eeu, die sosiaal-ekonomiese veranderinge soos die industriële rewolusie en verstedeliking van die vorige eeu, asook die ontwikkeling van wetenskap wat nuwe lewensbeskouings moontlik gemaak het.

---

[5] Die begrip "sekularisasie" kom van die latynse "saeculum" , 'n tyd, tydgees, die wêreldse in onderskeiding van die hemelse. Dit het ook al meer 'n negatiewe betekenis gekry as die "sondige wêreld". (Heyns 1969: 22,23.)

Ook die verdeeldheid in die kerk self na die reformasie, het daartoe gelei dat die kerk sy houvas op mense verloor het.

Die mens ervaar homself nou nie meer as vreemdeling op die aarde nie. Hierdie soort bevryding en vestiging van die aandag op die wêreld word dan ook meestal in 'n positiewe lig gesien. Dit kan egter 'n proses aan die gang sit waarin God heel uitgeskuif word uit die gesigsveld, en die mens dan nie meer vir God nodig het nie. Ons kan sê sekularisasie is dan 'n louter wêreldse kyk op die wêreld, "'n aardse lewe met 'n aardse horison" (Heyns 1969:31). Juis die outonome mag van die mens vul die wêreld so dat die indruk geskep word dat ons in 'n geslote wêreld leef, 'n wêreld sonder God (van Riessen 1971:44). So word die betekenis van die wêreld en die mens oorskat, en moet die mens self sy probleme "van onder af", uit homself, oplos. Godsdiens word vervang met wêrelddiens (Heyns 1969:31). Op sy beste word die kerk gemarginaliseer tot 'n randverskynsel sonder enige invloed in die samelewing. Die kerk en godsdiens word al meer 'n private aangeleentheid (Roxburgh 1993:46). Kerke staan nog in die hart van 'n dorp, maar dit is nie meer die hart van 'n dorp nie. So verloor dit al meer invloed in die groot wêreld. Ander samelewingsektore ontwikkel eie norme en waardes wat nie iets met die christelike tradisie te doen het nie. Dat sekularisasie so kan ontwikkel, sien 'n mens duidelik as jy kyk na sommige van die hedendaagse sosio-kulturele katalisatore van die sekulariseringsproses, wat terselfdertyd ook simptone van sekularisasie is (Runia 1988:27,28,29):

ALGEMENE FAKTORE:

1. Ou gesagsstrukture werk nie meer nie. Daar word gepraat van 'n "vaderlose" samelewing. Mense aanvaar nie meer "op gesag van" ander nie. Die hele proses van demokratisering lei tot 'n meer kritiese houding teenoor gesag (Burger 1992:13). 2. Die mondigheid van die mens. Jy besluit vir jouself wat jy sal glo en hoe jy sal optree. 3. Die subjektivering van die moderne mens. Hy wil subjek wees van sy eie lewe en ervaringe. Die waarheid is nie iets vasstaande, objektief nie. Iets is net waar as jy self dit as sinvol of waar ervaar. Dit hang saam met

die vorige twee punte. 4. Die media se groot rol. 'n Informasie-ontploffing vind vandag plaas, en dit plaas mag in die hande van die massa. Dit hou egter ook in dat baie meer ongesifte inligting en keuses op ons afkom. In die "global village" word 'n nuwe oop wêreld al meer ons deel (Boshoff 1995:2). 5. Die pluralistiese samelewing. Ons leef tussen baie oortuigings en sieninge. Dit is soos 'n geestelike supermark waar ons van alles en nog wat aangebied word. Mense kan maklik enigiets kies om saam huistoe toe vat. Die kerk en godsdiens is maar bloot een van die dinge waaroor ons kan kies. 6. Groter openheid na die wêreld verswak eie oortuigings, en relativeer eie norme en waardes. 7. Tradisies beteken al hoe minder. Elke dag is daar nuwighede op die mark wat die jongmense meer prettig vind. 8. Daar is 'n anti-institusionele tendens in ons tyd. Mense is bang dit lê op jou beslag en sê wat jy moet doen, dit beroof jou van jou vryheid en verantwoordelikheid. Daar is 'n wegbeweeg van vertroue in strukture, instellings en -ismes, en so ook van die geïnstitusionaliseerde kerk, en 'n vraag na die relevansie daarvan (Boshoff 1995:3). 9. Die noue verbintenis tussen kerk en volk, wat tog ook 'n bepaalde uitwerking op mense se geloof en lewenswyse gehad het, is aan die verdwyn. 10. Die bedieningsbehoeftes wat verskil, soos ortodoks, progressief, taal, kultuur, ens. veroorsaak verwydering van die kerk.

PERSOONLIKE FAKTORE:

1. Kritiek op kerklike aktiwiteite, toestande of mense. Dit kan vanweë 'n verskeidenheid van redes wees, bv. onvergenoegdheid oor 'n saak, teleurstelling in ander, ens. 2. Kritiek op geloof self. Dit kan dinge wees soos verskille met leerstukke, of bloot onverskilligheid oor geloof. 3. In die gesinslewe as voorbeeld wat die weg aanwys, word dikwels die saad van sekularisme geplant, en veral "gemengde" huwelike (tussen 'n gelowige en 'n buitekerklike) speel 'n beslissende rol.

Die filosofie van 'n optimistiese humanisme wat tot sy absolute konsekwensies deurgevoer word, word dikwels sekularisme genoem. As 'n prinsipiële standpunt kan sekularisme egter ook juis die dryfkrag agter sekularisering wees. Sekularisasie is die

toestand van die hele kultuuur. Dit is die atmosfeer, die klimaat van die nuwe tyd wat op die kerk afkom (Van Riessen 1971:46). Op 'n Hollandse manier sê Runia (1988:44) dat sekularisasie tans deur alle dyke gebreek het. Dit raak elke gesin, skool en kerk. Dis soos mistigheid wat in die lug hang, almal asem dit eenvoudig in. Omdat bogenoemde beskrywing van sekularisasie of sekularisme die situasie in die wêreld vandag is, kan seker gevra word of dit nog korrek is om daarna te verwys as 'n spesifieke tendens in die wêreld van vandag.

## 2.4 KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE SITUASIE

Statistieke en bevindinge van godsdienstige en kerklike opnames in die Westerse wêreld toon deurgaans 'n dalende tendens in die tradisionele soort godsdienstigheid en kerklikheid die afgelope vyftig jaar (Hendriks 1988:41-54; Roxburgh 1993:45; Runia 1988; Wagner 1976:12). Spesifiek in Holland het daar die afgelope dertig jaar 'n ontsaglike daling van binding aan die waardesisteme van die kerk plaasgevind (Runia:1988). Amerika is vanweë verskeie redes nie so gesekulariseer soos die Europese lande nie (Burger 1991b:279). Tog vind dieselfde tendense ook in die sg "mainline churches" in Amerika plaas (Clasquin 1991:53; Hendriks 1988:41). Naas hierdie tendense vervaag die grense tussen kerk en wêreld ook, 'n verskynsel wat die Westerse Christendom met hom saamdra sedert die begin van die "Christendom paradigm" (Mead 1991), die Corpus Christianum, oftewel die Konstantynse-era. Mense wat as gelowiges bekend is, onderskei hulle in lewensoriëntering, vermaak, tydsbesteding, besittings, verbruikerspatrone, ens. nie van mense wat ongelowig is nie. Ander magte, soos die welvaart, dikteer ook die openbare lewe van gelowiges. Daar word in hierdie opsig van 'n sekulariseringsproses of selfs sekularisme in die kerk gepraat (Heyns 1969:28; Louw 1980:26; Runia 1988:46): die kerk wat nie meer sy soutfunksie in wêreld vervul nie, of die kerk wat so luister na die wêreld dat hy doof word vir God (Louw 1985:22). Die kerk is nie meer krities tov die samelewing nie, maar val vas in materialistiese- of oorlewingsbelange en vertroosting na binne. Clasquin (1991) wys op die teorie van Rodney Stark en William Bainbridge wat sekularisasie juis sien as die proses waardeur godsdienstige organisasies na 'n tweede

of derde geslag, hulle leer en lewe aanpas om die spanning wat bestaan tussen die godsdiens en die sosiale omgewing waarin dit is, te verminder. Dekker (1971: 67) het reeds in die vroeë sewentigs gewys op die "vermaatschappelijking" van die kerk, waarin die kerk in toenemende mate 'n algemene funksie vervul wat in harmonie is met die bestaande samelewing. Anders as wat verwag, lei dit daartoe dat die kerk sosiaal irrelevant word, omdat hy geen unieke, selfstandige bydrae in die samelewing kan maak nie. Al hierdie verwikkelinge laat Runia (1988:82) bevestig wat ander reeds elders gesê het: dat ons ons in die grootste krisis ooit in die Westerse kultuur en kerk bevind: "Sommige zeggen zelfs dat de tradisionele kerklijke instituten zich in een sterfhuisconstructie bevinden dat de ontbinding alleen nog maar een kwestie van tyd is". Hierdie afname in "kerklikheid" beskryf hy as deel van 'n kultuurskok in die hele Westerse wêreld, en sê dan spesifiek dit raak "....in toenemende mate ook de blanke bevolking in Zuid-Afrika" (Runia 1988:17). Waar daar in die Christendom paradigma van 'n gewone Christen niks anders verwag is as om 'n wetsgehoorsame burger te wees nie, staan ons nou voor die "revolutionary thing ... that 'a lay person' is not the same as 'a citizen'" (Mead 1991: 24).

So groei die jeug in 'n gesekulariseerde samelewing. Daar is min dinge in die gemeenskap wat aan God herinner. Die wêreld, lewe of dood, word verklaar sonder dat God ter sprake kom. Runia (1988:34-52) beskryf die situasie van die jeug in Holland. Volgens hom is daar nie meer vandag ernstige kritiek op geloof en kerk by jongmense nie, want dis nie meer goed om oor wakker te bly nie. Dit maak nie saak nie. Veral die massamedia speel 'n groot rol in die bring van 'n einde aan die gehoorsaamheidskultuur wat plek maak vir 'n mondigheidskultuur waarin elkeen vir homself besluit wat reg en verkeerd is. Die gesin, skool en kerk ding op gelyke voet met ander instansies mee in die vorming van die kinders. In 1980 het nie meer 'n kwart van die jongmense tussen 16 en 24 in Holland in God geglo nie. Ontkerkliking vind meestal in die jongere jare plaas. Meeste kerklose mense het voor hulle 25ste jaar met die kerk gebreek. En dit is 'n glybaan, waar met kerk gebreek is, volg uiteindelik ook die breek met geloof. Die kerk het uit die

gesigsveld van die jongmense beland, daar is 'n oneindige afstand tussen kerk en wêreld - die kerk is 'n museumstuk uit die verlede wat niks meer vir hulle te sê het nie. Hulle verwag ook nie meer iets van die kerk nie.

## 2.5 POST-MODERNISME

Van sekularisasie geld ook wat gesê is tov die moderne tyd. Sekularisasie as wêreldbeskouing, of dan sekularisme, is in die laaste jare tot op sy fondamente geskud (Küng 1990:80; Roxburgh 1993:30; Runia 1988:83; Van der Merwe 1989:328). Sekularisasie, saam met sy "tweelingsussie", modernisme gee geen antwoorde op vrae na die toekoms van die indiwuduele mens, of van die skepping as geheel nie. Dit gee nie vir die mens antwoorde op die vrae rondom persoonlike lyding en onreg nie. Trouens, die moderne geloof in die god van vooruitgang is op die pad van selfvernietiging. Dit bedreig die mens se identiteit en gemeenskapslewe, asook die ekologiese sisteem. "There is a growing disillusionment with the technological society produced by scientific rationalism" (Küng 1990:68; Vgl. Roxburgh 1993:10). Dit bring groot vervreemding as gevolg van gebrek aan gemeenskap, die hoë mobiliteit, die verstedeliking, die vernietiging van die natuur en veranderinge in die lewe, kortom, as gevolg van die selfgemaakte materialisties georiënteerde prestasie- en suksesbeheptheid van die Westerse welvaartsmaatskappy. Alle tradisies, norme en morele waardes is onder die moderne mens uitgepluk. Die post-moderne tyd het 'n magsverskuiwing van bipolariteit (Ooste en Weste) na multipolariteit, ('n veelheid van magsentra) na 'n polisentriese wêreld geërf (Küng 1990:67; Boshoff 1995:2). Kulturele en globale verskuiwings ("power shifts"-Alvin Toffler) voed die ervaring van fragmentasie en onsekerheid. Die outonome mens word eensaam, aan homself oorgegee, en staan voor die "cul-de-sac van relatiwisme, indifferentisme en skeptisisme" (Louw 1980:28). Hierdie immanentisme kan uiteindelik lei tot nihilisme, wat sê dat ons bestaan sinloos en normloos is. "De ziekte die het moderne leven in zijn wortel aantast, is de zinontbinding" (van Riessen 1971:14). Sekularisme bring 'n wêreld sonder betekenis, sonder sin. Ja, die vooruitgang van die moderne tyd veroorsaak enorme sosiale

destabilisasie, 'n "apokaliptiese angs" (Küng 1990:68; Vgl. Van der Merwe 1989:328).

Hierdie onvergenoegde, ontnugterde lewensgevoel dring aan op iets anders. Ons sien vandag die opkoms van 'n nuwe kultuur wat soek na paradigmas waarvolgens hy sy lewe kan inrig. 'n Nuwe houding stel nuwe eise: wetenskap moet eties verantwoordbaar wees, tegniek moet diensbaar wees aan die menslikheid van mense, industrie moet die belange en behoefte van mens en natuur steun, demokrasie moet vryheid en regverdigheid met mekaar versoen (Küng 1990:71). Daar is 'n soeke na nuwe post-materialistiese waardesisteme, nuwe leefstyle, na "connectedness" en "wholeness". Die toekoms is die weg van verbintenis, geïntegreerdheid, samehang met die medemens, met die natuur, 'n inskakeling met die kosmiese kragte, of dan holisme in al sy uitingsvorme. Dit soek na die primaat van die intuïsie, verbeelding, ervaring van die wêreld. Dit soek na "groen" waardes, gemeenskaplikheid en selfvervulling. (Roxburgh 1993:22,23; Hodgson 1988: 17.) Daar groei 'n nuwe behoefte aan norme, 'n etiese bewussyn, singewing, mensvriendelikheid en 'n beter wêreld (Küng 1990:72).

Ook die sg "New Age"-beweging is deel van die ontwaking in die Westerse samelewing vir 'n radikaal nuwe waardesisteem ('n verligting van die Verligting). As Ferguson (1980:23) praat van 'n paradigmaverskuiwing in ons lewensbeskouing wat onderweg is, dan sê sy: "Broader than reform, deeper than revolution, the benign conspiracy for a new human agenda has triggerd the moste rapid cultural realignment in history".

> "The Aquarian Conspiracy is using its widespread outposts of influence to focus on the dangerous myths and mystiques of the old paradigm, to attack obsolete ideas and practices. The conspirators urge us to reclaim the power we long ago surrendered to custom and authority, to discover, under clutter of all our conditioning, the core of integrity that trancends conventions and codes" (Ferguson 1980:36).

Ons sien miskien in hierdie aanhaling die groot feit die beste

raak: hierdie soeke na verandering, na nuwe waardes en 'n nuwe spitualiteit, is nie die terugkeer na ou paradigmas nie. Dit gaan, behalwe vir sommige strominge, glad nie oor die herlewing van die tradisie nie. Ons sal nie weer terugkeer na 'n neo-Konstantynse tydperk nie (en tereg word gevra of so soort Christendom in elk geval ooit Christus se bedoeling was -Runia 1988:86; Roxburgh 1993:11). Die tradisie van die Christendom paradigma is juis deel van dit wat agtergelaat moet word in die naam van oorlewing, hoop en vernuwing (Roxburgh 1993:31). Veral die hoofstroom kerke word geïdentifiseer met die mislukkings en krisis van die modernisme. Dit het nie die antwoorde vir ons toekoms nie. "The deep roots of a christian culture have been pulled up and left along the roadside" (Roxburgh 1993:64).

Tog is daar vandag 'n oplewing van religieuse bewegings. Küng (1990 : 75,78) noem selfs die terugkeer van godsdiens as die belangrikste aanduiding van 'n oorgang van 'n moderne na 'n post-moderne tyd. God is toe nie dood soos voorspel is nie, eerder is die mens in gevaar. Die pluralisme en die relatiwiteit van ideologieë en absolute dogmas wat deur die sekularisasie en modernisme opgeroep is, ondermyn op sy beurt ook weer 'n sekulêre absolutisme. Waar die ou religieuse instellings egter geloofwaardigheid verloor het en irrelevant geword het, is daar nou 'n nuwe soort transendensie, wat dikwels die eienskappe van 'n "onkerklike religie" het. Ons sien die oplewing van godsdiens in die derde wêreld (bv. Islam, Boeddhisme, inheemse Afrikaanse bewegings), in die voormalige Sowet-Unie en ander oos Europese lande, asook in Amerika as 'n "teenkultuur" met religieuse trekke en veral ook in die evangeliese bewegings en charismatiese groepe (Clasquin 1991: 53,54; Roxburgh 1993: 45; Runia 1988: 84). Die nuwe "godsdienstigheid" of spiritualiteit bestaan meestal uit sinkretistiese verbintenisse, 'n vermenging van populêre sielkunde, mistisisme, "new science", neo-paganisme en Christendom. Vanweë 'n kleiner wordende wêreld het die Oosterse godsdienste, TM en yoga gemeengoed geword. 'n Gallup opname in Amerika het bevind dat tien miljoen Amerikaners in 1978 reeds by sommige aspekte van die Oosterse godsdienste betrokke was, terwyl daar by 'n ander opname 'n oorweldigende skeptisisme by die Amerikaners was oor georganiseerde godsdiens

(Ferguson 1980 : 400,404). Een van die wêreld se grootste sosiologiese denkers, Alvin Toffler (1990:364-373,450), praat ook van die religieuse herlewing in die wêreld. Die kompleksiteit en teenstrydighede in die wêreld aan die begin van die 21ste eeu, word geïllustreer deur Toffler se vrees dat godsdiens in die algemeen, en godsdienstige fundamentaliste in koalisie met "ekologiese teoloë" in besonder, in hulle opstand teen sekularisme, 'n inbreuk kan maak op menseregte en demokrasie, en so die samelewing weer kan terugneem na die donker middeleeue. In dit alles gaan dit ten diepste om die soeke na 'n nuwe paradigma wat 'n beter verklaring van die werklikheid bied as die modernisme se Cartesiaanse wêreldbeskouing en die kerklike teenhanger van 'n burgerlike Christendom.

## 2.6. 'n VERANDERDE SAMELEWING: NAMIBIË

### 2.6.1. 'n NUWE TYDPERK IN SUIDELIKE AFRIKA.

Ook op die strande van Namibië breek die branders van modernisme, sekularisasie en post-modernisme. Dit is so dat ons hier in Suidelike Afrika nie dieselfde soort veranderinge, veral in Europa die afgelope eeu, met dieselfde intensiteit beleef het nie. Tog kan ons ons nie losmaak van die wêreld waarin ons leef nie, ons kan ons nie distansiëer van die wêreldkultuur en die wêreldkerk waarvan ons deel is nie. "Geen kerk kan hom egter totaal aan hierdie globale veranderinge onttrek nie, behalwe as hy uit reaksie heeltemal lewensvreemd wou wees" (Jonker 1985:7,9). Die algemene kultureel-godsdienstige situasie, soos hierbo uiteengesit, is dus direk ook van toepassing op die veranderende situasie in Namibië, natuurlik binne die raamwerk van sy eie konteks.

Aanvullend by die globale sosio-kulturele veranderings, soms ook mede as gevolg daarvan, het daar in Namibië, in samehang met Suid Afrika, ook ander groot veranderinge gekom. Vanweë die noue geografiese, historiese, politieke, ekonomiese, kulturele en soms kerklike verband tussen Suid Afrika en Namibië, wat maar eers in 1990 onafhanklik geword het, is daar, ten spyte van verskille, heelwat sake in Suid Afrika en Namibië wat, in

die bespreking wat volg, in noue verband met mekaar staan. In suidelike Afrika is 'n nuwe tydperk in die geskiedenis betree waarvan die volle konsekwensies nog nie sigbaar is nie. Volgens Joubert (1992:13) gaan dit in die "nuwe spel" sedert 1990 in Suid Afrika (dus ook in dieselfde tydsklimaat waarin Namibië onafhanklik geword het) om meer as net staatkundige veranderings: "Dit [gaan] om 'n omvattende rekonstruksie van die ganse Suid Afrikaanse samelewing se denke en opvattings en hul gevolglike vereenselwiging met nuwe waardestelsels". Verhoudingspolitiek, die retoriek van demokrasie met al die ekonomiese en sosiale implikasies, 'n nuwe verstaan van die implikasies van die Skrif tov die samelewing en medemenslike verhoudings, met as teenpool 'n toenemende relativering van tradisionele norme, en die soeke na kerklike eenheid is tekens van hierdie waardeveranderings.

Alle groepe in Suid Afrika, en so ook in Namibië, is deel van hierdie verskuiwings in waardestelsels. Spesifiek van belang vir die NG Kerk in Namibië is dan dat die NG Kerk en die Afrikaners (met wie hy histories verbind was) ook so in die "maalkolke van waardeverskuiwings" beland het (Acta Sinode NGKN 1991:258). Tradisioneel was die Afrikaner saamgebind deur behoudende godsdienstigheid en tradisievastheid. Die isolasie van die Afrikaner het vanweë die kleiner wordende wêreld en informasievloei verander. Baie Afrikaners het deel geword van 'n "internasionale kultuurpatroon" wat oor 'n tydperk beslis 'n invloed sal hê op die Afrikaner se verhouding tot geloof en die kerk (Jonker 1985:13). Dit is in nog 'n groter mate ook van toepassing op die leierskorps van die huidige regering van Namibië, wat in hulle tyd van ballingskap blootgestel was aan veral die Europese, Oos-Europese en Nabye Oosterse sosio-kulturele klimaat.

Ek wil graag verder daarna kyk na aanleiding van die eenvoudige uiteensetting van Burger (1992:11-19), en dit aanvul na vyf punte. (Burger maak ruim gebruik van inligting wat vervat is in Boshoff se <u>Samelewingsveranderinge en die kerk in die negentigerjare: moontlike implikasies</u>, 1990, Potchefstroom).

## 2.6.2. POLITIEKE OORGANGSITUASIE

Die proses van oorskakeling na 'n nuwe staatsbestel is nog steeds aan die gang. Dit bring groot onsekerheid, veral by die blanke deel van die bevolking, maar ook by ander bevolkingsgroepe. Die hele proses van "affirmative action" moet nog opdreef kom. Die gronddebat het nog maar net begin. Die onderwyssituasie is nog soekend met lêers vol ad-hoc besluite. Die demokratisering het verwagtings losgemaak by 'n groot deel van die bevolking en die deel van die bevolking wat in die verlede bevoordeel was, maar ook die wat uitsien na 'n beter toekoms, ervaar frustasie. In terme van Boshoff (1995:4) se beskrywing van die sistemiese veranderinge, is daar tog 'n kiem van onstabiliteit in die sisteem, omdat probleme eensydig opgelos word vanweë die gebrek aan oposissie wat werklik 'n invloed kan uitoefen. Die westerse donateurs (Wêreldbank, IMF en ryk nywerheidslande) vorm wel 'n effektiewe drukgroep waarby Namibië moet inval (Boshoff 1995: 2). Eerste wêreld en derde wêreld is "saam in Afrika", die "gelaat" van die land verander (Burger 1992:13) en kennismaking met mekaar se lewenswyses en geesteswêrelde het so pas maar begin (vgl. A van Niekerk, Saam in Afrika 1992). Spesifiek die NG Kerk het sy "vennootskapsverhouding" met die staat verloor, en daarmee saam ook sy direkte inspraak en sy relatiewe magsposisie in 'n vorige bedeling. Alhoewel die grondwet die staat as "sekulêr" beskryf, wat 'n neutraliteit tov geloof wil handhaaf en geen godsdiens wil bevoordeel nie, is dit so dat die huidige regering die CCN (Coucil of Churches in Namibia), die groep van kerke wat deel was van die bevrydingstryd, as die eerste linie van kerklike verteenwoordiging beskou.

## 2.6.3. NEGATIEWE EKONOMIESE SITUASIE

In 'n wyer konteks herinner Boshoff (1995:1) daaraan dat Afrika maklik die vergete kontinent kan word in die Noord/Suid "haves and haves nots" destabilisasie. Die ekonomie in Namibië volg op hierdie stadium die ekonomiese patrone in Suid Afrika. Probleem analises en toekomsprojeksies wat 'n negatiewe ekonomiese groei vir Suid Afrika voorspel, raak dus ook Namibië (Boshoff 1995:6; Burger 1992:13). Dit bring 'n verlaagde lewensstandaard vir 'n

groot deel van die bevolking, wat vir sommige ongeletterdheid, werkloosheid, armoede en hongersnood beteken. Daar is 'n groeiende gaping tussen ryk en arm. Hierdie verskynsels het ook weer maatskaplike en sielkundige implikasies, soos bv misdaad en die ervaring van die lewe as doelloos. Dit is nie meer vreemd dat broodwinners oordag hulle werk verloor nie. Verstedeliking neem steeds toe as gevolg van die ekonomiese situasie, en dit stel weer groot eise aan die beperkte lewensbronne van Namibië en aan die lewenskwaliteit. Plaaslike produksievermoë het agtergeraak by die res van die wêreld; feitlik orals is 'n tekort aan geskooldes en 'n oorskot aan ongeskooldes (Boshoff 1995:8).

NG gemeentes in Namibië ervaar reeds ongeveer van 1983 af die druk van die ekonomiese regressie. Dit is vererger deur langdurige droogtes en die onttrekking van Suid Afrika wat 'n groot verlies aan lidmate tot gevolg gehad het. Sedert 1987 het die NG Kerk sy sinodale werksaamhede drasties gerasionaliseer. Daar sal egter vorentoe steeds eise gestel word aan kerklike personeel en strukture asgevolg van finansies. Plaaslik en sinodaal kan baie dinge eenvoudig nie gedoen word nie asgevolg van 'n tekort aan fondse. Die verarming en lewensnood in en om die kerk kan die kerk vorentoe dalk lei tot 'n herwaardering van die aard van sy bediening in die lig van totaal nuwe bedieningsbehoeftes.

### 2.6.4. TOENEMENDE SOSIALE VERBROKKELING.

"Natuurlike lewensverbande waarin mense leef en wat 'n groot deel van hulle opdrag en optrede reguleer, begin disfunksioneer en hulle beteuelende houvas op mense verloor" (Burger 1992:14). Mense word diep beïnvloed deur omgewing, en die gesin is die eerste linie van die omgewing waar jy die lewe ingelei word. Vandag is die beslotenheid van gesinne oopgebreek. Die duidelike omlyning van gesinne het verdof, daar is nou 'n vaagheid en ambivalensie tov die gesinsstruktuur en gesinswaardes. Ouers is onseker en self twyfelagtig oor hulle geloof. Kinders kry die godsdienstige "verpakking" sonder inhoud by hulle ouers, en gooi dan later die verpakking ook weg. Die kombinasie van sosiale verbrokkeling en demokrasie sal

ook pluralisme en indiwidualiteit in ons heterogene samelewing 'n groter werklikheid maak wat die kerk nie kan ignoreer nie. Multi- kulturaliteit in woonbuurtes sal groot eise aan die kerklike bediening stel (Boshoff 1995:20).

Onder blanke geledere is die tradisionele eenheidskultuur van die Afrikaner versplinter; die Afrikaner is skielik nie meer polities, ekonomies en godsdienstig 'n homogene groep nie, terwyl die bediening in die NG Kerk dit as 'n voorveronderstelling aanvaar het. Navorsing het bevind dat die Afrikanerkultuur uiteenval in vier subkulture. (Burger 1991a:14.) Hendriks (1992:141) maak ook van die inligting van die Instituut van Toekomsstudies in Potchefstroom gebruik wat, tov blankes, die verskillende groepe na aanleiding van hulle waardesisteme klassifiseer: 1. Die tradisionaliste; 2. Die gefikseerdes; 3. Die indiwidualiste; 4. Die selfmotiveerders. Dit is nou makliker om anders te wees as ander Afrikaners. Kulturele druk hou nie meer mense in die kerk nie, en so verloor die kerk lidmate. Die sensusopname van 1989 in die NG Kerk (Kerkspieël III) bevestig dat "hoe meer gedifferensieerd die sosiale struktuur van die gemeenskap raak, hoe minder raak die sosiale druk op die indiwidu om godsdienstig meelewend en betrokke te wees" (Smuts 1989:33).

Die groot politieke en waardeverskille maak die bediening van die kerk ook meer kompleks. Ook by swartmense het die tradisionele stam en sosiale verbande hulle houvas op mense verloor. Baie mense ly onder 'n "massiewe vervreemding" (Runia 1988: 84) asgevolg van die moderne mobiliteit en verstedeliking. Geloof is 'n saak van gemeenskap. As mens jou geloof losmaak van jou sosiale omgewing waarin jy geanker is, verloor dit sy betekenis. Nog 'n komplikasie vir die kerk is dat tye van sosiale verbrokkeling ook die opkoms van apokaliptiese godsdiensrigtings sien. Teleurstellings veroorsaak 'n "antipolitieke" en "antikulturele" werklikheidsvreemde spiritualiteit (Burger 1992:18). Hierby sluit ook die bevinding aan dat fundamentalisme enersyds en charismatiese bewegings andersyds toeneem in die soeke na sekerhede (Boshoff 1995:28).

## 2.6.5. DIE INVLOED VAN DIE KERK IN NAMIBIË

Omdat die sake nie werklik van mekaar geskei kan word nie, het die invloed van die kerk in die samelewing al ter sprake gekom. Die wêreldwye tendense in diè verband geld ook tov Namibië. In die lig van al bogenoemde, sal daar vanuit eie geledere al meer vrae en kritiek oor die kerke se rol in die samelewing wees. Ons sit reeds met die feitelike situasie dat die getalle van nie-christene in die parlement, staatsdiens en verwante strukture styg (Boshoff 1995: 16). Die skrywers van die grondwet van Namibië verkies dat die staat gekwalifiseer moet word met die begrip "sekulêr", wat natuurlik deur verskillende mense verskillend geïnterpreteer word. Dit vertel ten minste van 'n verskuiwing van die vorige Christendom paradigma na 'n meer relatiewe, onpartydige verhouding tov godsdiens; godsdiensgelykheid teenoor die vorige beginsel van godsdiensvryheid. Die verskuiwing word ook gesien in dinge soos die vervanging van die christelik-gekleurde godsdiensonderrig van die ou bedeling in skole, met 'n "neutrale" *Moral and Religious Education*, en in die openingsrede van die Eerste Minister tydens 'n kerklike konferensie oor moraliteit: "Promoting these objectives (morality) does not neccessarily require any religious conception of moral life, or more specifically, Christian conception of moral life" (Geingob 1993:2). In Namibië het die vanselfsprekendheid van die invloed van die kerk reeds afgeneem, en daarmee saam ook die sekerhede gebou op wette. Ander waardes as 30 jaar gelede is sigbaar in die daaglikse lewe, soos byvoorbeeld die lisensiëring van gesellinklubs, die wettiging van dobbelary, die inhoud van vermaak en tydskrifte, die debat oor aborsie en die toename in witboordjie- of kantoormisdaad (Vgl. Boshoff 1995: 15). Kerkspieël III het bevind dat godsdiens hier, net soos in die res van die Westerse wêreld, in 'n "marksituasie" (Louw 1985:21) beland het. In 'n pluralistiese samelewing is dit in kompetisie met ander instellings en waardes om die aandag en betrokkenheid van indiwidue. So kry godsdiens 'n relatiewe waarde. (Smuts 1989:34.)

Ook in Namibië, ten spyte daarvan dat dit soms gestel word dat 90% van die bevolking nominaal lidmate van Christelike kerke

is, is die Christendom nie meer 'n deurslaggewende faktor in die publieke ethos van die land nie. Die Christelike godsdiens dreig om sy betekenis vir die samelewing te verloor. Die kerk word teruggeskuif na die private sfeer, met die gevaar dat die kerklike bediening aangepas word om die indiwidu se voortbestaan en gerief te verseker. In 'n heterogene samelewing soos in Namibië, loop die kerk die gevaar om dan 'n kerk vir 'n bepaalde groep te word. Volgens Louw (1985:24) is dit spesifiek vir die NG Kerk 'n groot gevaar om kompromie aan te gaan met die belange van 'n bepaalde klassegroep: "Op hierdie wyse word die kerk immuun vir die sosiale en maatskaplike probleme".

### 2.6.6. KERKLIKE VERHOUDINGS IN NAMIBIË

Burger (1992:19) sien verskeurdheid van die kerk as die grootste probleem van die kerk in Suid Afrika. Die miskenning van gemeenskap met ander Christene is 'n diepliggende oorsaak van oordeelsfoute wat die NG Kerk in die verlede gemaak het. Die apartheidsbestel het 'n diepgaande verwydering tussen kerke gebring. Daarby het die grensoorlog in Namibië ook die kerke alhier gepolariseer. Besluite van die NG Kerk, ook die NGKN die afgelope jare, dui aan dat die NG Kerk inderdaad op 'n "breuklyn" tov sy verhouding met die familie van NG Kerke is. Ons sien dit veral in besluite oor die sonde van rassisme en apartheid, en die eenwording van die NG Kerkfamilie. Die familie van NG Kerke het ook die Raad van NG Kerke in Namibië as 'n gespreksforum. Naas informele kontak, het die NGKN in Oktober 1993 die eerste keer 'n amptelike gesprek met die CCN gehad, wat in 1996 daarop uitgeloop het dat die NGKN waarnemerstatus by die CCN verkry het. Verskeie denominasies het met die inisiatief van die NGKN vir die eerste keer in die geskiedenis van Namibië saam die platform betree tydens 'n moraliteitskonferensie. Uit al hierdie ontmoetings is dit duidelik dat die pad na versoening, in die lig van ou paradigmas, ook in die lig van die NG Kerk se aandeel aan apartheid, nie 'n kortpad gaan wees nie. Die NG Kerk het geloofwaardigheidskrisis, en die CCN loop met die bandjie van bevrydingsteologie om sy nek.

Volgens Boshoff (1995:24) is die "middelgrond waardes" wat

gedeel word tussen wit en swart 'n belangrike element in kerklike samewerking. In die kerk sal die versoening van die evangelie sigbaar moet word. Eers as medegelowiges mekaar in die kerk kan vind, is daar hoop vir die wêreld, want die versoening staan in diens van die Koninkryk van God.

## 2.7. SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat ons tans 'n tydperk in die geskiedenis beleef waarin radikale veranderings op alle terreine van die lewe sigbaar word. Die mensdom ervaar dat hy al meer leef in 'n wêreld sonder God. Die kerk het nie meer 'n invloed op die samelewing nie. Sekularisasie en modernisme bring 'n totale sinverlies en 'n ontnugterde en onvergenoegde lewensgevoel. Juis daarom sien ons ook vandag 'n soeke na 'n nuwe soort transendensie, na norme, singewing, mensvriendelikheid, 'n beter wêreld. In suidelike Afrika, spesifiek ook in Namibië, het daar groot veranderinge plaasgevind wat meestal verband hou met wêreldwye en plaaslike staatkundige veranderinge. Daar is tans 'n omwentelingsproses aan die gang tov die samelewing se denke, opvattings en waardesisteme, wat ook onsekerhede, frustrasies, vrese en verwagtinge losmaak. Naas die politieke veranderinge, gaan die ekonomie agteruit, neem sosiale verbrokkeling toe en word moreel-etiese kwessies 'n al groter probleem in die samelewing. In hierdie omstandighede het die kerk die uitdaging om sout en lig vir die wêreld te wees. In die volgende hoofstuk gaan ons kyk hoe die kerk hierdie uitdaging om werklik relevant te wees, kan aandurf.

# HOOFSTUK 3

# DIE KERK AS DIENSKNEG

In hierdie hoofstuk kom die lyne van die vorige twee hoofstukke bymekaar. Die verhouding tussen genade en natuur, tussen kerk en wêreld, soos uiteengesit in hoofstuk 1, word hier konsekwent deurgetrek om uit te kom by 'n bepaalde model van kerkwees in die wêreld, nl. die kerk as dienskneg. Dit is 'n model waarin die kerk groter erns maak met die konteks, die wêreld, en ook die algemene openbaring. Omdat dit vir God om die wêreld gaan, word die kerk geroep om God se liefde in die wêreld sigbaar te laat word.

In die lig van die samelewingsveranderinge wat in hoofstuk 2 bespreek is, sal die kerk nie op 'n nuwe manier by die wêreld betrokke moet raak om relevant te bly. Die kerk sal alleen 'n rol kan speel as hy dienend, "van onder af" die moontlikhede skep vir 'n alternatiewe lewenswyse. Die kerk beïnvloed nie meer die wêreld deur institusionele mag en gesag of groepdruk nie, maar deur te dien. Hy bring genesing deur te deel in die wonde van 'n stukkende wêreld.

## 3.1. ALGEMEEN

In die opsommings van die verloop van die All African Conference of Churches (All African Conference of Churches: 1991) oor die tema: "Problems and Promises in Africa", word die volgende stelling gemaak: "The church must be renewed if she is to cope with the dramatic changes taking place in the world today". Vanuit Vatikaan II kom die oproep tot die kerk om op datum te kom wat betref sy leer en sy institusionele strukture (Dulles 1988:91). Die kerk sal die wêreld se prestasies moet erken en selfs by die wêreld leer, sodat hy nie sy vermoë om die evangelie te verkondig verloor nie (Dulles 1988:91). Die kerk heers nie meer oor die samelewing nie. "Die kerk kan nie meer simplisties verklaar en aankondig dat God die Here is nie. Die samelewing het doof geraak vir hierdie soort kommunikasie patroon" (Nel 1994:23). Volgens Boshoff (1995:1) sal die kerk moet funksioneer binne 'n nuwe samelewing met nuwe spelreëls. Dit vra dat dinge anders gedoen moet word. Die kerk sal die spelreëls moet ken as hy die rigting in die samelewing positief

wil beïnvloed.

Op watter wyse moet die kerk die sout en die lig vir die wêreld wees, die wêreld beïnvloed? Om dit nou maar kort en kras te oorvereenvoudig: moet die kerk die wêreld bekeer of die wêreld dien? 'n "Bekeringsbenadering" word veral aangetref onder groepe wat hulleself as "evangelies" beskou, en diens aan die wêreld is veral weer die sg. "ekumeniese" bewegings se nadruk. Bekering gaan breedweg oor die getuienis van die kerk en die bring van buitestaanders in 'n verhouding met die evangelie en die gemeenskap van gelowiges. Die gevaar van die benadering soos dit in die geskiedenis duidelik geword het, is militêre en religieuse imperialisme, 'n gedwongenheid, manipulasie en selfs moralisme (Mead 1991:46). In die dienskneg gestalte van die kerk gaan dit oor 'n gerigtheid op die samelewing se probleme en die reflektering van Christus se manier van lewe in die wêreld. Die vrugte hiervan in die geskiedenis is indrukwekkend: skool-, gesondheids- en maatskaplike sisteme. Die gevaar van die benadering is die verlies aan diepte en begronding as die verbinding met Christus verloor word (Mead 1991:47). In die kerk van die toekoms sal verby die teenoormekaarstelling van die twee benaderings gegroei moet word, maar met behoud van die polariteit daartussen. In navolging van Christus is sowel getuienis as sosiale aksie deel van die kerk se roeping in die wêreld.

<u>Ek sal graag wil aantoon dat die NG Kerk in Namibië die uitdagings van 'n nuwe tydperk die beste sal kan beantwoord vanuit die perspektief van diens</u>. "Die aanduidings is daar dat in die moderne en postmoderne eras wat vir ons voorlê, diensbereidheid meer as enigiets anders deurslaggewend gaan wees vir die kerk se oorlewing en rol in die wêreld" (Burger 1992: 21).

## 3.2. DIE NG KERK IN NAMIBIË EN DIENS.

Dit is so dat die primaat van die Woord in die NG Kerk gemaak het dat die saak van dienswerk oor baie jare sterk en dringend aangespreek is. Trouens, die NG Kerk, ook in Namibië, het omvattende strukture vir "diens van barmhartigheid" tot stand

gebring, waardeur, in vennootskap met die staat, groot diensprojekte van stapel gestuur is (Rossouw 1991: 487-488). Hier dink mens veral aan ouetehuise, kinderversorginsinstansies, hospitaal en maatskaplike werkdienste. Behalwe die kerk se formele betrokkenheid, is talle lidmate ook in meer persoonlike hoedanighede betrokke by die instansies deur insette na behoefte te lewer. In gemeentes van die NG Kerk word daar sonder skroom aandag gegee aan behoeftige gesinne, siekes, bejaardes en ander vorme van nood. Die "missionêre diakonaat" in al sy vorme funksioneer in 'n mindere of meerdere mate ook in die gemeentes. Die inslag van die diensmotief in die kerk is egter die duidelikste sigbaar in die spontane, informele onderlinge versorging van mekaar in gemeentes en selfs ook in 'n geringer mate na buite.

As ons egter sê dat die NG Kerk die uitdagings van die tyd die beste kan beantwoord vanuit die perspektief van diens, dan gaan dit egter oor iets meer. Dit gaan daaroor dat die kerk alreeds in die manier waarop hy bestaan, iets moet sê van sy houding van diensbaarheid tov die wêreld. Dat daar baie aandag aan dienswerk in die kerk gegee word, beteken nog nie dat die kerk sy basiese styl in die wêreld in diensbaarheid en in 'n dienskneggestalte vind nie. Eerstens is dit so dat die NG Kerk, soos enige gevestigde kerk, heelwat aandag gee aan die instandhouding van die strukture. Reeds in die wyse waarop die kerk instituut is, en dan ook in dit waarmee die kerk besig is, kan die dienskarater van die kerk versluier word. In die veranderende omstandighede in Namibië, kan dit ook waar wees dat lidmate in die kerk 'n veilige laaste vesting soek waarin die status quo ten alle koste gehandhaaf moet word ter wille van oorlewing, wat tot gevolg het dat na buite gerigte diens nie tot sy reg kom nie. Burger (1991a: 134) wys ook op die moontlike eensydighede in die Woordverkondiging in die NG Kerk, wat, miskien heel onbedoeld, 'n "onderliggende kultuur" kon versterk dat die dienskant van geloof, hoe prysenswaardig ook al, ten diepste 'n opsionele saak is. Om Jesus as voorbeeld en model te volg, sal verstandelike instemming vind, maar dit bly vir meeste lidmate 'n vreemde werklikheid. Hierdie drie sake lei daartoe dat die appêl tot diens eintlik bots met die strukture, prosesse, lewe en persepsies in die gemeente. Bv.

indien geleentheid tot diens wel bestaan, maar langs die weg van gekontroleerde, rigiede bedieningspatrone wat holrug gery raak, kommunikeer dit 'n sekere boodskap aan lidmate. Baie dienswerk is ad-hoc, toevallig, opsioneel, lukraak en beperk, omdat 'n intergrerende blikpunt, 'n fokus vir die kerk se lewe, ontbreek. Ten spyte van baie dienswerk, kommunikeer die NG Kerk in Namibië vir die omliggende gemeenskap nie 'n dienskneggestalte nie, wat deels ook die gevolg is van histories-polities gevormde persepsies en werklikhede.

Die fokus van die kerk rondom die saak van diens, gaan dus, soos reeds gesê, om baie meer, eintlik om iets kwalitatief anders in die bestaanswyse van die kerk. Dit gaan om 'n wyse van kerk-wees, sout en lig wees, wat 'n geloofwaardige gestalte vir die getuienis van die evangelie is in 'n "na-koloniale", sekulêre, post-moderne tyd. Avery Dulles (1988:89-102) en Howard Snyder (1983: 132-145) praat, in terme van die sg. kerkmodelle- teorie, van die kerk as dienskneg ("Church as Servant") en dit is waarby ek graag dan wil aansluit. Dit gaan dus nie om 'n dienswerk model vir die kerk nie, maar om 'n model van die kerk as dienskneg. Dit is so dat die kerk nie net vanuit hierdie hoek bekyk kan word nie. Die bedoeling is nie om die kerk uitsluitlik in terme van diens te verklaar nie, maar om dit meer deel te maak van die bestaanswyse van die kerk, om daaraan 'n nuwe beklemtoning te gee in samehang met die positiewe elemente in ander modelle.

### 3.3. 'n NUWE VERHOUDING KERK -WÊRELD.

In die ander kerkmodelle wat Dulles (1988) bespreek, soos die kerk as instituut, die kerk as mistieke gemeenskap, die kerk as sakrament, die kerk as getuie, het die kerk 'n bepaalde voorkeurposisie tov die wêreld. Die kerk is die aktiewe subjek wat die wêreld as objek moet beïnvloed. In die model van die kerk as dienskneg, word baie meer erns gemaak met die wêreld wat eintlik maar in dieselfde bootjie as die kerk is. In die dokument "The Pastoral Constitution on the Church in the Modern World" van Vatikaan II word 'n geheel nuwe verhouding tussen kerk en die wêreld van vandag gestel (Dulles 1988: 91). Studies wat Vatikaan II voorafgegaan het, het die weg geopen vir

Vatikaan II om tot 'n meer positiewe waardering van die wêreld te kom. Die aardse en tydelike werklikhede het 'n waarde van sy eie. Die menslike kultuur en wetenskap het 'n legitieme outonomiteit (Dulles 1988: 91). Die wêreld word gesien, nie maar net as die speelveld van die Bose nie, maar ook as die terrein van die ontplooiing van die kerk en Koninkryk (Doohan 1984: 9). Vatikaan II praat spesifiek van die kerk as 'n sakrament vir die wêreld, in die wêreld, om die wêreld te dien (Doohan 1984:9). Die boodskap is duidelik dat die kerk die prestasies van die wêreld moet erken en op 'n nuwe manier by die wêreld betrokke raak as die kerk op 'n relevante manier sy roeping wil vervul (Dulles 1988:95). Hierdie nuwe verstaan van die verhouding kerk en wêreld kan oa ook gesien word as 'n gevolg van die hele sekularisasieproses.

In samehang met of as deel van hierdie ontwikkeling, het daar vanuit 'n belydenisoogpunt 'n herwaardering van die Bybel se siening van die Koninkryk van God gekom. Juis na Vatikaan II het die klem in die teologie begin verskuif van die kerk as 'n sakrament in die wêreld na die kerk se roeping tot transformasie van die wêreld in die lig van die Koninkryk van God. God kom in Jesus aarde toe en Hy kom werk met die mens, hier op aarde. Hier kom Jesus God se heerskappy herstel en begin 'n historiese proses waardeur die wêreld en die mensdom vir God teruggewen word (König 1983: 26). Die Koninkryk van God is 'n nuwe orde, waar God alles in almal is (1 Kor.15:28), dit is 'n omvattende begrip, wat 'n "heel", regverdige, vredevolle samelewing insluit, met die spanning tussen die "alreeds" en die "nog nie" (König 1983: 43). Boff (1986:51) wys daarop dat Jesus nie soseer die "kerk" verkondig nie, maar die "Koninkryk van God", en in aansluiting by Sy Koninkryks-gelykenisse, is Sy wonderwerke veral tekens wat Hy hier en nou oprig van die Koninkryk van God. Omdat Christus self Sy dienswerk voortsit deur die kerk, bestaan die kerk terwille van die Koninkryk van God en so terwille van die wêreld (Nel 1994: 36). Die kerk se taak is om Christus se voortgaande verlossing van die wêreld te bemiddel, om mee te werk aan die koms van Sy Koninkryk (Doohan 1984:13). In die tye wat ons in leef, waar die kerk nie meer die samelewing oorheers nie, het die kerk nog 'n groter verantwoordelikheid om 'n eskatologiese teken van die

komende ryk van God wees (Nel 1994: 23). As teken van die Koninkryk is die kerk gerig op die verandering van die wêreld in die sin dat die kerk mense moet help om die Koningskap van God te erken op alle terreine van die lewe (Nel 1994: 23). Die heil wat Christus bring, sluit die vernuwing van die samelewing en uiteindelik van die ganse wêreld in (Van Wyk 1986: 13). Ontwikkeling van die wêreld word so positief waardeer as uitvloeisel van die historiese en eskatologiese sentraliteit van Christus in die ontplooiing van die wêreldgeskiedenis (Doohan 1984:15). Mensgemaakte strukture en sisteme moet al meer aan die voortgang van die Koninkryk van God en sy geregtigheid diensbaar gemaak word. Volgens Theron (1984: 32,33) is die kerk die instansie wat voortdurend daaraan herinner: "God se somer kom". Nel (1994: 24) sê dat dit die omvattende bestaansdoel van die kerk is. "God herwin sy wêreld, of anders gestel, God laat Sy Koninkryk kom, langs die weg van diens in en aan die wêreld" (Nel 1994 :34). Volgens Snyder (1983:145) is dit die dienskneg kerk wat so vry is vir die Koninkryk.

In die veranderde samelewing staan die kerk en die wêreld in 'n ander verhouding tot mekaar as wat die afgelope eeue die geval was. In hierdie veranderde verhouding tussen kerk en wêreld is die kerk ongeveer weer in dieselfde situasie as wat die vroeë kerk was. "Once again, Christians are a small minority in the midst of a dispairing and pagan world, and they are confronted on every side with violence, hostility, ignorance, widespread immorality, and existensial dispair" (Stedman 1972:145). In hierdie omstandighede is dit die kerk se roeping om die helende bediening van Christus voort te sit in die wêreld, nie met arrogansie en hoogmoedigheid, nie met beterweterigheid en soeke na eie eer nie, maar met nederigheid, liefde, geduld en eensgesindheid (Stedman 1972:17,18; Efesiërs 4:2,3). In die nuwe verhouding tussen kerk en wêreld, met sy waardering van die aardse en tydelike werklikhede, dien die kerk deur sy invloed, en nie deur mag nie (Doohan 1984: 11). Anders gesê, beïnvloed die kerk die wêreld nie deur die mag van die kerk as instituut nie, maar deur te dien. Alhoewel die kerk nie kan klaarkom sonder 'n instituut-kant nie, word daar tog gepleit vir 'n "minimalisering van die instituut" (Burger 1991a:133).

Namate die primaat van die kerk as instituut prysgegee word, is daar 'n verskuiwing van die kategorieë van mag na die kategorieë van liefde en diens (Dulles 1988: 101). Snyder (1983:132) dui aan dat die geskiedenis wys dat diensbaarheid na die voorbeeld van Christus, altyd 'n heilsame teenhanger van die kerk se neiging tot institusionalisme en triomfantalisme was.

## 3.4. SKRIFGETUIENIS OOR DIE KERK AS DIENSKNEG.

Die gedagte van diensbaarheid loop soos 'n goue draad deur die Skrif. Reeds in Genesis 12, met die roeping van Abraham, word bevestig dat dit in die roeping van die volk Israel nie om hulle eie belange gegaan het nie, maar dat die volke van die aarde deur hulle God se seën sal ontvang. Die verlossingsdade van God in die Ou en Nuwe Testament moet binne hierdie raamwerk van die uiteindelike "universele oorwinning van die heil" (Burger 1991a: 125) verstaan word. Die besondere plek van die wet in die lewe van Israel wil sê dat God se genadige betrokkenheid by die mens werksaam word in die wêreld, hande en voete kry, deur menslike dade van diens aan God en die medemens (Vgl. Burger 1991a: 125). Israel se groot fout was dat hulle vergeet het dat hulle verkiesing juis 'n verkiesing tot diens is. Jesus Christus kom in die Nuwe Testament, en pas die dienskneg motiewe in gedeeltes soos Jesaja 42 en Jesaja 61 op Homself toe (Lukas 4:16-19). Hierdie Jesus toon dat Hy die Christus en die Kurios is langs die weg van diens. Sy Persoon en Werk word meermale saamgevat met die diensmotief waarin Hy Homself dan ook tot die uiterste toe, tot die kruis toe, gegee het (Markus 10:45; Johannes 13; Fillipense 2:7-8). Dit het Hy gedoen vanuit 'n volkome oorgawe aan die wil van Sy Vader en vanuit 'n diep bewoënheid vir die mens in nood. Nouwen (1982:24) sê na aanleiding van Filipense 2:6-8: "Here we see that the compassionate God who revealed himself tot us in Jesus Christ is the God who became a servant. Our God is a servant God". "Not only did he became human, but he also became human in the most dejected en rejected way" (Nouwen 1982: 26). God wil geken word as die dienskneg God. Die geheim van die heil, die heelheid, wat Christus gebring het, lê nie in Sy oormag oor armoede, siekte, lyding en dood nie, maar in Sy prysgawe aan

lyding en Sy gehoorsaamheid tot aan die kruis - wonde word deur wonde genees (Moltmann 1984: 29). Dit is hierdie God wat ons in 'n gebroke wêreld moet verteenwoordig.

Net soos Christus nie in die wêreld gekom het om gedien te word nie, maar om te dien, net so word die kerk ook geroep om te dien. Jesus se diens word meermale aan die dissipels as voorbeeld voorgehou, nie as 'n opsionele ekstra vir die "toegewydes" nie, maar as gegee in die navolging van Hom. Juis in die lig hiervan wys Burger (1991a: 124,134) daarop dat diens nie maar net die gevolg van geloof is nie, maar self inherent deel van geloof is. Diens in die kerk is dus altyd gekoppel aan Christus. En net soos met Christus, is die dienswerk ook 'n oproep om te deel in Sy kruisweg. Net soos by Christus, definieer die kruis die dimensies van die diens van die kerk (Snyder 1983:138). Om in ons omstandighede vandag getrou te wees aan ons belydenis, hou in dat die kerk meer gekenmerk moet wees deur die kruis as deur die kroon (Snyder 1983: 139). As Jesus ons roep, roep Hy ons om te kom sterf (Bonhoeffer). Die kerk gee sy lewe weg in diens aan die wêreld. Diakonie onder die kruis beteken om lyding te aanvaar, om daagliks aan die eie angste te sterf. Die opstandingshoop maak tot hierdie lyding bereid. (Moltmann 1984:32.) Ware hulp kom net soos met Jesus, deur te deel in die wonde - vgl. Nouwen se "wounded healer". Om 'n dissipel te wees beteken om deel te wees van die dienswerk van Christus in die wêreld, al kos dit wat. Nouwen (1979: 73) sê van christelike leierskap: "The beginning and the end of all Christian leadership is to give your life for others". Snyder (1983:134) haal BT Roberts aan: "No one can be a follower of the fashions, and a follower of Christ. If we go with Christ only so far as the the proud and the wordly go, and leave him where they leave him, then it is the world that we are following, not Christ". Dit is immers waarvoor mense gered word: "...om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het" (Efe.2:10). As Jesus praat van die koringkorrel wat moet sterf om lewe te bring, as Hy praat van die vind van die lewe deur dit weg te gee, dan dui dit daarop dat 'n mens die diepste sin van jou lewe en vervulling, ja die lewe self, vind in diensbaarheid aan God en die naaste (Burger 1991a: 130). Die dienskneg kerk "believes in the ultimate victory of

the Kingdom of God, but trusts that this victory comes through the miracle and paradox of crucifixion, the life laid down" (Snyder 1983:144).

Nel (1994:34,35) wys op die belang van die doop vir Paulus as 'n doop tot diens: "Om gedoop te wees is om 'n nuwe Here (Eienaar) te hê en om in sy diens te wees. Om Hom te dien is meteen ook om in die gemeente en as deel van sy gemeente in die wêreld te dien". By Paulus is Christen-wees en dienswerker-vir-Christus-wees sinoniem (Vgl.Rom 16). Hyself ken nie 'n ander bestaanswyse nie. "Sy lewe word totaal in beslag geneem deur die insig dat Hy nou (na sy inlywing in Christus) nie meer vir homself kan en mag en moet lewe nie, maar vir Christus" (Nel 1994: 35). Runia (1988: 102) haal Henry Chadwick aan wat van die vroeë kerk gesê het dat die praktiese toepassing van die liefde waarskynlik die kragtigste rede vir hulle sukses was. Die opmerking van 'n heiden: "Kyk hoe lief het hulle mekaar", was nie ironies bedoel nie. Dit was gesien in dade van liefde (Runia 1988: 102).

*Diakonein* (dien) en *doulein* (dien) word in die Nuwe Testament toegepas op die kerk. Dit dui op die "behoort aan" Christus soos 'n slaaf, volkome tot diens van sy Heer, en dit dui op die nederige gewilligheid om te dien soos die Meester (Nel 1994: 35). Dit sluit alle soorte dienswerk in die kerk in, soos bv. die bediening van die Woord, van die sakramente, van versoening, materiële hulpverlening en die dienswerk van die ampte (Dulles 1988: 99 ; Snyder 1983: 133). Dit gaan dus om baie meer as net dade van barmhartigheid. Nel (1994: 36) verwys na Collins wat die begrip *diakonia* omskryf as 'n handeling wat uit liefde vir God en tot voordeel van die naaste gedoen word. Snyder (1983: 133) wys daarop dat die woord diakonia altyd in die raamwerk van persoonlike verhoudings funksioneer. In die diakonia gaan dit om elke gelowige se persoonlike dienswerk, en ook die manier waarop die hele geloofsgemeenskap saam dien. As 'n dryfkrag bepaal dit die liggaam van Christus in so mate dat die Christelike gemeenskap gesien word as "lewende instrument van diens ('n diensorganisme) in die wêreld" (Nel 1994: 36) en gevolglik 'n "heilenden Gemeinschaft" (Moltmann 1984:73). "The service which counts is not that which is performed at the

altar but the service which reaches from altar to human kind; the true liturgy of the christian community is its diakonia" (Collins, soos aangehaal deur Nel 1994: 36).

## 3.5. MODERNE EKKLESIOGIEË

Die onderliggende teologie en gesindheid van hierdie wyse van kerkwees, word die beste beskryf met die beeld of model van die kerk as dienskneg. Dulles (1988: 92) wys daarop dat hier inderdaad 'n nuwe teologiese metode op die spel is: "This method may be called 'secular-dialogic': secular, because the Church takes the world as 'n properly theological locus, and seeks to discern the signs of the times; dialogic, because it seeks to operate on the frontier between the contemporary world and the Christian tradition (including the Bible), rather than simply apply the latter as a measure of the former".

In 'n pastorale brief met die titel "The Servant Church" wat in 1966 deur Kardinaal Cushing van Boston uitgee is, word die beeld van Christus as dienskneg sterk geteken, en in 'n tweede deel word hierdie lyne dan deurgetrek na die kerk as liggaam van Christus wat dan ook 'n dienskneg-kerk moet wees: "So it is that the Church announces the coming of the Kingdom not only in word, through preaching and proclamation, but more particularly in work, in her ministry of reconciliation, of binding up wounds, of suffering service, of healing....As the Lord was the 'man for others', so must the Church be 'the community for others'" (Aangehaal deur Dulles: 1988: 92).

Teoloë soos Teilhard de Chardin en Dietrich Bonhoeffer worstel om die "wêreld van God" en die "wêreld van die mens" teologies op mekaar te betrek in die lig van 'n oortuiging dat dit nie genoeg is om maar net eensydig te luister na die teks van die besondere openbaring, terwyl die werklike vrae van die wêreld nie beantwoord word nie (Dulles 1988: 93). Dulles (1988: 95-97) verwys na 'n hele aantal ekklesioloë wat sedert die sestigerjare hierdie sekulêr-dialogiese teologiese styl beklemtoon, en daarmee saam die gedagte van die kerk as dienskneg. Ek verwys hier net nog na ses teoloë: Gibson Winter, Harvey Cox, JAT Robinson, Robert Adolfs, Klaas Runia en Jürgen

Moltmann. In sy boek "The New Creation as Metropolis" pleit Winter (Dulles 1988:95) vir 'n dienskneg kerk wie se verantwoordelikheid dit is om ten dienste van die hele mensheid God se beloftes en teenwoordigheid in die geskiedenis te herken en erken. Cox (Dulles 1988: 96) sê in "The secular city": "The church's task in the secular city is to be the *diakonos* of the city, the servant who bends himself to struggle for its wholeness and health". Die volgende aanhaling uit Robinson se "The New Reformation" is ook van belang: "The house of God is not the Church but the world. The Church is the servant, and the first characteristic of a servant is that he lives in someone else's house, not his own" (Dulles 1988: 96). Adolfs in "The Grave of God" werk met die Pauliniese konsep van *"kenosis"* in Fil. 2:7. Jesus het "Homself verneder *(hèauton ekenosen)* deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem". Hierdie aflegging van heerlikheid en mag deur Jesus sê dat die kerk ook alle aansprake op mag, eer, ens. moet aflê om dan nie met mag te regeer nie maar om met liefde aan te trek (Dulles 1988: 96). Ook Runia (1988: 102) sê dat die gemeente van die toekoms 'n diakonale styl moet hê. Moltmann (1984) se teologie van die gekruisigde God lê ook klem op God as lydende kneg. Dit is dan die kerk se taak om die lyding van die wêreld op hom te neem. Hoe groter 'n mens se liefde vir die wêreld is, hoe sterker raak die ellende in die wêreld jou, hoe meer ondraaglik raak ander se lyding vir jou (Moltmann 1984:31). Diakonia is in navolging van Christus "diakonie unter dem Kreutz" (Moltmann 1984:28).

Die kerk se diens in hierdie model is nie primêr gerig op die lidmate van die kerk self nie, maar op die wêreld wat soek na waardes, bemoediging, hoop, 'n luisterende oor of materiële hulp in nood (Dulles 1988: 97). In hierdie model is die doel van die kerk nie om nuwe lede te verwerf nie, of om sy eie belange te bevorder nie, maar om alle mense te help wie hulle ook al is, waar hulle ook al is, sonder 'n verborge agenda. Mense se hoop op die Koninkryk van God moet lewend gehou word (Dulles 1988: 97). 'n Belangrike perspektief in die verband, is die feit dat daar soms 'n filosofie onder Christene is dat net die wat regtig hulleself nie kan help nie, gehelp moet word, of andersom, dat die kerk die moet help wat hulleself help.

Hiervolgens verdien mense dit dan eintlik om hulp te kry. So siening is strydig met die genade van God en hou nie rekening daarmee dat niemand van ons hulp verdien nie, en dat God tog sonder onderskeid gee (Snyder 1983: 141).

## 3.6. REDES WAAROM DIE MODEL BELANGRIK IS

Die belangrikheid van hierdie model lê daarin dat dit wesenlike behoeftes in die kerk en in die wêreld aanspreek. Die wêreld van vandag het behoeftes wat net die kerk kan gee. Net die kerk (of dan godsdiens) kan werklik sin aan die lewe gee. Die groter werklikheid van God se komende Koninkryk kan hoop, uitsig en genesing bring vir 'n wêreld wat vasgeval het met sy prestasiebeheptheid en materialisme. Die aard van die wêreld waarin die kerk hom vandag bevind roep na liefde, vergifnis, vrede, versoening, gemeenskap, 'n gefokusde lewe, selfontplooiing, geregtigheid, ens., waardes waarsonder die wêreld nie kan draai nie, waardes wat die kerk kan gee. Die kerk kan ook betrokke wees by fisiese en materiële hulpverlening van watter aard ookal.

Die kerk het egter vandag so gevestigde instelling geword dat die lewe van die kerk meestal in hoofsaak gaan oor die instandhouding van homself. Die aanname bestaan in baie kerke dat die kerk vir homself bestaan, en dat die mense in die omgewing potensiële lidmate is wat gewen moet word, eerder as dat dit mense is wat gedien moet word (Snyder 1983:132). Ook die NG Kerk se instituut-kant is sterk ontwikkel, met die gevolglike bewustheid van sy eie behoeftes en sy eie beeld (Burger 1991a: 133). Deur hierdie besorgdheid oor sy interne sake, het die kerk vervreemd geraak van die wêreld waarin hy hom bevind. 'n Magdom ander faktore speel natuurlik ook hier in, soos wat ons in hoofstuk 2 gesien het. Waar die evangelie juis God se groot kommunikasie met die wêreld is, het daar 'n kommunikasiebreuk tussen die draer van die evangelie, die kerk, en die wêreld ontstaan (Vgl. Dulles 1988: 98). Die kerk het so lewenskragtigheid en invloed verloor. "The language and structures of the Church have not kept pace with the development of human culture in general" (Dulles 1988: 98). Die wêreld sien die kerk as bedelaars op die punt om uit besigheid

te raak, mense wat altyd uitkyk om dinge verniet te kry, of 'n klooster met inwoners met een boodskap : "Come in and join us" (Sjogren 1939:146).

Die ekklesiologie wat werk met die kerk as dienskneg, bied aan die kerk 'n nuwe moontlikheid om relevant te wees in die wêreld (Dulles 1988: 98), om saakmakend kerk van Jesus Christus te wees (Agenda NGKN Sinode 1991: 21). Dit kan 'n nuwe vitaliteit en gerigtheid in die kerklike bediening bring. Die kerk, wat as 'n verlore saak en as irrelevant gesien word, kan weer geloofwaardig word en sy integriteit kan herstel word deur uitreiking na nood, deur instrumenteel te wees in die bemiddeling van die genade van God deur vergifnis, aanvaarding en liefde, ja, die bemiddeling van 'n alternatiewe manier van lewe (Sjogren 1993:146). As die kerk daarin kan slaag om afstand te doen van sy ingekeerdheid op homself, van soeke na mag en van sy afkeer in menslike ellende, die wêreld waarin hy homself bevind ernstig opneem, homself sien as 'n diensgemeenskap met die oog op die wêreld, kan dit inderdaad lei tot geestelike vernuwing in die kerk en nuwe hoop in die wêreld. "The human heart is designed by the Creator to respond to the presence of love" (Sjogren 1993:164). Daarom veroorsaak nederige diens dat die wêreld sal kennis neem van ons lewens en luister na ons boodskap (Sjogren 1993:19). Die kerk as dienskneg kan weer die wêreld laat regop sit soos in die eerste eeu na Christus. Die kans is net groter dat die wêreld 'n tweede keer sal kyk na 'n kerk wat selflose diens lewer sonder 'n verborge agenda. Waar die wêreld eintlik verwag dat ons sal "preek", sal dit amper skokkend wees as die verwagting deurbreek word met eenvoudige, praktiese liefdesdade. In die kerk as dienskneg model kan die Hoofskap van Christus deur sy Woord en Gees op 'n meer direkte wyse gestalte kry in die dienswerk van lidmate. Die kerk word vandag geroep om "a centering presence from which we may serve the new world that God is creating around us" te wees (Mead 1991:87). Dit kan vir mense van 'n nuwe era in hulle soeke 'n aanvaarbare alternatiewe gemeenskap wees, 'n unieke gemeenskap wat leef volgens Koninkrykswaardes.

In die lig van voorafgaande is dit duidelik dat net 'n kerk wat

werklik diensgemeenskap is, 'n relevante rol kan speel in Namibië. Met enkele opmerkings wil ek die stelling verder motiveer. Die meer globale, algemene opmerkings is en bly relevant vir Namibië. Bykomend sit ons met konkrete werklikhede in Namibië.

Die NG Kerk by name word met groot vooroordeel bejeën ten opsigte van sy na-pratery van die regering van die vorige apartheids- bedeling en die wyse van inspraak by die regering. Die NG Kerk sal geloofwaardigheid kry as hy baie konkreet met diens, met liefdesdade, by die Namibiese gemeenskap betrokke raak. Nog belangriker is dat die NG Kerk opnuut sy eie identiteit, waarin ons nie alte menslik oor die kerk moet dink nie, maar in terme van God se bedoeling met die kerk, vind. Die kerk kan homself weer ontdek as 'n nuwe skepping van die Gees, as 'n eskatologiese werklikheid, as deel van die wêreldwye gemeenskap van gelowiges. Lidmate kan dit begin ervaar dat die lewe op 'n ander plek begin as wat voorspoed, materialisme of selfgerigtheid ons normaalweg laat dink. "As dienende, vreugdevierende, belydende en missionêre gemeenskap moet die kerk sy weg deur die wêreld vind" (Malan 1992: 124). Dit is in hierdie verband wat Ds AJ de Klerk in sy openingsrede tydens die NGKN Sinode op 14 Oktober 1991 gesê het dat die NG Kerk in 'n nuwe bedeling eintlik nou bevry geraak het om sy soutfunksie op die regte manier te kan uitoefen (Not. NGKN Sinode 1991:354). In die Herderlike Brief aan gemeentes is die volgende gesê:

> "Ons kerk sal so moet leef en optree teenoor ons mede landburgers dat liefde en versoening sigbaar word. Ter wille van Jesus Christus het ons geen ander keuse as om los te breek uit ons moontlike hoogmoed en eksklusiwiteit, en om Barmhartige Samaritaan te word vir ons mede-mens in nood. Binne die warme geborgenheid van die erediens word ons bewoë wanneer die waterdruppels van die doop op 'n kindjie se voorkop neerkom. Laat ons dan nou vanaf die doopvont die water neem, en in die harde lewe daarbuite gaan sement maak en stene maak en huise bou vir die dakloses. Omdat ons deur die Bloed van Jesus verlos is, en omdat ons regtig vir Hom wil dankie sê, en geleer het om

Jesus raak te sien in andere. Hy wat gesê het: Ek was honger....naak......dors!" (Not. NGKN Sinode 1991: 356).

Die grootste kerke in Namibië (wat saamgegroepeer is in die CCN), was vanuit die "bevrydingsteologie" by die sg. bevrydingstryd betrokke. Terwyl hierdie teologie vele aspekte het wat nie vir teoloë in die NG Kerk aanvaarbaar is nie, het dit tog in geheel 'n "sterk Bybelse en teologiese fundering" (Hendriks 1992: 33). Vanuit die dienskneg gestalte van die kerk word sterk gewerk met die transformasie van die wêreld. Hulle sterk punt is juis die betrokkenheid van die kerk, deur "gewone" lidmate, by die totaliteit van die samelewing; 'n meer defnitiewe Koninkryksperspektief.

Bevrydingsteologie het onstaan uit menslike lyding, smart, dood en vernedering. Dit het ontwikkel omdat mense gevra het: O God, hoe lank nog? O God, hoekom, waarom ly ons so? God, wie is U vir ons? "Liberation theology, therefore, see Jesus Christ as being incarnate, humiliated and resurrected, that humanity might live" (Prinz 1992: 99). Die kerk is betrokke by die samelewing, omdat dit die teken is van 'n nuwe mensheid, 'n nuwe skepping wat mense se lewens, ook verhoudings en strukture, die wêreld, verander. "Die kerk is betrokke omdat God die pyn, armoede en lyding van die wêreld ernstig neem" (EFSA, Conference Statement 1992: 3). Vanuit hierdie kerke is daar 'n groot verwagting tov die rol van die kerk in die na-onafhanklikheidse versoeningsproses. Daar loop diep lyne deur die Namibiese samelewing. "The task of the church for many years to come is going to be that of enabling polarised people with deep feelings of fear, hatred and distrust finding each other and live together in the same country" (Prinz 1992: 38). Hierdie versoening is "glorious, because it is central to the hart of Jesus and inescapable to Namibia" (Prinz 1992: 38). Hierdie rol van die kerk moet gerealiseer word deur getuienis en diens. Versoening is 'n Christelike konsep en sal nooit verstaan word as die kerk dit nie verkondig en uitleef met dade wat heelmaak nie (Prinz 1992: 38).

Kameeta (CCN 1990: 28) voeg by hierdie versoeningsfunksie van die kerk ook nog die funksie van troos, bemoediging

("comfort"). Hy vertel van 'n pastor wat 'n ma by 'n begrafnis troos deur haar trane met sy toga af te droog. Dit, sê hy, is die kerk se taak. Die kerk moet ook mense herinner aan die tydelikheid van die aardse bestaan, en laastens sal die kerk nooit weer mag stilbly as daar ongeregtigheid is nie. (CCN 1990: 31). 'n Stem van 'n wêreldbekende teoloog in Namibië, P Isaaks, sluit by laasgenoemde aan (EFSA 1992:119-123). Hy vra: Hoe kan die kerk stil wees as 5% van Namibië N$16,500 verdien en 40% verdien N$700, en 55% verdien N$80. 'n Opname in Maart 1991 in Katutura (die oorwegend swart woongebied by Windhoek), wys die volgende tov die inwoners:
10,8% het geen opleiding
70% het agt jaar of minder opleiding
50% is werkloos
Gemiddeld 8 mense per wooneenheid
39,8% gesinne is enkelouers

'n Unicef-opname in 1994 en die 1992 Household Health and Nutrition opname van UNAM wys daarop dat 110 uit 1000 kinders sterf voor hulle sesde jaar as gevolg van wanvoeding in Namibië; 16% van die bevolking van Namibië 80% van die land se voedselvoorraad verorber; omgekeerd, 84% van Namibië se bevolking bly aan die lewe met slegs 20% van die land se voedselvoorraad.[6] Die feit is dat duisende mense in Namibië, veral kinders, bejaardes, vroue, werkloses en gestremdes vasgevang is in 'n gees van wanhoop en geestelike en materiële armoede. Die werkloosheidsyfer in Namibië word enigiets tussen 30%-50% geskat, waarvan die grootste gedeelte in stedelike gebiede is.[7]

Die probleme in Namibië is struktureel van aard en raak die basis aan van ons lewe saam in Namibië. Volgens Isaaks het die kerk die uitdaging om 'n gemeenskap te bevorder waarin wedersydse respek, versorging, sagmoedigheid, gemoedelikheid en vrolikheid gewaarborg word. "Hulpverlening" maak dat armoede geïnstitusionaliseer word. Daarom moet dit vir die kerk na

---

[6] *Armoede in Namibië*, Agenda van die Sinode NGKN 7-13 Oktober 1995: 208-212

[7] Ibid.

onafhanklikheid om ontwikkeling gaan. 'n Geïntegreerde vorm van lewe (in lewensverbande) moet ontwikkel word waar menslike potensiaal kan verwesenlik word. (EFSA 1992: 123.) Hierdie sake kom, saam met ander belangrike dinge soos menswaardigheid, grondbesit, onderwys, gesondheidsdienste, ensomeer, keer op keer na vore in geskrifte en in formele en informele gesprekke. Die stemme wat die kerk oproep om op hierdie wyse die wêreld te dien, kom ook uit ander oorde: "Across the continent (of Africa) the guidance and mediation of churches have been sought by politicians and by the general public for purposes of addressing the current socio-political crisis" (AACC 1991: 13).

'n Laaste saak: die basis van eenheid in die kerk is in hierdie model nie soseer leerstellig of sakramenteel nie, maar die gemeenskaplikheid wat ontstaan tussen mense wat in navolging van Christus diens lewer in die wêreld (Dulles: 1988: 97). Dit kan dus deur tradisionele denominasionele skeidinge sny, en 'n eenheid bevorder wat noodsaaklik vir die kerk se getuienis in Namibië is.

Saam met Snyder (1983: 132) moet ons sê dat die diensmotief nog baie meer in die bewussyn van die kerk moet indring "if it is to be free for the Kingdom and redemptively liberating for the world". "As die kerk die soort lewe van Jesus Christus leef (liefde, offerbereidheid, ander in ag neem, mense in nood bystaan, ontspoordes en ongelukkiges in 'n warme gemeenskapslewe opneem) sal die kerk weer saak maak en 'n nuwe lewensruimte bied vir miljoene wat vandag ander weivelde soek" (König 1983: 39).

Dit is inderdaad so: "Gelowiges moet hulleself steeds meer sien as deel van en as medewerkers binne 'n dienskneg-gemeente" (Nel 1994: 36; Vgl. ook Burger 1991a: 128; I Kor 16:15; Ef 4:12; Hand.10:38). Diakonia moet weer as deel van lidmate se geloofslewe in die kerk en in die wêreld tot sy reg kom (Hendriks 1992: 107). Van die kerk in die geheel word 'n diakonale styl geëis. As die kerk nie 'n diakonale styl vertoon nie, sê Rossouw (1991: 488), is die fout nie by die leer van die kerk nie, maar waarskynlik by die deurwerking van die leer na die praktyk van die kerklike lewe.

## 3.7. MOONTLIKE EENSYDIGHEDE IN DIE BENADERING

Die kerk kan nie eensydig net as 'n diensgemeenskap gesien word nie. Selfs al word dit die basis of oorheersende bestaanswyse van waaruit aan ander aspekte van die kerk aandag gegee word, bly daar 'n mistieke kant aan die kerk wat ons insigte oorstyg. (Snyder 1983:141).

Dienskneg wees beteken nie dat Christus of die kerk onder bevel van die wêreld staan nie. Die kerk, soos Christus, is nie gehoorsaam aan die wêreld nie, maar as dienskneg van God dienskneg in die wêreld. Die kerk kan in so verkeerde beklemtoning gesien word as een instansie in 'n ry van "agente" vir die verandering van die wêreld, vir die oprigting van die Koninkryk van God. Mense sou dus kon meewerk aan die koms van die Koninkryk sonder dat hulle deel is van die kerk, iets wat vreemd aan die Skrif is.

Daar word ook soms (veral in die bevrydingsteologie) met 'n funksionele Christologie gewerk, en die pneumatologie funksioneer baie swak (Hendriks 1992: 34). By sommige van die sg. sekulêre teoloë verdwyn die eskatologie indien nie onderskeid gemaak word tussen wêreldse vooruitgang en die koms van die Koninkryk van God nie (Dulles 1988:118). Die gevaar bestaan in hierdie model dat die indruk geskep kan word dat mens se redding in die geskiedenis gevind kan word, en kan die kerk verlei om sekulêre waardes onkrities te aanvaar. Die unieke aard van die kerk en sy dienswerk moet behoue bly. (Dulles 1988 :102).

Terwyl die gedagte van die Koninkryk van God met die implikasies daarvan vir die kerk se sosiale verantwoordelikhede vandag baie nodig is, moet dit nooit losgemaak word van verkondiging van Jesus Christus as Here nie (Dulles 1988:102). Jesus se woorde en dade tov die maatskaplike lewe, Sy dienswerk in en vir die wêreld, vind plaas binne die raamwerk van *Sy* groot sending en *Sy* Koninkryk, maw vanuit die "konteks van bo" en nie vanuit die "konteks van onder" nie (Runia 1988:88). As die kerk se dienswerk uit hierdie raamwerk gehaal word, gaan dit inderdaad om 'n "ander evangelie". Die kruis en opstanding

van Jesus Christus is en bly sentraal in die boodskap van die kerk, en Runia (1988:103-106) toon aan dat juis die vashou aan die apostoliese verkondiging 'n toekoms vir die kerk verseker. "Diakonie im Horizon de Reiches ist Diakonie in der Nachfolge des Gekreuzigten" (Moltmann 1984:23). Dit gaan in die kerk as dienskneg om 'n nuwe maar tog ou visie wat na vore kom, die visie op oorwinning deur die kruis (Snyder 1983:139).

## 3.8. SAMEVATTING

Die kerk word geroep tot transformasie van die wêreld in die lig van die Koninkryk van God. Die heil wat Christus bring sluit vernuwing in die samelewing en die ganse wêreld in. Die kerk in die algemeen, ook die NG Kerk in Namibië, sal die uitdagings van die nuwe tyd die beste kan beantwoord vanuit die perspektief van diens. Die kerk van die toekoms sal relevant wees as hy die gedemokratiseerde, sekulêre, moderne en post-moderne wêreld ernstig opneem en so dienend by die wêreld betrokke raak. Die diensmotief is baie sterk Bybels gegrond en vind sy hoogtepunt in Christus wat gekom het om te dien en Sy lewe te gee. So word die kerk ook geroep om homself in liefdesdiens weg te gee vir die wêreld. Reeds in die manier waarop die kerk georganiseer is, moet sy diensknegqestalte blyk. Die dienskneg kerk het die potensiaal om aan die wêreld se behoeftes, se werklike nood, te voldoen. Wêreldwyd is daar behoefte aan 'n sinvolle lewe, liefde, versoening, opheffing, 'n dieper geestelike bewussyn, verligting van fisiese lyding, selfrealisering, ens. In Namibië is soveel sosio-maatskaplike probleme waarby die kerk betrokke kan wees om 'n evangeliese verskil in die samelewing te maak. Die kerk beïnvloed die samelewing nie meer deur die mag van die instituut nie, maar deur diens. As die kerk sy identiteit koppel aan diens, sal dit nuwe hoop bring en op 'n geloofwaardige manier nuwe lewensmoontlikhede vir mense oopmaak. In die proses moet die kerk steeds gelei word deur die unieke aard van sy dienswerk as diens in navolging van Christus.

# HOOFSTUK 4
# STRUKTURE EN STRATEGIEË VIR DIENS

As die kerk sy roeping in die wêreld vandag die beste kan vervul vanuit die perspektief van die kerk as dienskneg, hoe lyk 'n kerk wat 'n dienskneg kerk is? Watter veranderinge sal die kerk, spesifiek die NG Kerk in Namibië, moet maak om werklik 'n diensgemeenskap te wees? Ons kyk in hierdie hoofstuk na strukture en strategieë wat nodig is vir 'n dienskneg kerk met die oog daarop om saakmakend kerk van Christus te wees in die veranderde samelewing.

## 4.1. INLEIDING

"We are at the front edges of the greatest transformation of the church that has occured for 1,600 years" (Mead 1991: 68). Die veranderinge wat die huidige tyd van die kerk vra, is baie meer as bloot vernuwing wat soek na 'n nuwe stabiliteit na 'n tyd van ontwrigting. Dit is meer as die klem op beter programme, op 'n jaar van dit of 'n jaar van dat, of van beter "bemarkingstegnieke". Kosmetiese veranderings, 'n oppervlakkige gepeuter op 'n ad-hoc manier is nie genoeg nie. Ons is vasgevang tussen die ou Christendom paradigma, wat nog in 'n groot mate met ons is, en die nuwe paradigma wat aan die kom is. Die soort verandering wat gevra word is "transformational", die skud van fondasies en die herstrukturering van 'n nuwe identiteit (Mead 1991: 70), wat 'n paar geslagte van stryd gaan neem om nuwe strukture, rolle en programme te genereer.

Ek gebruik die begrip strukture hier in die sin wat Pieterse (1982: 75) dit omskryf as die wyse waarop die kerk sy werksaamhede organiseer om as kanale te dien vir die adekwate funksionering van die kerk om sy doelstellings te bereik. Dit sluit in die organisasie van sy gesagstruktuur (ampte, kerkleiding), sy kommunikasiestruktuur en die inrigting van die deelname van mense aan sy aktiwiteite (Pieterse 1982:75). Die strukture wat hier bespreek word, sluit alle kerkstrukture in (dus ook wyer as die plaaslike gemeente), alhoewel gemeentestrukture, wat die bedieningstrukture insluit, die grootste klem kry (Vgl. Heyns 1986: 36,37). Volgens Heyns

(1986:38) behoort strukture wel tot die wese van die kerk, maar dit maak nie deel uit van die essensie van die kerk nie. Dit beteken nie dat strukture bykomstig en onbelangrik is nie, want die strukture is die manier waarop die ontmoeting tussen God en mens gestalte kry (Heyns 1986: 38,39). Tog sê dit dat strukture histories en samelewingsbepaald is (Heyns 1986: 3).

Die wyse waarop met strukture omgegaan word, hang verder ten nouste saam met 'n aantal sake soos die kerk se visie op God en Sy bedoeling met die wêreld. Hier word aangesluit by die vorige hoofstuk, en daarna, vanaf punt 4.5, word verskillende struktuurelemente aan die orde gestel.

## 4.2. 'n VISIE OP GOD, DIE KERK EN DIE WÊRELD

As dit in gemeentelike ondersoek gaan oor program, proses, sosiale konteks en identiteit, dan gaan dit in die kerk as dienskneg vandag eerstens om die laaste, die identiteit. Al is dit nie noodwendig kronologies eerste nie, gaan dit tog ten diepste om 'n nuwe visie op die bedoeling van God met die kerk. Ek gebruik die term "visie" hier in dieselfde sin as Burger (1991a: 38,41), nl. dat dit in wese niks anders is as die inhoud van ons belydenis nie. Die "emotiewe aangegrepenheid" deur die belydenis, wat lê op die vlak van 'n gedeelde droom, kom in die begrip miskien nuut onder die aandag. In 'n gemeente sal daar 'n indringende gesprek met die Woord moet plaasvind om te ontdek wat God vir die wêreld wil doen (Van der Merwe 1995:74).

### DIE OOG OP GOD.......

As 'n GELOOFSGEMEENSKAP sal die kerk opnuut moet aandag gee aan die herwin van 'n (G)geesdriftige visie van God se liefdesbedoeling met die skepping. In die Ou Testament was die inhoud van hierdie visie die "sjalom", die vrederyk wat kom, en die Nuwe Testament noem dit die "Koninkryk", die vernuwende krag van Sy heil wat heelmaak. (Roxburgh 1993: 126; Burger 1991a: 39.) 'n Ontvlugting in 'n evangelie van persoonlike vervulling of 'n akkomodasie van liberale politieke aktivisme, pas altwee aan by kulturele norme, en verloën die kosmiese,

transformerende Christus wat met Sy opstanding alles verander het, en wat weer gaan kom om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde tot voltooing te bring. Sonder hierdie transformerende uitsig, het die kerk geen unieke rol te speel in 'n moeë wêreld nie.

Die kerk kan net sy funksie vervul in die wêreld as hy homself verstaan as 'n VREEMDE GEMEENSKAP, as 'n gemeenskap van pelgrims wat op weg aangegryp is deur iets wat groter as hulleself en hulle behoeftes is (Roxburgh 1993: 128). Eers as die kerk so homself beleef as opgevang in die werklikheid van God se wil en Sy Koninkryk, sal hy instaat wees om 'n unieke, alternatiewe gemeenskap in die wêreld te wees. Die kerk is mense wat saamgebind is deur die ontdekking van God in hulle midde, wat hulle saamneem op pad na 'n nuwe toekoms.

Niks kan 'n groter getuienis wees van die evangelie as mense wat so oortuig is van God se toekoms, dat hulle 'n DIENSGEMEENSKAP is, en so die alreeds van die toekoms hier en nou aankondig met woord en daad. Ons styl van diens aan God en medemens moet so wees dat dit die wêreld laat regop sit. Dit moet inderdaad van so aard wees dat die mense in die buurt sal weet dat Christus met die kerk is, en dat Hy nie as irrelevant afgemaak kan word nie, dat die liefde oorwin het aan die kruis, en dat diens die enigste lewenswyse is wat werklik sin maak.

.......MET DIE OOG OP DIE WÊRELD.

Ek wil hier graag iets weergee van Dingemans (1987:168) se opmerkings oor die kerk, ook deels as inleiding met die oog op dit wat volg: Volgens hom is die kerk nie 'n paleis van waaruit die wêreld gedirigeer moet word nie. Ook nie 'n klooster waarin gemeentelede hulle opsluit teen die strome van die tyd nie. Ook nie 'n vaste burg van sekerheid vir die wat vir hulle saak staan omdat hulle weet waarom dit gaan in die kerk en die wêreld nie. "De gemeente van Christus zal in de komende tijd een eenvoudig huis moeten zijn om in te wonen voor mensen, die houvast zoeken" (Dingemans 1987: 168). Dit moet 'n huis wees met oop deure vir mense wat wil inkom en uitgaan, met vensterrame wat oopstaan vir die nood van die wêreld en huisgenote wat beskikbaar wil wees om sout en lig in die wêreld

te wees. Die kerk as 'n geestelike tuiste is dan die plek waarin mense voortdurend terugkeer om te oefen om as Christene te gaan lewe in die wêreld. Die kerk het "swaaideure" waardeur mense kan inkom, maar ook weer kan uitgaan om daar te wees waar die wedstryd gespeel word (Heyns 1986: 98; Dingemans 1987: 160). God het die heil van die wêreld in die oog. Die kerk is die plek waar mense oefen en die toerusting kry om hiertoe in diens van God en naaste te wees.

Hierdie visie as 'n nuwe uitsig op God as die Almagtige en Liefdevolle wat intens betrokke is by Sy wêreld, figureer as 'n nuwe paradigma, 'n radikaal nuwe verstaan van God se bedoeling met die skepping en die gevolglike betrokkenheid van die kerk by die wêreld, en ook as 'n krag wat nuwe entoesiasme en beweging bewerkstellig om ingeskakel te wees by God se visie vir Sy wêreld (Burger 1991a: 42). "'n Goeie visie vir diens bring mense in beweging" (Van der Merwe 1995:103). Die Hollandse praktiese teoloog, J. Hendriks (1990: 127) sê juis dat 'n visie inspirerend is wanneer dit eie belange oorstyg, wanneer dit om iets groter as eie oorlewing gaan. Daarby moet dit ook iets wees wat relevant is tov die aanspreek van 'n werklike probleem of behoefte, moet dit van betekenis vir mense wees. In die vorige hoofstuk het ek probeer aantoon dat 'n oriëntasie rondom die dienskneg-karakter van die kerk, aan hierdie vereistes voldoen. Die moontlikheid om 'n visie rondom die dienskarakter van die kerk of gemeente eksplisiet te formuleer, is iets wat sterk aanbeveel word deur Burger (1991a: 55). Die vasstelling van 'n missie of doelstellings in die gemeente, is 'n saak wat ten nouste met die visie saamhang. Die visie en missie gee rigting aan al die aktiwiteite in die gemeente.

Die kerk, net soos ander menslike instellings, sal nie werklik effektief wees sonder 'n visie wat 'n hoë profiel in die lewe van die kerk het nie. Sonder so visie, wat begin by die leiers in die kerk, en waarvan die gemeente of die kerk eienaarskap aanvaar het, sal dit nie help om beter strukture of programme daar te stel nie. Die rede daarvoor is dat dit in die visiestelling ten diepste gaan om die identiteitsvraag (Hendriks 1990: 127). Terwyl die vraag na die identiteit van

die gemeente die visieformulering voorafgaan, gaan die visie-en missieformulering weer die strukturering van die kerk vooraf.

## 4.3. SPIRITUALITEIT

As ons sê dat dit in die visie van die gemeente om 'n identiteitsverklaring gaan, is dit ook waar dat 'n bepaalde identiteit deur die spiritualiteit gekleur word. Die spiritualiteit in die kerk is tot hiertoe in 'n groot mate bepaal deur die "geestelikes" in onderskeiding van die "leke", 'n onderskeid wat in die praktyk van die protestantse kerk ook nog in 'n mindere of meerdere mate aanwesig is. Doohan (1984: 124) pleit vir 'n nuwe verstaan, nl dat al die gedooptes 'n gemeenskaplike spiritualiteit het. Chistus (deur die sakramente) is die basis van alle heiligheid. Die hele lewe is 'n intensifisering van die toeseggingе en roeping met die doop. Hierdie Christenskap word uitgeleef in verhouding met besittings, indiwidue en die gemeenskap. "It is in the world that life proves itself Christian" (Doohan 1984: 124). Alle gelowiges word geroep om hierdie evangeliese lewe uit te leef. Die klem op die sakramente se selfwerksaamheid val bietjie vreemd op die oor vir gereformeerdes. Die grondliggende werksaamheid van Christus wat ons in 'n nuwe eenheid saambind, bring ons egter weer bymekaar. Een van die sterkpunte in die gereformeerde spiritualiteit is juis die feit dat die gelowige sy hele lewe sien as diens aan God. Vanuit 'n wye Koninkryksperspektief moet elke terrein van die lewe onder God se heerskappy gestel word. Ook my "klein" roeping, my gewone dagtaak, staan in diens van my "groot" roeping, nl. om God te eer (Van der Merwe 1995:74).

Lidmaatskap van hierdie kerk sal in die toekoms sterker gebind moet word aan die doop. Die (kinder)doop is die fundamentele element van kerklike lidmaatskap (Dingemans 1987: 151,154). Samehangend daarmee sal ook erns gemaak moet word met die daad as reaksie op die toeseggingе van die doop. Die daad van gaan na die nagmaalstafel, en die daad van aanvaarding van 'n funksie in die gemeente, is 'n belydenis dat mense Christus wil volg en dien. In 'n gesekulariseerde wêreld, waar die woord sterk gedevalueer is, moet die antwoord as daad, naas

mondelinge antwoord, ernstig geneem word (Dingemans 1987: 154).

Nouwen (1982) beskryf die verband tussen spiritualiteit en diens in diepte as hy oor medelye praat wat 'n faset van diens is. Diens is die uitvloeisel van die lewe in verbondenheid met Christus: "By setting out with Jesus on the road of the cross, we become people in whose lives the compassionate presence of God in this world can manifest itself" (Nouwen 1982:29). 'n Groeiende intimiteit met God verdiep ons sin vir verantwoordelikheid vir ander (Nouwen 1982: 109). Hy beskryf treffend hoe geduld, gebed en aksie die geestelike dissiplines vir medelye is (1982:90-129). Van gebed sê hy dat dit die eerste en belangrikste dissipline is vir medelye, omdat gebed na sy ware aard die hoogste uitdrukking van menslike solidariteit is (Nouwen 1982: 108).

4.4. DIE KONTEKSTUALISERING VAN DIE EVANGELIE.

Ten spyte van soveel wat in en deur die kerk gedoen word, is die kerk se fokus steeds op homself gerig (Roxburgh 1993: 128; Sjogren 1993: 145). Dit lyk soms of die kerk ook maar die wêreld invaar om klublede te soek. Dit kan gebeur dat gelowiges selfs vriende maak terwille van 'n kerklike agenda. Die lewe van die kerk moet herfokus word van binne na buite. Roxburgh (1993: 128) verwys na Leslie Newbegin wat gesê het die kerk mag nie so besig raak met programme om die lidmate besig te hou en dan dink dat hulle aan God se roeping beantwoord as die kerk se ligte 7 dae per week aan is nie. Ons kan gerus maar die ligte afsit en die deure toesluit, want ons word geroep om uit te beweeg, om van onsself weg te beweeg na die gemeenskap waarin ons is. Die kerk "mag en moet met homself besig wees" (Heyns 1986: 101; Vgl. ook Van Ruler: 1978: 53-66). Tog gaan dit vir God, deur die kerk, om die wêreld. Daarom noem Berkhof (1973:430) die gemeente dan ook 'n "bruggebeuren". Die kerk is 'n brug waaroor gegaan word, die brug van Christus na die wêreld toe. Berkhof het elders ook gesê dat die kerk 'n "pneumatiese gebeure" is, die Pneuma, die Gees, as wind, waai van Christus uit, heilsaam die wêreld in (soos aangehaal deur Runia 1988: 116).

Dit hou in dat die kerk as dienskneg moeite moet doen om werklik in diens te staan van die vertolking van die Woord. Die kerkleiding het die verantwoordelikheid om die evangelie uit die verpakking van tydgerigte taal te haal, en te verwoord in terme wat hier en nou deel van mense se leefwêreld is (Bons-Storm 1987: 114). Die genoegsaamheid van die Skrif is nie die probleem nie, maar wel ons onvermoë om die evangelie te laat grondvat in die wêreld waarin ons leef, om die evangelie te kontekstualiseer. Paulus het die evangelie gekonstekstualiseer toe hy gereis het: "vir die Jode het ek soos 'n Jood geword..... ....vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red" (1 Kor. 19:20-22). As die kerk die mens van die 21 ste eeu wil bereik, sal hy die evangelie moet om-taal, her-aktualiseer, sodat dit inderdaad kan blyk dat die evangelie 'n antwoord is op die vrae van mense van hierdie tyd. Om dit te kan doen, sal daar naas die dialoog met die Woord, ook dialoog met die konteks moet plaasvind. Dit beteken oa dat van die kerk ook gevra word 'n verbintenis daaraan om werklik te luister, te luister na die dieper vrae van ons tyd, om te verstaan wat die betekenis agter die aktiwiteite van die konteks is (Roxburgh 1993: 127). Burger (1991c: 93) sê dat die kerk nooit te veel moeite sal kan doen om hom te vergewis van die situasie waarin hy die evangelie moet kommunikeer nie.

Die kerk sal dit nie kan vermy om aan die moderne mens pertinente vrae te stel nie want die kerk kan nie bekostig om antwoorde te gee vir vrae wat nie bestaan nie. Nog meer: die kruks van kontekstualisering lê daarin dat die kerk hom werklik laat informeer deur die kultuur, die wêreld, die konteks. Kontekstualisering as 'n dinamiese dialoog beteken dat die kerk èn die konteks verander. Trouens, as die kerk 'n diensgemeenskap in die wêreld wil wees soos wat dit moet wees, dan raak die kerk nie by die wêreld betrokke terwille van sy eie belange nie. Die kerk fokus op die wêreld om die wêreld te dien. Alleen so kan die kerk op die snypunt wees van die Christelike boodskap en die histories kulturele situasie van die hoorders (Runia 1988: 31). Daar is sterk pleidooie dat kerkleiers 'n deeglike kennis van die leefwêreld van lidmate moet hê, om selfs in te skakel by gemeenskapsaktiwiteite of deegliker kennis te maak met lidmate se werksomstandighede

(Bons-Storm 1987: 116; Roxburgh 1993: 71). Ons sal moet deurdring na die hart van die kultuur om die evangelie te kan lees deur die werklikhede van die konteks. Net sò kan ons die evangelie ontdek as evangelie vir die wêreld van ons tyd (Bons-Storm 1987: 116; Roxburgh 1993: 127). Die Bybelse visie op God en Sy doel, saam met 'n intelligente luister na die konteks, sal van die kerk 'n instrument met integriteit en betekenis vir die evangelie maak.

## 4.5. DIE VERHOUDING AMPSDRAERS EN LIDMATE

Dat die kerk dienskneg kerk is, moet in sy bestaan, dus ook in die verhouding tussen ampsdraers en lidmate, sigbaar wees. In die globale soeke na nuwe strukture vandag in die kerk, gaan dit in 'n groot mate oor die wyse waarop lidmate ("laymen"; "leke") deel van die kerk is. (Vgl. Doohan 1984: 16,17ev.) In die kerk is daar is geen verdeling in klasse of status nie. Die hele gemeenskap van gelowiges deel in een roeping en identiteit (Richards 1981: 145). Elke gelowige lewe in die teenwoordigheid van God en het direkte toegang tot hom. Sedert die uitstorting van die Gees, is die ou bedeling wat gekenmerk was deur representering, verby, tree niemand meer op namens 'n ander nie. Alle gelowiges staan nou saam naas mekaar, op gelyke voet, in die "meest religieus ambtlijke kategorie, die van priesterschap" (Hendriks 1990: 51; Vgl. ook Luther se klem op die priesterskap van die gelowiges). Deur die Gees se werk is Jesus teenwoordig in elke gelowige, nie net in besondere ampte nie (Richards 1981: 146). Hendriks (1990: 49-54) en Bons-Storm (1987: 104) praat daarvan as die "subjek-wees" van lidmate waarmee ten volle erns gemaak moet word. Firet (1974:165) sê in hierdie verband: "God ontneemt de mens niet zijn subjekt zijn, maar Hy herstelt de mens in zijn vrijheid en plaats hem in verantwoordelijkheid". Elke lidmaat is dus voluit mede-verantwoordelik vir die gemeente. Ten einde werklik 'n diensgemeenskap te wees, sal lidmate se teenwoordigheid, hulle moontlikhede en bydraes, ernstig geneem en gewaardeer moet word. Dit is duidelik dat dit in die kerk eintlik ook nie anders kan nie, want dienswerk is die hele liggaam se taak (1 Kor. 12)

Daar is ook vandag verskuiwings in die tradisionele siening van die Rooms-Katolieke Kerk sprake as Doohan (1984: 23) sê dat die onderskeid tussen heilig en profaan, wat na vore kom in die gebruik van die begrippe "leke" en "geestelikes", nie korrek is nie. Die leke behoort nie net aan die kerk nie, of het nie net 'n rol in die kerk nie, maar is die kerk. In die Rooms-Katolieke Kerk word daar al meer beweeg na 'n teologie wat vra vir 'n herstrukturering van die gemeentelike lewe in die lig van die voorrang van die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges, as die volk van God, bo die kerk as 'n hiërargiese instituut. Tekens van hierdie herstrukturering kan gesien word in die ontstaan van "basic ecclesial communities", in die vele uitsprake oor die priesterskap van al die gelowiges, en die ontwikkeling van die dienswerk van die gelowiges (Doohan 1984: 18,19). Die doop speel 'n belangrike rol in die fundering van die gelykheid van die gelowiges tov van die voorregte en verpligtinge in die kerk. Vanuit die doop is leke geïntegreerd kerk en deel daarom in die lewe van die kerk as gemeenskap. Die gelowiges se roeping is die roeping van die kerk.

Die feit dat die NG Kerk by name nie regtig daarin slaag om 'n "verbeeldingryke lekebediening op gang te kry nie" (Burger 1991a: 134) kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Deel daarvan is seker 'n kerkbegrip by die kerkleiding en by die lidmate waarin nog soveel gepraat niks gaan help nie. Indien die dominante groep lidmate die gemeente beleef as dat hulle geestelik versorg moet word soos kliënte deur die predikant, sal die beste strukture of programme nie help om betrokkenheid te kry nie. Heyns (1988: 55,58) wys daarop dat sentraliteit van die amp van die gelowige in die gereformeerde tradisie in die praktyk tog skipbreuk ly en dat die sg. "leke" tog maar die passiewe, volgsame deel van die gemeente geword het wat afhanklik geword het van die bediening van die besondere ampte, en die ampte het baie keer ook maar 'n verwagtinglose geduld met die "leke-lede" van die kerk gehad. Mense sien gewoon nie in dat hulle konstituerend vir die gemeente is nie (Bons Storm 1987: 135). Hier sal 'n radikale verskuiwing in denkraamwerk nodig wees by almal betrokke. Richards (1970: 57,58) praat van die identiteit van die gelowige, die rol wat hulle vir hulleself sien, wat sal moet verander. Volgens die Skrif is

elke gelowige 'n dienswerker. Elkeen is verantwoordelik vir die lewe van die gemeente (Efe.4, Rom. 12, 1Kor. 12, ens.) Dit sal dan daarop moet uitloop dat moontlikhede geskep moet word wat lidmate in staat kan stel om 'n invloed in die gemeente te kan uitoefen en om te kan dien (Hendriks 1990: 52; Richards 1970: 59). Dit hou oa in dat lidmate alreeds by die beplanning en besluitneming rondom die vasstelling van die beleid in die gemeente, betrokke moet wees en dat daar 'n genoegsame vloei van inligting na alle kante toe in die gemeente sal wees, sodat mense die inligting kan hê wat nodig is om hulle verantwoordelikhede na te kom (Hendriks 1990: 47, 52). Dit gaan bepaalde eise stel aan die besondere ampte, veral miskien in baie gevalle aan die predikant as sodanig. Daar sal 'n bereidheid moet wees om plek te maak vir die seggenskap van lidmate. Lidmate moet gesien word as mense wat 'n bydrae kan lewer, met eie belange en behoeftes en vermoëns. In omstandighede waar die vertroue in lidmate nie altyd die gewenste gevolge gehad het nie, is dit nie so vanselfsprekend, veral vir predikante, om werklik 'n deelnemende leierskapstyl na te volg nie (Bons-Storm 1987: 103).

Waarom is die lidmate so belangrik in die kerk?

Hall (1974: 33) sê dat as gevolg van die verskuiwing van "christendom" na "institusionele pluralisme" waarin die instutusionele gesag van die kerk verminder het, kan die kerk alleen relevant kan bly as 'n effektiewe lekebediening gestalte kan kry. Verder het ons ook gesien dat daar 'n nuwe waardering vir die wêreld is. Die sleutel vir die kerk se invloed in die wêreld lê juis in die lidmate ("leke") se dienswerk (Doohan 1984:9). Vanuit altwee hoeke gesien, kom hier 'n nuwe waardering vir die leke na vore in die lig van die feit dat die leke die kerk "in verstrooiing" in die wêreld is. Dit lei tot geïnkarneerde Christenskap waar die Christelike gemeenskap se lewenswyse 'n sakrament vir die wêreld is. Hierdie inkarnasie lei weer tot diens in die wêreld, waartoe die leke ook die opdrag van Christus self ontvang. Juis in die gelowiges kom daar 'n eenheid tot stand tussen die geloof en die daaglikse lewe waar gelowiges Christelik waardes die lewe indra en diensbaar betrokke is by 'n vasgeloopte wêreld. Alhoewel die

leke en die kerklikes saam in die wêreld is, (teenoor die gedagte dat net die leke in die wêreld is- dit is miskien te simplisties gestel) en altwee ook saam in die kerk is (teenoor 'n siening dat net die "geestelikes" die kerk is), is dit tog so dat die leke 'n besondere punt is waar die Christelike boodskap geïnkarneer word (hande en voete kry) in die samelewing. "The laity is the church in the secularized world" (Winter soos aangehaal deur Heyns 1988: 59). Ons sal roeping breër moet verstaan as wat tans die geval is. Elke lidmaat word geroep en ontvang die toerusting vir die roeping. Die onderskeidinge in roeping hang saam met die verskeidenheid gawes van die Gees (1 Kor. 12:11).

## 4.6. DIE HERVORMING VAN LEIERSKAP

Dat Jesus Christus die enigste Leier van die gemeente is, moet nie net bely word nie, maar ook uitgeleef word (Potgieter 1995: 99). Dit geld eerstens en veral vir die manier waarop leiding in die kerk gegee word. Christus is die een wat gawes aan die kerk gee om namens Hom hande en voete aan Sy leierskap te gee.

Mead (1991: 53) noem dat daar vir 1000 jaar 'n sisteem opgebou is rondom die kerklike beheer deur die "kerklikes" en dat daar wêreldwyd skynbaar 'n soeke is na 'n nuwe identiteit en rolbeskrywing vir die "kerklikes". Volgens Boff (1986: 32) word daar nie gevra vir 'n liberale aftakeling van die besonder ampte nie, maar net dat die funksies verander en 'n nuwe rangskikking van die verhouding tussen ampsdraers en lidmate sal plaasvind. Maar juis hierdie verandering van funksies en herrangskikking van die verhoudings in die kerk is dalk 'n groter opgawe as wat dit op die oog af mag lyk. Wat gevra word is 'n nuwe verstaan van die wese van die besondere ampte, om meer in lyn te kom met die bedoeling wat in die Skrif daarmee het, 'n nuwe omskrywing van die besondere ampte se funksie, en ook van die styl van leierskap wat met die wese en funksie moet ooreenstem. Die NG Kerk is tans ook besig met besinning in die verband.

4.6.1. DIE KARAKTER VAN DIE AMP.

Daar is vandag 'n gesprek aan die gang oor die essensiële of funksionele verstaan van die "besondere" ampte (Heyns 1992: 53). Daar is 'n magdom materiaal wat die essensiële aard van die ampte in die NG Kerk beskryf, omdat dit, vanweë die institusionele aard van die NG Kerk, in die tradisionele ampsbeskouing vooropgestaan het (Rossouw 1985: 323; Vgl. ook die Lima- dokument). Die liniêre struktuur wat in die Rooms-Katolike Kerk offisiële beleid was, is, ten spyte van hervorming, in die praktyk ook deel van die gereformeerde kerke se lewe. Selfs in die gereformeerde kerke is die heersende ampsbeskouing met tipies Rooms-Katolieke elemente dogmaties begrond en "geheilig". Dick (1985: 452-461) wys daarop dat die reformasie tov die ampte onvolledig was omdat een amp oorbeklemtoon is, die drieledige ampsisteem 'n reduksie is van die Nuwe Testamentiese se dienste, dat daar tog 'n dualistiese onderskeiding tussen klerus en leke bestaan en dat die charismatiese grondslag van die ampte agerweë gebly het. Hierdie ampsbeskouing is in so mate geïnternaliseer deur die kerkleiding self, dat hulle die probleem voortsit (Boff 1986: 31). Daar is egter vandag aan die ander kant die behoefte om weg te doen met die dualisme tussen die ampsdraers en die gemeente deur die ampte as nog 'n funksie in die gemeente te sien, asook om hierdie "gawes" aan die kerk ook meer te sien in terme van bepaalde behoeftes van die kerk in sekere omstandighede. Heyns (1992: 52-58) benader dit vanuit 'n "gemeente-teologiese" perspektief, waar alle gelowiges in die brandpunt van die gemeentelike lewe staan, as subjek van handelinge in die gemeente. Sy dienswerkmodel (1990: 61-72) sluit hierby aan. Daar vind ast'ware 'n plekomruiling plaas in die verhouding tussen die gemeente en die besondere ampte ten opsigte van Christus. Ons kan hiervolgens sê dat die amp van die gelowige in sy verhouding tot die besondere ampte meer essensiëel is. Nel (1982: 91,92) praat van die diens van gelowiges as die primêre gemeentelike bedieningsvorm, waaruit dan gesê kan word, weliswaar gekwalifiseerd, "dat die ampte terwille van die gemeente daar is".

Dulles (1988: 166) verwys na Congar wat sê dat die moderne idee

van 'n ordening in 'n bepaalde permanente amp met gesag, eers in die 12de eeu begin het, en dat daar teruggekeer moet word na die oorspronklike betekenis van die begrippe "ordinare", "ordinari", "ordinatio", nl. om 'n bepaalde plek of funksie in te neem. Dulles self (1988:166) wil ook die positiewe uit hierdie siening haal, maar wys tog op die gevaar dat die sakramentele en mistieke element in die Christendom in hierdie benadering maklik uit die oog verloor kan word. Die ampte kan nie bloot in terme van moderne demokratiese denke verklaar word nie, en daarom is daar tog 'n versigtigheid om die besondere ampte net as 'n funksie te sien (Vgl. Bosch 1991: 474). Die ampte soos wat ons dit vandag ken, is nie direk uit die Skrif af te lei nie. Daar het wel bepaalde leiersfunksies ontstaan (Nel 1994: 51). Daarom verkies ek ook saam met Nel (1994: 52) om eerder te praat van "diensleiers" in die gemeente, terwille daarvan om "mee te werk aan 'n nuwe bewussyn by die ampte dat hulle leiers in diens is". Die besondersheid van die besondere ampte lê nie hulle status, gesag, posisie nie, ook nie in die verteenwoordiging van Christus nie (alle gelowiges deel daarin), maar in die bepaalde funksie wat hulle vervul.

Die vermoë om leiding te kan gee, is ook 'n charismata (Hendriks 1990: 68). Die karakter van die charismata is diens. Daarom is die wese van die leierskap in die kerk nie om te heers nie, maar om te dien. "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees" (Mat. 20:26,27). Selfs in die sosiale wetenskapsteorieë is dit so dat 'n leierskap wat dien, wat raadpleeg en gesamentlike besluitneming bevorder, die mees effektiewe is (Hendriks 1990: 59). Dat dit in die kerk so moet wees, is egter nie maar om pragmatiese redes nie, maar spruit voort uit die hele aard van die kerk as 'n diensgemeenskap, en gevolglike leierskap na voorbeeld van Christus. Hy het gelei deur diensbare selfoorgawe. Dit werk egter ook andersom: die konsep van die kerk as 'n diensgemeenskap, van dienende gelowiges, kan net realiseer indien die leiers voorbeelde, rolmodelle van diensbaarheid is (Richards 1981: 178).

"Rather than having the right to control others, a servant

lives his life under another's control. Rather than being over, a servant spends his life ministering among. Rather than being able to tell others what to do, a servant's role is to be obedient" (Richards 1981: 297).

4.6.2. DIE FUNKSIES VAN DIE BESONDERE AMPTE:

Die diens-aard van die besondere ampte kom daarin na vore dat dit aandag vra vir die dienswerk van die kerk as die "taak", die opdrag aan die kerk, en vir die verhoudings wat hierdie dienswerk moontlik maak. Hendriks (1990: 70) gebruik Firet se omskrywing van die taak van die ampsdraers om aan te dui hoe leierskap in die kerk aan altwee hierdie aspekte moet aandag gee: Die ampsdraers moet besig wees met die vraag: "zijn wij gemeente van die Heer", (sorg vir die gemeenskap met Christus en met mekaar) en "zijn wij besig met de zaken van de Heer" (sorg vir die sake van die Heer, die taak van die kerk in die wêreld). Dit is belangrik om in te sien dat die sg. "saakgerigtheid" en "mensgerigtheid" waarvan die bestuurswetenskappe praat, veral nie in die kerk konkurrente is wat teenoor mekaar staan nie. In die leierskap se "mensgerigtheid" gaan dit oor 'n saak, en in die "saakgerigtheid" gaan dit oor mense. Dit behoort ook nie as teenpole ervaar te word as daar beraadslaging tussen mense was oor wat die "saak" of die visie en missie is waaroor dit moet gaan in die kerk nie (Hendriks 1990: 62).

In aansluiting by die Lima - dokument, sê Boff (1986: 28) dat die besondere ampte se funksie in die gemeente is om die eenheid te dien en te koördineer. Hulle is nie bo-oor die kerk nie, maar in die hart van die kerk om die funksie te kan vervul. In hierdie verband sê Boff (1986: 28) dat daar dus geen absolute ordening in die amp is nie, bedoelende dat daar nie so iets kan wees soos 'n "monitor without a community, a pastor without a parish, a bishop without a diocese".

Versteeg (1985:24,25) se siening van die funksie van die besondere ampte is baie verdienstelik omdat dit eksegeties verantwoord is en voldoen aan die vereistes van die praktyk. Hy verwys na die "geledinge" of "verbindende gewrigte" in Efesiërs

4:16. Die funksie van hierdie "pees" in die menlike liggaam is om te sorg vir voedseltoevoer en om die liggaam as 'n eenheid saam te bind. Dit kan kerklik vertaal word om te sê dat die ampte 'n stimulerende en koördinerende funksie het (Versteeg 1985: 25). Coertzen (1990: 183) sluit hierby aan om te sê dat die "sommige" wat gegee is, nie 'n hiërargiese mags- of gesagsposisie het nie. Dit is "amptelik" omdat hulle 'n diens lewer teenoor en ten behoewe van die ander charismata om voedsel te voorsien en bymekaar te hou. Ook Louw (1990: 238) praat van die voedingsfunksie en die verbindingsfunksie. Dulles (1988: 166) verwys na Walter Kasper wat ook sê dat die rol van die besondere ampte die integrasie en koördinasie van al die gawes in die kerk is, sodat dit die eenheid van die kerk kan dien. Ook volgens Hendriks (1990: 116,117) is die taak van die leiding om:

1. gelowiges en groepe ondersteun en help om hulle werk te kan doen, met finansies, ruimte, informasie, aanmoediging, toerusting.
2. vir hulle ruimte maak in die gemeente en in verhouding bring met die ander dienste in die gemeente.

Die kerkraad is dus toegespits op die begeleiding van die dienswerk van die gelowiges. Dit is inderdaad 'n verandering van die tradisionele siening van die ampsbediening (Burger 1991a: 140). Waar die leierskap in die kerk in 'n groot mate in die verlede 'n "span of control" gefunksioneer het, sal dit al meer as 'n "span of support" moet funksioneer in 'n diensgemeenskap (Hendriks 1990: 59). "Ons noem dit 'n leierskap van onder af, deur te ondersteun en te dra, en nie 'n leierskap van bo af, deur te heers nie" (Potgieter 1995:100).

Die kerkraadvergaderings se funksie lê nie primêr in besluitneming en kontrolering nie. Dit behoort op kerkraadsvergaderings eerstens te gaan oor die versorgings-en opbou funksie van die kerkraad. Kerkrade sal gehelp moet word om te verstaan dat hulle amp diens aan en versorging van mense is. Baie gemeentes het al ver gevorder op die pad om sekere instandhoudingsfunksies, administrasie, ens. na kleiner groepe te delegeer vir besluitneming en afhandeling, sodat die gesprek in die kerkraadsvergaderings oor die pastorale versorging en

dienswerk gaan (Burger 1995a: 63).

4.6.3. DIE STYL VAN LEIDING

Leiding as diens vra na 'n styl wat 'n diensgerigtheid en 'n diensgesindheid weerspieël.

Negatief hou dit in dat 'n ampsdraer hom/haar nie laat geld deur beroep op 'n amptelike posisie nie. Die amp het nie meer outomaties gesag nie. Hendriks (1990: 75) noem dat dit kan inhou dat leiers die sosiale afstand moet verklein, selfs ook deur afstand te doen van spesiale voorregte en statussimbole. Leiers staan voor die uitdaging om 'n "innerlike gesag te realiseer" (Smit 1985: 34). Positief beteken dit dat die subjek-wees van lidmate gerespekteer word - mense word juis gehelp om geestelik volwasse te word. Dit hou in dat leierskap 'n "koöperatiewe" leierskap sal wees, 'n leierskap wat oorleg pleeg en begelei sodat ander hulle verantwoordelikhede kan nakom. (Hendriks 1990: 72,73). Indien verantwoordelikhede gedelegeer word, moet daarmee saam ook besluitnemingsbevoegdheid gedesentraliseer word.

Smit (1985) het oortuigend aangetoon dat daar tov die predikant gebreek moet word met 'n tipe ampsbeskouing wat bots met die siening van gesag in vandag se tydgees. Die dieperliggende motivering vir die verandering lê egter in die aandrang van die Skrif self. Die diensmotief van die Skrif moet gerealiseer word in die leierskap van die predikant (Smit 1985: 91). Hogdson 1988: 99) stel ook 'n "democratic- participative- secular" model van leierskap voor in onderskeiding van 'n hiërargies-outoritêre model van leierskap, en sê dan: "Not only is this model closer to the practice of the early church, as numerous studies have shown, but it is also required by the new paradigm". Leiers word in hierdie model nie gemeet aan begaafdhede nie, maar aan geestelike volwassenheid. Dit is so omdat leiers vir die gemeente rolmodelle, voorbeelde moet wees in diensbaarheid, 'n lewende illustrasie van hoe al God se kinders moet lyk (Richards 1981: 301). Die vorming van persoonlikhede vra nie dat vir mense gesê moet word wat om te doen of nie te doen nie, maar vra <u>rolmodelle</u> met wie

geïdentifiseer kan word. In hierdie verband net twee aanhalings van Nouwen (1989: 29;63), wat heelwat maak van die "being"-funksie van 'n geestelike leier as meer basies as die "doing" - funksie: "The central question is, are the leaders of the future truly men and women of God, people with an ardent desire to dwell in God's presence, to listen to God's voice, to look at God's beauty, to touch God's incarnate Word and to taste fully God's infinite goodness?" en oor die styl van Christelike leierskap: "It is not a leadership of power and control, but a leadership of powerlessness and humility in which the suffering servant of God, Jesus Christ, is made manifest". Burger (1995b:45) praat van 'n styl van gebrokenheid; leiers wat in menslikheid ook sigbaar hulle swakhede dra. Egtheid en geloofsintegriteit dra evangeliese waardes beter oor as 'n sterkmansbeeld en bekwaamhede (Burger 1995b: 47). "Dit is nie die ampte se erns, of hulle tooisels, of hulle korrekte prosedures wat die verskil maak nie, maar juis hulle menslikheid. Wat nodig is, is 'n kerk met 'n menslike gesig" (Buger 1995: 59). God help mense deur ander mense (Burger 1995b: 38).

Die hele kwessie van <u>mensgerigtheid</u> van leiers hier ter sprake (Vgl. "Managing by wandering about" in Tom Peters en Nancy Austin se boek <u>A Passion for Exellence</u>). Predikante mag nie so besig wees met ander dinge, dat hy nie meer tyd het vir mense nie (Burger 1995a: 58). Die leiers moet 'n voorbeeld stel van diens as betrokkenheid by mense, as interpersoonlike verhoudings (Richards 1981: 203) deur by lidmate betrokke te raak buite die institusionele opset. Sonder hierdie verhouding van liefde en diens tussen predikant en gemeente, sal die gemeente nie verander nie (Burger 1995a: 53). In die lig hiervan lê Burger (1995a: 53) dan klem op die priesterlike selfbewussyn van die predikant in aansluiting by sy profetiese funksie. Om meer op mense gerig te wees, sal ons moet
deel wees van .....
daar wees by.....
lief wees vir.....
entoesiasties wees oor..... (Burger 1995a: 60)

In die lig van 'n onoorsigtelike magdom van besinning oor die

besonder ampte, klink die volgende opmerking van Burger (1995a: 59) heerlik bevrydend: "Dit gaan nie in die amp oor amptelikheid, of oor gesag of oor uitvoering van amptelike handelinge of prosedures of rituele nie. Die punt wat ons so maklik mis, is dat die Bybel ook maar net (institusioneel) bevestig dat God gewone mense in diens neem en bemagtig vir sy werk".

## 4.7. DIENSMOONTLIKHEDE IN DIE GEMEENTE

Ek wil begin met Wagner (1984: 181-187) se vraag na die prioriteite in die christen se verbintenis, wat dan eerstens die verbintenis aan God in Jesus Christus is, dan die verbintenis aan die liggaam van Christus (die betrokkenheid by, saamleef met en diens aan mede- gelowiges) en derdens die verbintenis aan die werk van Christus (diens aan die wêreld). Hierdie drie sake kan egter nooit van mekaar geskei word nie, aangesien die een die ander veronderstel en direk beïnvloed. Dit is so dat die verbintenis aan Christus die effek het van rimpelings op die water wat al verder uitkring. Dit is in hierdie verband toepaslik om te wys op die reeds genoemde beeld van die kerk wat swaaideure het waar lidmate ingaan maar ook weer uitgaan die wêreld in.

In die kerk vorm gelowiges 'n nuwe gemeenskap van mense wat saam deel in Christus se lewe en daarom 'n verantwoordelikheid vir mekaar het om mekaar te dien op die wyse wat Jesus gedemonstreer het in Johannes 13. In die Bybel is die kerk die plek waar gelowiges *mekaar* opbou (Rom.14:19), *mekaar* aanvaar (Rom.15:7), *mekaar* reghelp (Rom.15:14), *mekaar* dien (Gal. 5:13;1Pet.4:10), *mekaar* se laste dra (Gal. 6:2), *mekaar* leer en onderrig (Kol.3:16), *mekaar* bemoedig en versterk (1Thes.5:11, Hebr. 3:13), *mekaar* troos (1Thes. 4:18), omsien na *mekaar* (Hebr.10:24), *mekaar* verdra (Efe.4:2; Kol. 3:13), *mekaar* vergewe (Efe. 4:32; Kol.13), aan *mekaar* onderdanig is (Efe. 5:21), teenoor *mekaar* goedgesind en hartlik is (Efe.4:32), vir *mekaar* bid (Jak. 5:16), sondes teenoor *mekaar* bely (Jak. 5:16), gasvry is teenoor *mekaar* (1Pet.4:9), gemeenskap het met *mekaar* (1Joh. 1:7), ander se belange hoër ag as eie en dit najaag (1Thes.5:15; Fil.2:3), ens., ens.

As ons aanvaar dat die erediens die hartklop van die gemeentelike lewe is (Müller 1990: 9,10), kan ons miskien hier begin. Dit is egter ook juis hier waar daar weerstand is teen sekere wyses van deelname van lidmate aan die liturgie wat daarop sou neerkom dat die besondere ampte eintlik oorbodig is. Daar sal ernstig aandag gegee moet word aan groter deelname van lidmate aan die liturgie sonder om die ampte se unieke bydrae te misken. In die liturgiese handelinge kan die dialogiese karakter daarvan meer eksplisiet hanteer word, oa deur afwisseling en groter lidmaatinsette. Liturgie dui immers op die dienswerk wat die gemeente verrig tot eer van die Here, die basis en grond van al die ander diensvorme. Heyns (1990: 66-67) lê saam met ander ook klem op die potensiaal wat daar in kleingroepe rondom die erediens lê. Die manier waarop die leraar die erediens lei, speel 'n groot rol in die selfverstaan van die gemeente. Sy optrede moet bevestig dat die lidmate subjek is in die bediening in die gemeente.

Elke skrywer wat die saak van vernuwing of herstrukturering in die kerk aanraak, lê klem op die belangrikheid van die klein groep- bediening. Burger (1991a) en HJ Hendriks (1992) wys op die verband tussen die groot groep en die klein groep om so dan daartoe te kom om te praat van "aanvullende koinoniaverbande". Daar is 'n groot verskeidenheid van groepe wat ook verskillend benaam word. Burger (1991a: 108) onderskei veral drie soorte groepe na aanleiding van die doelwitte van groepe, nl. Bybelstudiegroepe wat ingestel is op lering, sorggroepe, soos wyke of belangegroepe wat ingestel is op ondersteuning, en diensgroepe wat ingestel is op dienswerk. Die ideaal is dat ten minste twee motiewe in elke soort groep tot sy reg sal kom. Die huisgesin word ook deurgaans as 'n groep in eie reg beskou en dit is veral Doohan (1984) se bespreking van die familie as die fundamentele eenheid in die kerk wat die belangrikheid van gesinsbegeleiding na vore bring.

Die belangrikheid van die groepe is dat dit in besonder die plek is waar lidmate hulle identiteit as deel van die kerk van Christus kan beleef, die plek waar "lidmate hulself as die meer essensiële deel van die gemeente sal ervaar en aanvaar" (Heyns 1990: 66). Die klem op die belangrikheid van sosialisering in

die vorming en groei van geloof, beklemtoon ook die belangrikheid van die kleingroep. In 'n kleingroep wat reg funksioneer, kan die hele saak van die onderlinge vermaning of geloofskontrolering ook beter tot sy reg kom. Vir die doeleindes van hierdie studie is dan van belang dat die kleiner groepe die geleentheid bied vir lidmate om hulle "gawes en talente tot nut en saligheid van mekaar aan te wend". Die gemeenskap, aanvaarding en versorging in koinonia genereer 'n klomp geestelike energie (Burger 1991a: 105) wat gestalte vind diensbaarheid. Dit is die ruimte waarin lidmate ook weer dienswerk wat op die wêreld gerig is, as deel van hulle Christelike lewenswyse kan ervaar. Louw (1980:1) meen dat die grootste krisis van die kerk in die stad 'n kommunikasieprobleem is. "Effektiewe kommunikasie met die stadsmens beteken 'n sosiale betrokkenheid dmv diensgroepe vanuit die gemeente" (1980: 135). Hy bespreek die "sel- in-die- liggaam" model uitvoerig, en vervolg dan: "Dit is deur die klein groep in 'n wyk dat die kerk die diens van barmhartigheid moet verrig; dat eensames bereik word; bejaardes by die onderlinge woordbediening van gelowiges betrek word; ontwrigte mense weer geborgenheid kan ervaar; armes in die buurt geestelik en materieel versorg kan word; siekes besoek word en treurendes sorg ontvang" (1980: 183).

Die fasilitering van 'n <u>gawebediening</u> saam met die ontwikkeling van die feit dat elke gelowige 'n bepaalde roeping het, is noodsaaklik vir die optimale dienswerk van die lidmate. Lidmate kan gehelp word om hulle gawes te identifiseer of aan te wakker of te ontwikkel. Die moontlikheid van 'n gawebank kan ook die dienswerk van lidmate in die gemeente bevorder. Lidmate behoort dan begelei te word om aanvullend by die ampte se dienswerk, indiwidueel of vanuit diensgroepe, siekes en bejaardes besoek, kontak maak met nuwe intrekkers, ondersteun in krisissituasies soos by 'n sterfte of by egskeiding, ens. In gemeentelike aksies van oa jeug- vrouelimate en senior lidmate en in kerkraadskommissies kan lidmate kundige instette lewer. Die gebedsbediening in die gemeente kan ook in diensgroepe gereël word.

Lidmate se dienswerk tov die <u>opvoeding en onderrig</u> van hulle

eie kinders maar ook van die totale gemeentelike jeug in die gemeentelike interaksie maar ook in die Kategese, is onontbeerlik. Hier is dit net belangrik dat daar weer genoegsame ondersteuning in die vorm van toerusting, motivering en begeleiding vir die "opvoeders" sal wees. In die voortgaande toerusting van kinders en volwassenes sal met erns kennis geneem moet word van die ontwikkelinge op die terrein van Christelike opvoeding, wat die wenslikheid van 'n soort "huiskategese" al sterker na vore laat kom. 'n Diensbereidheid word nie net op rasionele vlak aan ander deurgegee nie, maar word aangeleer deur identifikasie met rolmodelle.

Die lidmate se dienswerk in die plaaslike gemeente lê ook op die vlak van deelnemende bestuur en administrasie. So moet lidmate volle geleentheid kry om saam te beplan aan bedieningsstrategieë, bv deur ook betrek te word by die formulering van 'n visie vir die gemeente. Eienaarskap van 'n bedieningspatroon waarin klem gelê word op diens, is noodsaaklik vir meelewing. Gemeentevergaderings en die geleentheid om mosies by kerkraadsvergaderings in te dien, kan wonders doen aan die korporatiewe selfbeeld van 'n gemeente, as 'n gemeente waar elkeen se bydrae belangrik is, maar meer nog, dit kan die weg baan vir groter sensiwiteit vir die leiding van die Gees.

Die dienswerk van lidmate in gemeenteverband is gerig op die intensiewe opbou van die gemeente. Dit is egter nie al nie. Lidmate is ook langs kerklike weë betrokke by die ekstensiewe opbou van die gemeente. So reik die kerk in sy diens aan die wêreld ook uit na die wêreld deur die meer formele (institusionele) aksies van die gemeente waarby lidmate op presies dieselfde "amptelike" wyse betrokke is as die besondere ampte. Dit is "amptelik" in die sin dat dit "kerklik" is, bedoelende nie daarmee dat dit noodwendig gereël word deur die kerkraad nie. Dit is kerklik in die sin dat dit opkom uit groepe of aksies in die gemeente, dat die gemeente hulpbronne verskaf, en dat die gemeente daaroor ingelig word. Bloot die bestaanswyse van die kerk is alreeds 'n getuienis teenoor die wêreld. Lidmate is egter ook op 'n derde wyse diensbaar, nl as Christene in die breëre ruimte van die samelewing en

beroepswêreld. In die volgende punt gaan dit oor laasgenoemde twee sake, nl. die dienswerk na buite, hetsy as "kerk" of as "christen".

## 4.8. LIDMATE SE DIENSWERK IN DIE SAMELEWING.

Die neiging in Amerika en in Duitsland is al meer dat lidmate by dienswerk betrokke raak nie as lidmate nie, maar as Christene (Burger 1995a: 118). As die kerk dienskneg van God in die wêreld wil wees, sal hierdie betrokkenheid van lidmate aangemoedig moet word, en sal hulle ook daarvoor toegerus moet word. Die kerk vind sy bestemming in diens aan die wêreld. Lidmate is in besondere sin in die wêreld. Hall (1974: 24) omskryf die "wêreld" van die lidmate as volg: die "volle omvang van hulle invloed op ander en op gebeure, deur wat hulle doen en besluit op die hoogste vlak van hulle posisie en kompetensie in die wêreld". Nel (1982: 92) wys ook daarop dat die lidmate soos sout en lig is wat orals indring, hulle het toegang tot plekke en gesprekke wat vir die "kerk" nie moontlik is nie. So kan die verleentheid van die kerk in 'n sekulêre samelewing die geleentheid wees om in pas te kom met God se bedoeling met die kerk.

Die evangeliseringstaak van die gelowiges het vele fasette. Dit staan egter vas dat die "stad nie op klerikale wyse van buite verower word nie, maar slegs bereik word deur die getuienis van gelowige stadsmense van binne" (Heyns 1988: 59). In hierdie verband sluit die werkswyse van "Service Evangelism" ("Getroue Getuies") van Armstrong ook aan by die hele gedagte van die kerk as dienskneg. "The word 'service' is intended to imply a style of evangelism that is caring, supportive, unselfish, sensitive, and responsive to human need. It is evangelism done by a servant church, whose people are there not to be served but to serve" (Armstrong 1979: 53). In hierdie benadering gaan dit daaroor dat die gelowiges "oorbeweeg" na die buitestaanders, hulle werklik in hulle konteks ontmoet, en by hulle betrokke raak en deur onselfsugtige, onvoorwaardelike diens te wys dat hulle omgee. Geleenthede vir gesprek oor geloof is afhanklik van die "ontmoetingsgebeure" rondom volgehoue liefdesdiens (Armstrong 1979: 31,32). Sjogren vertel

in sy boek "Conspiracy of kindness" (1993) van die effek wat eenvoudige dade van liefde deur 'n gemeente op die samelewing het, en ook op die lidmate wat betrokke is. Die uitgangspunt van hierdie dienswerk is: "demonstrating the kindness of God by offering to do some act of humble service with no strings attached" (Sjogren 1993: 17). Die "woord" van God se liefde volg op die "daad" van God se liefde, wat sê dat die ervaring van God se liefde voor die verstaan van God se liefde kom. Indiwidue, gesinne of groepe moet begin ontdek wat die behoeftes in 'n bepaalde omgewing is. In die lig van behoeftes in die gemeenskap, en eie vermoeëns van die indiwidu, gesin of diensgroep, kan daar dan diens gelewer word wat enige iets kan behels, van die uitdeel van gloeilampe, die was van motors, die uitdeel van kos of verversings, ens. Die diens word gratis gelewer, en die verklaring wat aangebied word is: "were doing a free community service project to show God's love in a practical way" (Sjogran 1993: 135). Die leiding moet diensmoontlikhede op verskillende vlakke van verbintenis bied (Sjogren 1993: 150,151), vrese moet geminimaliseer word deur presies te sê wat verwag word, wat die tydsduur is, en wat beskikbaar is. Groepe gee juis die geleentheid om met groter vrymoedigheid betrokke te raak. Om as 'n kanaal te dien vir die kommunkasie van die genade van God vra dat die diens gratis gedoen moet word sonder bymotiewe. Die gemeente of diensgroep moet self die middele wat nodig is, voorsien. Die moontlikhede van hierdie soort diens om die kerk se identiteit vir homself te herdefinieer, om 'n nuwe geloofwaardigheid te vestig en veral om 'n kanaal te wees waardeur mense uiteindelik ook daartoe kan kom om oop te raak vir God se liefde, is onteenseglik bewys. Sjogren praat van 'n "low-risk, high-grace" bediening, waarby feitlik enige persoon betrokke kan raak (1993:53). Die geleenthede vir diens op hierdie wyse is legio, soos wat die lys moontlikhede as addendum in sy boek aandui (1993: 212-214). Die meer formele <u>missionêre diakonaat</u>, wat hierby aansluit, sal in die tyd van afgeskaalde kerklike diakonale dienste al meer die verantwoordelikheid van lidmate van die kerk word wat deur die Gees gedring en begiftig word daartoe. God se barmhartigheid moet hande en voete kry in die genadige lewenswyse van Sy kinders.

Daar sal minder sinodale en meer gemeentelike betrokkenheid moet wees waar gemeentes hulle lidmate en infrastuktuur beskikbaar stel vir gemeenskapsprojekte (Boshoff 1995:14).

Die volgende konkrete aksiestappe dien as voorbeeld vir aksies wat gemeentes kan onderneem om praktiese dienswerk aan armes te verrig:[8]

* Die diakonie, of 'n subkommissie van die diakonie, word getaak om 'n hulpverleningsprogram te fasiliteer. As 'n eerste stap word soveel as moontlik lidmate blootgestel aan die konkrete nood van armes in die omgewing. Die nood moet gesien en ervaar word. Streef daarna veral om lidmate met die gawe van barmhartigheid en diensbetoon te bereik. Die blootstelling is 'n belangrike luister - en leerervaring wat deur Bybelstudie, gebed en die Gees begelei moet word.
* Die diakonie organiseer 'n strategiese beplanningsessie waar die lidmate wat die nood beleef het na aanleiding van die behoeftes wat deur die armes uitgespreek is, besluit op 'n paar praktiese hulpverlenigingsmoontlikhede.
* Hierdie moontlikhede word bespreek met die armes. Die teikengroep (armes) het uiteindelik die grootste sê in die ontwerp van die (eenvoudige en konkrete) program. Hulle het trouens 'n vetoreg, want hulle is self belangriker en groter as hul probleem of die hulp wat hulle ontvang. Die kerk luister, en luister nogmaals. Die armes bepaal die agenda, die program, die tempo van vordering, die wyses en kriteria van die evaluering en moontlike wysigings aan die program.
* 'n Komitee word aangestel uit die gemeenskap waarin die projek geloods word. Verteenwoordigers van die gemeente dien ook op hierdie komitee. Die taak van die komitee is om die hulpverleningsprogram te bestuur.
* Die hulpverleningsprogram is nie die gemeente sin nie, maar die teikengroep sin. Hierdie moet as't ware elke dag as 'n herinnneringsteken aan die gemeente se voorkoppe gebind word.
* Die gemeente kan ook gebruik maak van kundigheid op die

---

[8] *Armoede in Namibië*, Agenda Sinode van die NGKN, 7-13 Oktober 1995: 211

gebied van ontwikkelingswerk in sy omgewing, soos die KMR en ander welsysnsorganisasies, die VGK (wat oor baie belangrike kundigheid beskik), ontwikkelingsorganisasies, EGKA, ander kerkgroepe, Nie Regerings Organisasies (NGO's), en die regeringsprojekte self.

* Die gemeente maak erns met goeie opleiding van sy hulpverleners. Daar word 'n aksie georganiseer wat deur kenners op die gebied toegerus word.

* Verteenwoordigers van die teikengroep word genooi om die plaaslike gemeente te besoek, sodat die werk 'n "gesig" kry.

* Die gemeente versoek die armes ook om iets vir hul te beteken, bv. om gereeld vir die gemeente te bid.

Die kerk sal moet help om die "struggle culture" van boikotte en weerstand in die swart gemeenskap af te breek, en sal die kantlyn kultuur by blankes moet teengaan (Boshoff 1995: 5).

Hall (1974:78) vestig die aandag op die evangelies se beskrywing van die institusionele konkreetheid van die inkarnasie, die gerigtheid op die lewe met al sy <u>sosiale, ekonomiese en politieke instellings</u>. Volwasse Christene is "insiders" in hierdie instellings wat ook maar afhanklik is van mense en wat kan verander. Instellings gee gestalte aan die waardes van die mees aktiewe deelnemers.(Hall 1974:44.) Christene kan 'n geweldige rol speel in die bevordering van 'n moreel gesonde samelewing in 'n tyd van morele krisisse, in die kanalisering, verspreiding en verdeling van die aardse rykdomme in 'n tyd van armoede en verhongering, in die bewaring van die aarde in 'n tyd van vermorsing, ens. Willard (1988: 213) sê dat daar maar net een oplossing is vir die groot sosiale probleme in die wêreld: 'n nuwe soort mens, 'n mens wat al meer soos Christus is in al die fasette van die lewe en die gemeenskap. "This people understand it is part of their responsibility to control the world's possessions in a way that ministers to all. The poor are much more to be benefit by the godly controlling the goods of this world than by their performing a pious handwashing that only abandons those goods to the servants of mammon" (Willard 1988: 214). Gelowiges word opgeroep: "take up holy orders in farming, industry, law, education, banking, and

journalism with the same zeal previously given to evangelism or to pastoral and missionary work" (Willard 1988: 214). In 'n verbruikersamelewing besef Christene self nie watter groot faktor hulle kan wees in die verantwoordelik hou van produsente en verkopers vir die kwaliteit van produkte, die diens en die waardes wat uitgedra word nie. Daar is oneindige geleenthede vir Christene om die bediening van versoening uit te leef in besighede, fabrieke, ens. waar vyandskap en selfsug hoogty vier.

Die gelowiges bevind hulle al meer in 'n situasie waarin Christelike waardes nie wetlik beskerm word nie. Die kerk moet gelowiges toerus om te kan beoordeel en om vanuit innerlike oortuigings te help vorm gee aan Christelike waardes op al die terreine van die samelewing om so die samelewing ook op die manier te kan dien. Dit vra ook 'n doelgerigte betrokkenheid by moreel-etiese sake, asook by politiek wat juis die orde in 'n samelewing reël. 'n Belangrike faset hiervan is die bevordering van sosiale geregtigheid as 'n daaglikse leefwyse maar ook as 'n toegespitste aktiwiteit. Wagner (1984: 175) maak hier 'n onderskeid tussen sosiale diens en sosiale aksie, en noem dat 'n oordrewe klem op sosiale aktivisme op die lang termyn 'n verlies aan sosiale impak tot gevolg het in die lig van die prioriteite in die kerklike dienswerk.

'n Mens sou nog lank so kon voortgaan. Die belangrike is die insig dat die kerk net relevant sal wees en bly en werklik saak sal maak in hierdie wêreld as die wêreld as God se wêreld opnuut waardeer word, en as die amp van gelowige gemobiliseer word om sy Christenskap in die lewe van elke dag dienend uit te leef, en as spesifieke geleenthede vir diens vanuit die gemeente geskep word. Die kerk kan nie maar die wêreld op 'n afstand probeer help nie. Hy word soos Christus gestuur om na die plekke te gaan waar nood is, en daar te gaan tent opslaan, en om nie te rus terwyl daar nog mense op die aarde is wat trane in hulle oë het nie (Nouwen 1982: 27).

"The laity, in fact, have special responsability to penetrate the secular sphere with the spirit of Christ, and to leaven it with the yeast of the gospel, so that human efforts may be

sustained by hope and guided toward the divinly appointed consummation" (Dulles 1988: 214).

## 4.9. TOERUSTING EN VORMING VAN DIE AMP VAN GELOWIGE

In die lig van die rol wat die lidmate in die diensgestalte van die kerk speel, is toerusting noodsaaklik. Die kerk is 'n oefenplek vir gelowiges met die oog op die uitleef van die geloofslewe in die gemeenskap. Die saak is so belangrik dat ons nog verder hierna moet kyk. In die sg. Konstantynse Christendom-paradigma was, ideaal gesproke, die gemeenskap self die vormende instansie in die lidmate se geloofslewe. Vanweë die gaping tussen godsdiens en gemeenskap, is daar vandag 'n soeke na 'n nuwe weë vir christelike opvoeding (Mead 1991: 49). Die kerk sal in die toekoms nog meer intensioneel gerig moet raak op die formasie van die lidmate. Mead (1991: 57) sê wat die teologiese seminaries vir die bediening van die kerk was, is die gemeente dit nou . Die gelowiges ("laymen") is op die voorpunt van die kerk se uitreik na die wereld. Die sending is nie meer "daar ver" nie, maar op die voorstoep van die plaaslike gemeente. Daar sal prosesse en programme ontwikkel moet word wat die lidmate lewenslank kan ondersteun. Die lidmate is besig om die aktiewe teoloë te word, wat die grens tussen die kerk en die wereld 'n paar keer per dag oorsteek. Teologie sal moet verskuif van die Universiteit na die plek waar gedooptes die wêreld ontmoet. (Mead 1991: 57.) Die plaaslike gemeente word nou die opleidingsentrum, die oefenplek vir lidmate se groot sending (vocatio) in die wereld. Hieruit kan gesien word dat die plaaslike gemeente die beste moontlikhede bied om mense te begelei om op 'n nuwe manier in die wêreld te wees, om mense toe te rus vir die lewe in die onderwys, industrie, ekonomie, politiek, ens.

Waar die vloei van bronne opwaarts was van gemeente na ring na sinode, sal die vloei van bronne nou 180 grade moet omkeer (Mead 1991: 55). Rings- en Sinodale aksies is strategiese reserwes wat aanpasbaar moet wees om vinnig aan gemeentes bronne te kan verskaf. Sinodale besluite sal al meer die plaaslike opsie moet in ag neem. Die sg. "bottom up" - in plaas van "top down" - styl sal al belangriker word (Boshoff 1995:

25).

Omdat geloofsoordrag eintlik lewensoordrag is, sal enige vorm van skoling of toerusting en die kerk aan al die aspekte van mens-wees moet aandag gee. Richards (1975) het hier belangrike bydraes gelewer. Verandering is sosiaal geanker. Denke, waardes en sieninge word nie in die eerste plek in 'n formele leersituasie gevorm nie, maar deur die saamleef met ander belangrike mense in jou lewe. Dit word 'n primêre groep genoem. "Teaching is sharing the life we live with God" (Richards 1970:254). Terwyl daar ruimte is vir kursusse, klasse ensomeer, is die kritiese belangrike dat daar 'n konteks geskep sal word waarin groei kan plaasvind (Richards 1975: 242). Die belangrikheid van die gemeenskap van die gelowiges as die ruimte vir vorming is al oortuigend aangetoon. Slegs in sulke omstandighede kan daar werklik aandag gegee word aan kognitiewe, konatiewe en affektiewe elemente in die opvoedingsproses. Hieruit is dit ook verstaanbaar waarom daar vandag so baie gemaak word van die gedagte van rolmodelle (Richards 1981: 245). In aansluiting hierby is daar 'n groter besef van die feit dat opvoeding, vorming, toerusting nie 'n liniêre proses is nie. Baie klem word gelê op die feit dat die "doen" juis ook 'n leerervaring is (Burger 1991a: 124,128,129,142). Dit is in hierdie trant wat Richards (1981: 250) die stelling maak dat toerusting op 'n bepaalde behoefte gerig moet wees. Die derde teorie van Vossen (1990: 83,84; Vgl. ook PTH409-F Studiegids 1988:6) ivm godsdienstige opvoeding, wat ook ooreenstem met Van der Ven se teorie oor waardevorming, is hier van belang. Die teorie werk met die konsep van waarde-kommunikasie. Die doel hier is om 'n proses van selfrefleksie en evaluasie tov waardes en norme te fasiliteer, wat uiters noodsaaklik is in die lig van 'n outoritêre "oordragssindroom" in die tradisie van die NG Kerk met baie negatiewe gevolge. In egte kommunikasie vind daar 'n hermeneutiese proses plaas waarin die "ek" perspektief en die "jy" perspektief op mekaar inwerk (PTH409-F Studiegids 1988: 9). Daar vind dan kritiese refleksie [9] plaas in die ontmoeting.

---

[9] Die saak van kritiese refleksie rondom 'n gedeelde praxis word in diepte bespreek deur Groome,TH 1980. *Christian religious education*. San Francisco:Harper & Row.

Hierdie benadering neem die "mondige" mens as subjek en sy eksistensiële situasie ernstig op. Daar is ook geleenheid vir identifikasie met die rolmodel, die geestelike leier met alles wat hy/sy verteenwoordig, wat daartoe kan lei dat die norme en waardes van die "jy" geïnternaliseer kan word. Reeds in die wyse waarop daar dus met vorming en toerusting omgegaan word in die kerk, kan (moet) die gesindheid en gerigtheid van diens sigbaar word.

Die vorming van waardes en norme is ook op die agenda van die toerusting vir Christene in 'n land waar daar al minder op wette gesteun word vir beskerming van 'n christelike lewensstyl. Op die ou end gaan dit eenvoudig daaroor dat lidmate gehelp en begelei word om in vryheid God se stem te hoor en daarop te antwoord. Elke Christen het 'n persoonlike verantwoordelikheid om God se bedoeling met sy/haar lewe te ontdek en daarvolgens te leef. Burger (1995a: 128-151) en Mead (1991: 57) noem juis ook die potensiaal wat daar in oorgangstye is om te kan groei in geestelike diepte, 'n nuwe verstaan en nuwe waardes, kreatiwiteit, ens.

Die NG Kerk sal dit as sy groot opdrag moet aanvaar: "Gaan dan heen, maak die mense My dissipels, en *leer hulle*........."

4.10. DIE KERK EN KLEINER GROEPE

4.10.1. DIE KERK AS 'n NETWERK VAN VERHOUDINGS - KOINONIA.

Die hele saak van kleiner groepe in al sy variante vorme is so belangrik vir die dienskneg kerk van die toekoms dat ek dit ietwat uitvoeriger wil bespreek.

Die mens se grootste behoefte is onvoorwaardelike liefde: om waardevol geag en aanvaar te wees net vir die mens wat jy is (Dykstra 1987:534,535). Met die inkarnasie het God se liefde vlees geword, Liggaam geword, en die liefde word voortgesit in die kerk as die liggaam van Christus. God kommunikeer Sy teenwoordigheid onder Sy volk deur verhoudings van liefde. Juis in ons liefdevolle lewensgemeenskap is ons beelddraers van God. Liefde is nie abstrak nie, maar word ervaar in konkrete

verhoudings tussen mense. Die liefde van gelowiges vir mekaar, soos wat dit meermale in die sg. "mekaar-tekste" as gesindhede of dade uitgedruk word, kan net gekommunikeer word in verhoudings wat intiem genoeg is om hierdie soort liefde te kan ervaar (Richards 1981: 195). Die ervaring van verbondenheid tussen gelowiges in 'n relatiewe klein groep moet dus nie as iets nuuts beskou word nie, maar as iets wat deur Jesus en Sy dissipels ervaar is en iets wat deur die eeue konstituerend vir die kerk en wesenlik vir kerk-wees was. Jesus se versoeningswerk het mense in 'n nuwe lewensverband as gesin van God, as mekaar se broers en susters, saam verbind. "Waar nie intieme lewensgemeenskap tussen gelowiges is nie, het ons nie met die gemeente of die kerk te doen nie - geen instansie kan sigself tot "kerk" verklaar terwyl Christus 'n ander vereiste stel nie (Joh. 13:35)" (Potgieter 1995: 139). Volgens George (1992:41) is kleingroepe die mees strategiese fondasie vir die funksies waartoe God die kerk roep.

4.10.2. KLEINGROEPÉ EN DIE MODERNE MENS SE BEHOEFTES

Die verbrokkeling in natuurlike gemeenskapsverbande lei daartoe dat die mens van vandag 'n groot behoefte het aan aanvaarding en deel wees van 'n groep wat omgee en versorg (Burger 1991a:103). Die NG Kerk spesifiek kan nie meer staatmaak op die natuurlike lewensverbande wat mense in die verlede ook aan die kerk verbind nie (Burger 1991a:109). Dit is van die uiterste belang dat die kerk toenemend doelgerig aandag sal gee aan die vorming en instandhouding van gemeenskap in die kerk. Die mens van vandag met sy krisisse in intermenslike verhoudings, eensaamheid, indiwidualisme en 'n ander siening van gesag as geslagte gelede, veroorsaak dat mense nie meer aangespreek word deur 'n outoritêre bedieningspatroon nie. In die lig hiervan meen HJ Hendriks (1992:91) dat vandag se mens alleen bereik kan word deur 'n bedieningspatroon wat baie sterker rondom verhoudinge georiënteer is. In 'n bedieningspatroon wat sterk gefokus is op intieme onderlinge verhoudinge, speel die "mondige" mens van vandag se diens en gawes 'n groter rol.

Burger (1995a:22-38) gebruik Victor Turner en Gerald Arbuckle

se sosiale modelle om aan te toon dat in oorgangstye soos wat ons ook vandag beleef in Namibië, daar minder gefokus word op die vaste, gestruktureerde samelewingsverbande, rolle en reëls van die sg. "societas" tyd. Die sg. "communitas" tyd relativeer hierdie waardes. Waar anonimiteit en indirekte verhoudings kernmerkend is van die "societas", word die "communitas" gekenmerk deur verhoudings van resiprositeit en "behoort aan" (Boff: 1986:5). Die gevoelens van sekuriteit en geborgenheid wat vroeër in die strukture geleë was, word vervang met onveiligheid, onsekerheid, selfs vrees. In hierdie situasie kan mense weer geborgenheid vind in verdiepte menslike verhoudings, wat volgens die Skrif dan ook die belangrikste geborgenheidssisteem is (Burger 1995a:41,43). Burger (1995a:49) sien hierin dan die uitdaging vir die kerk van vandag om die fokus te skuif van die instandhouding van strukture en saaklike formalisme na die mens-gerigtheid van die evangelie. Die evangeliese waardes van liefde, aanvaarding, sorg, ens. neig altyd weer in die rigting van die "communitas" ervaring, en dit is dan ook juis kleiner groepe wat die kerk in geheel kan help om die kerk al meer te verstaan as 'n netwerk van verhoudings.


Ek wil vervolgens na enkele kontemporêre gestaltes kyk waarin kleiner kerklike groepe funksioneer. Dit is in sigself reeds modelle waarin gesoek word na strukture vir die kerk om getrou te kan wees aan sy roeping in 'n veranderende wêreld, om werklik diensbaar te wees. 'n Hele aantal van die struktuurelemente wat tot hiertoe bespreek is, kom in hierdie bedieningsvorme na vore.

### 4.10.3. BASISGEMEENSKAPPE

Ek kyk na die basisgemeenskappe in Suid-Amerika in die lig van Boff, 'n Rooms-Katolieke priester, se boek: <u>Ecclesiogenesis: The Base Communities Reinvent the Church</u> (1986).

Basiese of grondvlak kerk gemeenskappe het in die sestigerjare onstaan as 'n reaksie op die kerk se ontwikkeling die afgelope eeue tot 'n groot organisasie wat hiërargies beheer word en waarin lidmate se verhoudings met mekaar meer struktureel bepaal word (Boff 1986:1). Die gemeenskappe het verder ook

onstaan asgevolg van die feit dat gemeenskapsleiers in Brazilië sekere kerklike funksies moes laat voortgaan in die lig van 'n tekort aan priesters (Boff 1986:3). Volgens Boff (1986:2) verteenwoordig hierdie ontwikkeling 'n totaal nuwe ervaring van kerk-wees, 'n renaisscance van kerk-wees wat vir die kerk wêreldwyd kan help om op 'n nuwe manier teenwoordig te wees in die wêreld. Hierdie gemeenskappe word gekenmerk deur direkte onderlinge verhoudinge van resiprositeit, onderlinge ondersteuning, gemeenskaplikheid en samehorigheid rondom evangeliese ideale. Hierdie eienskappe van "communitas", teenoor "societas", is makliker haalbaar in 'n kleiner groep (Boff 1986:6). Die kerk se bestaan in die gemeenskappe is nie die resultaat van kerlike organisasie nie. Vir eeue het die kerk met die hindernis gewerk dat die geordende bediening primêr is, teenoor die gemeenskap staan en die heilswerk van die "stigter" verder oordra. In die basisgemeenskappe is Christus en die Gees reël teenwoordig in die gemeenskap. Die volk van God is primêr, hulle kom bymekaar, en word dan, as 'n sekondere saak, georganiseer (Boff 1986:26). In so gemeenskap is al die gelowiges mede verantwoordelik vir kerk-wees. Die ampte het 'n taak in 'n gemeenskap wat hulle nie gestig het nie, maar waarin hulle hulleself bevind. Al die bedieninge in die gemeenskap kom op uit die gemeenskap en is gerig op die gemeenskap. Die tipies liniêre styl van deelname in die Rooms-Katolieke kerk maak hier plek vir 'n drie-hoekige kringloop model van betrokkenheid (Boff 1986:32):




Almal is nou verantwoordelik vir die lewe van die kerk. Die nuwe styl van biskop en priester is die van voorbeeld, inspirasie en eenheid. Die sg. "leke" word die draers van kerklike waardes. Hulle neem deel aan besluitneming in die gemeente. Boff (1986:6) toon aan op grond van studies van Pedro Demo dat 'n groot organisasie vanweë sy aard nie kan verander in so "communitas" nie. Die institusionele kant van die kerk is ook noodsaaklik. Dit staan in diens van die

gemeenskap, en die gemeenskap soek altyd na adekwate institusionele uitdrukkingsvorme (Boff 1986:7). Die institusionele kant van die kerk gee kontinuïteit, identiteit en eenheid aan die lewe van die gemeenskap. Die gemeenskappe kan daarom nie die gemeente vervang nie. Dit kan nie bloot 'n alternatief vir die kerk as instituut wees nie (Boff 1986: 7,9). Die basisgemeenskappe speel egter 'n vernuwende rol in die kerk. Dit het die funksie van vernuwende suurdeeg in die kerk, dit herinner die kerk voortdurend aan die basiese wat die kerk konstitueer: geloof in die aktiewe teenwoordigheid van die opgestane Here, en Sy Gees wat gemeenskap stig, wat liefde tot God en naaste bewerk (Boff 1986: 24,26). So kan die basisgemeenskappe die kerk help om homself te herontdek as 'n geloofsgemeenskap waarin almal medeverantwoordelik vir die lewe van die kerk is. Boff se oortuiging is dat hierdie basisgemeenskappe die kerk in geheel kan help om homself te vernuwe tot op die fondasies

### 4.10.4. SELGEMEENTES

'n Tweede wyse waarop met kleingroepe gewerk word, kry ons in die gedagte van sel-gemeentes. Potgieter (1995:18) praat van 'n wêreldwye beweging waarin mense kerk-wees beleef as intieme verhoudings tussen 'n klein groepie gelowiges wat in huise bymekaar kom. Die selgemeente is 'n spesifieke toepassing van die kleingroep bediening. George (1992:51) noem hierdie selgemeente konsep die "meta kerk", om daarmee die veranderinge aan te dui wat bedieningswyses en kerkstrukture sal moet ondergaan om relevant te wees in 'n veranderde wêreld. Sy model vir die kerk van die toekoms is baie dieselfde as die van Potgieter, ten spyte van sekere aspekte wat verskillend uitgewerk word en verskil in terminologie. In die selgemeente model is die selgemeente, bestaande uit 'n paar gesinne en enkelinge met 'n herder-leier ("leke leier" of "leke pastor" - George:1992:120) die basiese groep en alle werksaamhede gaan daarvan uit of dien die opbou daarvan. Alles in die kerk moet ingestel wees op die kultivering van die sel. In die sel kan ook persone wees wat leiding neem tov bepaalde funksies in die groep, bv. dienswerk, fisiese aspekte, ens. Die sel is gemeente omdat die sel die wesenlike eienskappe van 'n gemeente vertoon.

As sel is dit egter ook weer verbind met ander selgemeentes in die groter gemeenskap van gelowiges (Potgieter 1995: 21). Elke selgemeente het dus 'n hoë mate van selfstandigheid, maar verskil van bv. "huiskerke" juis daarin dat die selgemeente ook deel is van die groter verband. Net soos by die basisgemeenskappe word bevestig dat die saamleef en betrokkenheid by mekaar se lewens op so manier dat die onderlinge broederliefde soos in die "mekaar"-tekste verwoord, bewaarheid kan word, net in 'n beperkte groep uitgeleef kan word, en is die maksimum gesinne wat inskakel ongeveer 6 gesinne (Potgieter 1995: 26,48). In die meta kerk bestaan die ideale sel uit ongeveer 10 persone. Christus se heerskappy en die Gees se werk in die kerk en in gelowiges se lewe kom meer tot sy reg in die kleiner groep. Almal staan saam onder die leierskap van Christus. Gelowiges aanvaar makliker dat elkeen 'n funksie het, 'n verantwoordelikheid het in 'n kleiner groep. In die selgemeente waarin daar intieme lewensgemeenskap is, kom liefdevolle hulp en versorging makliker tot sy reg (Potgieter 1995:33). "Only on the cell level can people's deeply felt care needs be met" (George 1992:60). Die lewensgemeenskap word oa ook gevoed deur die weeklikse byeenkoms van die selgemeente. Ongeveer 4 tot 5 selgemeentes vorm 'n omsienerskring, en 4 tot 5 omsienerskringe vorm weer 'n leraarskring (Potgieter 1995: 107,108). Die groot taak van die omsieners en predikant(e) is die van toerusting en begeleiding van die sel leiers. As die sel die basiese bousteen in die kerk is, is die tweede groep wat van belang is, die groep waar gesamentlike viering plaasvind. Die groter byeenkoms sorg vir aspekte van die geloofslewe wat nie haalbaar in 'n klein groep is nie (George 1992:60). Die kerkraad in 'n leraarskring is 'n aantal kundiges tov van bestuur wat dienend beplan, koördineer en kontroleer sonder om die werk uit die selgemeentes se hande te neem (Potgieter 1995:112).

In die tradisionele strukture waar die groterige gemeentegroep die basiese groep is, word verwaarlosing van sorg gestruktureer. Een predikant kan nie 50-100 mense versorg nie. Die lidmate bly afhanklik van die predikant. Die gawes van lidmate word nie ontwikkel nie. Daarteenoor is die voordele van die sel groep verhoudings van intimiteit, aanspreeklikheid,

ondersteuning en pastorale sorg aan mekaar, gawe ontdekking en gebruik, surrogaat verlengde familie, aantrekkingspunt vir nuwelinge en diens in die gemeenskap. (George 1992:85.) Die mobiliteit en aanpasbaarheid van die sel bereik lidmate waar hulle is, en is ook 'n meer natuurlike en "mensliker" raakvlak met die samelewing. In elke gesonde kleingroep kom vier aspekte aan die orde: sorg, diens, studie en groei (Van der Merwe 1995:65). Dit is vir George (1992:99) belangrik dat die versorgingswerk in die sel net die voorrang moet hê bo die lering, juis omdat die sel die essensiële funksie van 'n gemeente verrig. Teenoor die tradisionele geografiese grense, word in hierdie modelle gepraat van verhoudingsgrense of lewensfase grense. Die moontlikheid van vorming van nuwe selle is dus onbeperk. Deur leierskap en sorgfunksies rondom so klein groep te vorm, skep die moontlikheid vir intensiewe bediening, ongeag hoe groot die kerk is (George 1992:60). Die sel groepe kan dus soos suurdeeg inwerk op die omgewing. Die organisasie het in die model ook 'n plat struktuur, sodat die indiwidu via die sel-leier met die leraar kan skakel. Die bestuur en leierskap beoog die bevordering van wat in die sel groepe gebeur. In hierdie lig is die pastor veral toeruster, fasiliteerder, kommunikeerder, en visionêre leier. Die selgemeente of meta kerk model is 'n uitdaging om te breek met tradisionele oneffektiewe strukture om nuwe oplossings te vind vir die roeping van die kerk in 'n veranderende gemeenskap. Vir Potgieter (1995:113) is daar nie "versoening" moontlik tussen die tradisionele siening in die NG Kerk dat die kerk 'n formele geestelike organisasie is en die selgemeente model wat die kerk sien as lewensgemeenskap van gelowiges nie. Die grootste probleem is dat toegewyde lidmate nie tegelyk by twee vorme van bediening betrokke kan raak nie. 'n Gemeente sal 'n meer radikale keuse moet maak om oor te skakel na 'n selgemeente struktuur. Dit kan dan bywyse van 'n ewolusionêre proses geïmplimenteer word. Van der Merwe (1996) het wel 'n voorstel vir 'n kleingroep-bediening wat 'n versoening is van die tradisionele model met die erediens as primêre struktuur en die kontrolefunksie van die besondere ampte aan die een kant en die rol van 'n verskeidenheid van kleingroepe aan die ander kant.

### 4.10.5. KLEINGROEPE EN DIENS

Koinonia, liefdevolle gemeenskap, is die konteks waarin gelowiges mekaar dien (Richards 1981:191). Daarom is daar in die kerk altyd erns gemaak met die noue samehang van koinonia en diakonia. Richards (1981:195) toon aan dat elke keer wat die gawes ter sprake kom in die Skrif, dit in die raamwerk van liefdevolle verhoudings tussen gelowiges figureer. In hierdie verhoudings raak jy met jou mens wees betrokke by ander met dit wat jy kan gee. Die groep help jou ook met die identifisering van jou gawes en gee leiding ivm met die aanwending van gawes (Burger 1991a:141). In die koinonia word jy ook versorg. Burger (1991a:105) omskryf koinonia juis vanuit hierdie hoek as hy sê dit is "die wete of versekering dat jou lewe geag en beskerm word, dat rondom jou mense is vir wie jy saak maak, dat jy omring word deur harte en hande wat in die Naam en krag van Christus omgee en wat vir jou sal sorg". Moltmann (1984:38) lê ook klem op die verband tussen gemeenskap en diens: "Diakonie geschieht in und durch heilende Gemeinschaft". Trouens, diakonia en koinonia ontstaan op dieselfe wyse, en is daarom twee kante van dieselfde saak - "der heilenden Gemeinschaft" (Moltman 1984:73). "In community, our lives become compassionate lives because in the way we live and work together, God's compassion becomes present in the midst of a broken world" (Nouwen 1982: 57).

Potgieter (1995:140) noem dat die kind van God se effektiwiteit in die wêreld ten nouste saamhang met die intieme lewensgemeenskap met ander gelowiges. Slegs in 'n intieme kring word vertroue gekweek en onvoorwaardelike liefde beleef en as 'n lewenswyse aangeleer (Potgieter 1995:140). Die groep bied legitimasie, motivering en ondersteuning vir dienswerk. Groepsdinamika onder beheer van die "dunamis" van die Gees genereer energie. Dienswerk kan ook net volgehou word indien daar bemoediging en hulp van medegelowiges is (Burger 1991a:132). In HJ Hendriks (1992:42,43) se praktykmodel van "aanvullende koinoniaverbande" is die bedoeling van die koinonia groepe juis om die dienswerk van die gelowiges te bevorder as 'n integrerende deel van lidmate se geloofslewe in die kerk en in die wêreld.

Die diensbaarheid van al die gelowiges in die basisgemeenskappe is reeds gestel. Dit gaan in die dienswerk in die basisgemeenskappe ook in 'n groot mate om betrokkenheid by sosiale prosesse, in 'n verbintenis om meer simmetriese en humane sosiale verhoudings daar te stel (Boff 1986:38). Christene in die basisgemeenskappe is kritiese, deelnemende, demokratiese burgers, agente van nuwe sosiale hoop (Boff 1986:44). Hierdie politieke bevryding is egter nie net maar suiwer politiek nie. Dit is vir hulle die gevolg van die lees van die Woord, die vrug van Christus se soenverdienste (Boff 1986:41). In die lig van die basisgemeenskappe se betrokkenheid by veranderinge in die samelewing, word soms na die model verwys as 'n transformasie model (HJ Hendriks 1992:29). Die gemeenskap van gelowiges kan daardie skakel wees tussen die nood van die wêreld en indiwiduele gelowiges se eie reaksie op die nood, omdat die gemeenskap soveel meer kan vermag as 'n indiwidu (Nouwen 1982:58).

Vir Potgieter (1995:92) is die wese van Christenskap diens en diensbaarheid. Die selgemeente bestaan met die doel om praktiese liefdesdiens te lewer. Net soos by die basisgemeenskappe, is die lewensgemeenskap van gelowiges in die selgemeente die primêre gestalte van Christus se teenwoordigheid op aarde. Jesus se teenwoordigheid word sigbaar in dienende liefde, eerstens tussen diegene wat aan Hom behoort binne die gemeenskap van gelowiges en vandaar uit na mense in allerlei nood. "Elke lid van die selgemeente word deur die Gees toegerus vir 'n spesifieke terrein van diens as ledemaat van Jesus se liggaam op aarde" (Potgieter 1995:25). Dit is liefdesgemeenskap wat Christus se gesindheid openbaar en Sy bediening op aarde voortsit. So word daar in die selgemeente geleer dat die onderlinge gemeenskap nie die uiteindelike doel is nie, maar wel die uitdra van die evangelie met woord en daad in die wêreld (Potgieter 1995:33). Daarom word praktiese liefdesdiens aan mekaar en in die wêreld verrig- die aanleer deur modellering en begeleiding ("in diens opleiding") om die liefde van God uit te leef. Gelowiges leer dat daar juis die diepste geluk in lê om jouself in diensbaarheid te gee aan ander. (Potgieter 1995:78,79.) Elke gelowige word geroep om diens te lewer, almal is verantwoordelik vir die liefde. Die

dienslewering word versterk deurdat daar 'n leier is vir elke terrein van dienslewering in die selgemeente wat die dienswerk motiveer en koördineer. Die leierskap is 'n leierskap van onder, om te dien, en nie van bo, deur te heers nie (Potgieter 1995:100).

Samevattend sien ons in die bespreekte selgemeente of meta kerk dat die sel-groep die ideale geleentheid is om 'n diens-spiritualiteit te kweek en werklik diens te lewer. Elke gelowige is 'n subjek in wie die Heilige Gees werksaam is, elkeen is 'n dienswerker. Die klein groep is die mees strategiese wyse waarop dienswerk aan mekaar en in die wêreld tot sy reg kan kom. Deur kleingroepe die aanrakingsvlak tussen kerk en wêreld te laat wees, kan die kerk die wêreld bereik deur lidmate wat op grondvlak voortdurend die grens tussen kerk en wêreld oorsteek. 'n Mens kan sê dat die kontekstualisering van die evangelie 'n noodwendigheid is in sel groepe wat gesond funksioneer. So groep kom werklik in aanraking met die leefwêreld van die lidmate, en so ook met die konteks waarin die kerk hom bevind. Die leierskap is dienend van aard omdat dit die werksaamhede in die sel, en so die dienswerk van lidmate, ondersteun. Die vorming en toerusting van gelowiges is nie uitgelewer aan 'n formele leersituasie nie, maar vind plaas in 'n situasie van lewensgemeenskap waar dmv modellering hoof, hart en hand beïnvloed word.

## 4.11. STRUKTUURMOONTLIKHEDE

In aansluiting by die omskrywing van strukture wat aan die begin van die hoofstuk gegee is, wil ek graag 'n definisie van strukture gee wat Hendriks (1990: 76) aanhaal van Lammers: Onder strukture verstaan hy "de min of meer geïnstitusionaliseerde betrekkingen en verhoudingen -formele en informele - tussen bekleders van organisatorische posities".

Ek gaan in hierdie gedeelte heelwat gebruik maak van Hendriks (1990: 76-138) se "partye-in-'n-sisteem" model omdat dit 'n benadering is wat baie gebalanseerd en omvattend is en myns insiens getrou bly aan belangrike teologiese en sosiologiese uitgangspunte. Sy model sluit ook aan by die van Van der Merwe

(1996) soos aangebied in die Predikantekursus van BUVTON: Kleingroep-bediening. In die "partye-in-'n-sisteem" model is die moontlikheid opgesluit dat die kerk reeds in sy bestaanswyse en in sy funksionering 'n diensgemeenskap kan wees.

### 4.11.1. VERHOUDINGS TUSSEN INDIWIDUE

Hendriks (1990) praat van drie tipes verhoudinge tussen mense in die gemeente:
*Gemeinschaft. Dit is die gemeenskap of koinonia in die gemeente. Dit is 'n aspek waarop baie noodsaaklike klem gelê word. Die "ons" besef is hier groot, eie belange skuif terug terwille van die groep se belange. Hierdie tipe verhouding word gekenmerk deur openheid, selfopoffering en direktheid. Richards sien dit as die "gesig" van die kerk in die toekoms (1970: 51). Hierdie tipe verhoudings kan verabsoluteer word. Daar moet ook 'n tweede tipe verhoudings in die kerk wees.
*Gesellschaft. Hier is ook 'n wedersydse aanvaarde verbondenheid, maar die waarde van indiwidualiteit, die subjek-wees van ander, word erken. Hier is meer distansie tussen lede, die eiebelange word op 'n positiewe manier ingespeel in die lewe van die gemeente.
*Organisasie. Hier gaan dit oor die saambinding rondom 'n gemeenskaplike taak. Die doel wat nagestreef word staan op die voorgrond, en die lede lewer 'n bydrae daartoe.

Indien net die eerste saak aandag kry, gebeur dit dat lidmate se eie insigte en behoeftes nie ter sprake kom nie, en dat hulle nie geleentheid het om hulle gawes en moontlikhede vir 'n gemeenskaplike doel aan te wend nie (Hendriks 1990:82). Enige verband kan net stabiel bly en vitaliteit hê, as aldrie verhoudingsvorme ruimte het, al word een miskien meer beklemtoon as die ander (Hendriks 1990: 80).

### 4.11.2. VERHOUDINGS TUSSEN GROEPE

In aansluiting hierby, stel hy 'n struktuur voor vir die verhoudings tussen groepe in die gemeente wat hy 'n "charismatiese" struktuur noem.

Die doel van die gemeente moet bepaal hoe die strukture moet lyk. Die strukture moet meewerk om die aard van die kerk as diensgemeenskap te laat realiseer. Die diensaspek en die gemeenskapsaspek kan op die volgende wyses die beste gedien word in die gemeente:

GROEPE..........

* Daar moet ruimte wees vir allerlei groepe (groter en kleiner) in die gemeente. Dit lyk net nie asof die kerk ooit werklik kerk kan wees sonder gelowiges se betrokkenheid by mekaar in kleingroepe in die tegniese sin of in kleiner groepe in die algemeen nie. Dit is die plek waar koinonia die beste ervaar word, en ook die plek waar dienswerk deel van gelowiges se lewe kan word. Dit gaan dus hier om alle soorte groepe, soos belangegroepe, wyksgroepe, dienswerkgroepe, en selfs ook ander groeperinge rondom spiritualiteit. Van der Merwe (1996) maak 'n onderskeid tussen gesinsgroepe, diensgroepe (wat tradisionele kommissies vervang), toerustersgroepe, belangegroepe en gewone wyke. Al kan een aspek domineer afhangende van die doel van 'n groep, moet al vier aspekte van sorg, groei, studie en diens aan die orde kom. Lidmate kies self by watter een van die groepe hulle wil inskakel.

* Wat hier van belang is, is dat die groepe 'n groot "speelruimte" moet hê. Die gemeente word nou nie meer verdeel tussen beleidmakers en uitvoerders nie, maar die bevoegdhede word gedesentraliseer. Binne die ruimte van 'n gedeelde visie en intensiewe kommunikasie, moet groepe self die planne uitdink wat hulle wil uitvoer, sonder te veel reëls. Groepe kry volmag en middele om 'n volledige "diens" te lewer en sake af te handel (Hendriks 1990:100).

......IN 'N SISTEEM.

* Die struktuur moet die eenheid in die gemeente bevorder. Die gemeente is 'n sisteem waarin al die onderdele in verhouding met mekaar staan en 'n invloed op mekaar het. Dit gaan hier oor die Bybelse beeld van die kerk as liggaam. Dit vra 'n gemeenskaplike visie in die gemeente wat in besonder in die erediens en kategese gevorm word, met intensiewe, informele, regstreekse kommunikasie tussen die groepe ("relatief kleine en autonome eenheden beïnvloed elkaar veel effektiewer (....) dan

hogerhand zou kunnen doen" (Hendriks 1990:116). In die benadering kan die erediens werklik die "toppunt en bron van alle kerklike aktiwiteite" wees (Müller 1990:9). Die diens aan God en aan mekaar word saamgetrek en gefokus in die erediens, daar word al die aktiwiteite in die gemeente gevoed, word gelowiges dienend die wêreld ingestuur. Dit gee betekenis aan wat verder in die gemeente gebeur (George 1992:60). Saam met Van der Merwe (1996) wil ons dus die erediens sien as die primêre struktuur in die gemeente (Sien grafiese voorstelling van sy model). Daarmee word die toesighoudende en eenheids funksie van die besondere ampte ook erken, tesame met die meer gawe- en diensgeoriënteerde leierskap van hierdie ampte. Die voordele van die klein groep word ten volle benut, egter sonder die gevaar van lidmate wat "deurval" en nie êrens by 'n groep ingeskakel is nie. Ook die gevaar van independendisme en kollegialisme by selgemeentes word hier ondervang.

* In hierdie model is die gemeente, bywyse van <u>gemeentevergaderings, die sentrale beleidsorgaan</u>.

* <u>Die kerkraad</u> se funksie is om dienend:

-Te waak oor die identiteit van die gemeente.

-Die groepe in die gemeente te ondersteun en te help deur besinning, motivering, koördinering, toerusting, ruimte en inligting verskaf, ens. Waar gewone wyke deur dienswerkers bedien kan word, kan die ouderlinge hierdie dienswerkers versorg, gesinsgroepe se leiers versorg en leiers van toerustersgroepe versorg. Diakens kan leiers wees van diensgroepe en sommige kan toesig hou oor die dankofferinsameling en stimulering en koördinering van barmhartigheidsaksies.


-Te help met die voorbereiding van die gemeentevergadering.

-Kommissies aan te wys bestaande uit kundiges (nie noodwendig kerkraadslede nie) om te help met sake soos admininstrasie en die bestuur van gemeenteprosesse.


Hierdie model voldoen aan die vereistes wat Van Haaren (Soos aangehaal deur Hendriks 1990: 101) stel ten opsigte van 'n struktuur in tye wat daar meer onsekerheid, veranderinge en

pluriformiteit is, nl. "gedecentraliseerd, gedeformaliseerd en gedemocratiseerd". Hierdie model se struktuur is "plat", wat die afstand tussen leiding en lidmate en tussen groepe kort hou. Dit is ook eenvoudig, deursigtig en aanpasbaar. In hierdie model word die lidmate as subjek van dienswerk in navolging van Christus, ernstig geneem, met die gevolglike verhoging van deelname, inisiatief en kreatiwiteit tov dienswerk. Dit sluit ook aan by die bedieningsaanpassings tov verhoudings, leierskapstyle en strukture wat volgens Burger (1995a: 40-52) nodig is in die "communitas" tydperk. Hendriks se kritiek teen ander struktrure is oa die onhoudbaarheid van die huidige kerkraadsfunksionering (getalgewys en agendagewys), die groot afstand tussen kerkraad en lidmate, die demping van lidmate se deelname deur die "korrekte kanale" en reëls, en kompleksiteit, soos bv. in die "linking pins", die oorvleulende verteenwoordiging van lede van groepe in ander groepe.

*'n Grafiese voorstelling van Hendriks se model (1990:118)*



*'n Grafiese voorstelling van Van der Merwe se model (1996).*




4.12. DIE KERK IN BREËR VERBAND

4.12.1. KONFERENSIES:

Wat hier volg is algemene indrukke wat ek gekry het tydens 'n studietoer in Duitsland by twee Evangeliese Akademies (Loccum en Bad-Boll). Dit is die neerslag van gesprekke en inligting uit brosjures.

Die NG Kerk moet begin besin oor die inisieer en die reël van konferensies/werkswinkels, sover moontlik in samewerking met ander kerklike groepe en instansies in Namibië. Die behoefte aan 'n forum vir bespreking van aktuele sake en wetgewing is ook uitgespreek in 'n Konferensie Dokument van die CCN (1990: 57). In hierdie dokument word daar spesifiek ook verwys na die belang van gesprek met kundiges en professionele mense in sekulêre organisasies, terwille van funksie van die kerk om soos suurdeeg in alle samelewingsverbande christelike waardes te bevorder. "Ons moet begryp dat forums, waarby die staat en die rolspelers uit die gemeenskap by betrokke is, die nuwe styl

van besluitneming is" (Boshoff 1995:13).

4.12.1.1. As 'n vorm van Voortgesette Teologiese Opleiding kan dit kerkleiers in Namibië toerus en begelei om tot 'n duideliker definiëring van hulle eie identiteit en rolvervulling te kom, (Mead 1991: 54) en dit kan dien as 'n geleentheid vir teologiese refleksie en besinning oor die wese en funksionering van die kerk in 'n post-moderne paradigma.

4.12.1.2. In die moderne gesekulariseerde samelewing is daar in 'n toenemende mate 'n skeiding tussen die private en sosiale (publieke) lewe van mense. Dit veroorsaak dat veranderinge in indiwidue en gesinne se funksionering nie genoeg is om die samelewing te beïnvloed nie. Daarby is dit ook so dat waar die hantering van onderwys, sieke-en bejaardesorg vroeër in die hande van die gesin was, word dit al meer 'n publieke verantwoordelikheid. Die kerk het in 'n groot mate by die "familiewêreld" (privaatwêreld) gebly, teruggeskuif na die woonbuurt, en geïsoleerd geraak van die groepe wat besluite neem wat die toekoms van die hele gemeenskap bepaal. Die plaaslike gemeente het nie meer invloed op die massiewe sosiale organisme nie. Vanuit die kerk kan hierdie probleem aangespreek word deur die hou van konferensies, vir lidmate van die kerk oor spesifieke sake rondom die uitlewing van hulle christenskap in die samelewing, maar ook vir ander samelewingsgroepe met die oog op oop gesprekvoering ivm die fundamentele sake van die tyd waarin ons leef. (Soms word in die verband van "social counselling" gepraat). In 'n veranderende samelewing sal kerke toenemend hande moet vat met mekaar en 'n kerklike forum skep waarin nuwe wette, strukture en stelsels bestudeer kan word (Boshoff 1995: 6).

Hierin moet daar openheid wees vir 'n verskeidenheid van moontlikhede tov die terreine wat by so forum betrek kan word en die formaat wat so forum kan aanneem. Dit kan mense begelei wat soek na religieuse, kulturele, sosiale en politieke oriëntasie. Dit bied in die samelewing die geleentheid vir dialoog tov sake wat sosiaal-etiese implikasies het, en wat die vormgewing van die toekoms raak. Dit kan bydra tot die proses van soeke na waardes en standaarde wat indiwiduele-en

groepsgedrag rig en lei. Groepe uit die kerklike en uit die sekulêre sfeer wat so bymekaargebring kan word, is oa verteenwoordigers uit die ekonomiese lewe, die landbou, vakbonde, gesondheidsdienste, sekuriteitsdienste, uit die letterkunde-en kunswêreld, opvoeding en onderwys, menseregtegroepe, maatskaplike- gesins- en jeugdienste, uit die regslui, die amptenary, uit die sport en ontspanningswêreld, ens., ens.

4.12.1.3. Groepe mense uit verskillende sosiale sfere word hier bymekaargebring by die "derde plek", maw as 'n neutrale terrein waar botsende belangegroepe kan saamkom en mekaar kan ontmoet (bv. werkgewer en werknemer). Dit vorm 'n forum vir die uitruil van inligting en idees, en die bespreking van kontroversiële sieninge en belange. Die hele werkwyse van die konferensies moet baie meer rus op induktiewe eksperimentering as op deduktiewe rasionalisering. Dit kan lei tot die ontdekking van 'n gesamentlike verantwoordelikheid vir die morele toekoms van die gemeenskap. Dit blyk dat konferensies van ten minste twee en 'n half dae die geskikste modus operandi is in die moderne gemeenskap om 'n gemeenskaplike denkproses te begelei en tot gemeenskaplike doelstellings te kom.

4.12.1.4. Die tema en inkleding van sulke konferensies kom vanuit die mense na wie die kerk deeglik geluister het, deur intensiewe interaksie met sosiale groepe, besigheidsinstansies, politieke partye, assosiasies, organisasies, ens., en word dan ook in samewerking met betrokke instansies en groepe aangebied (bv. dat die uitnodiging na so konferensie nie deur die kerk nie, maar deur die belangegroep hanteer word). Die kerklike ruimte waarin die konferensies aangebied word, skep die konteks waarin die rykdomme van die evangeliese bronne tot beskikking van groepe gestel kan word sonder om 'n stuk moralisme van die christendom te maak. Juis die visie op God se doel met die skepping en die koms van Sy Koninkryk, skep die drang vir openheid, aanvaarding en dring tot die soeke na nuwe vorme van gemeenskap.

4.12.1.5. Van elke konferensie word 'n konferensie publikasie gepubliseer. 'n Periodieke nuusbrief of alternatiewelik

populêre publikasies waarin inligting verskyn oor tendense in die verskillende samelewingsterreine wat by die konferensies verteenwoordig word, asook 'n christelike reaksie daarop.

### 4.12.2. EKUMENIESE SAMEWERKING EN KERKEENHEID

Kerke sal die fiksasie op oorlewing van eie denominasie moet agterlaat. Christene het al die bondgenootskap en ondersteuning nodig wat hulle kan kry in die sending situasie waarin hulle elke dag is (Mead 1991: 80). Daar is grense aan die ruimte vir samewerking wat deur die Woord geskep word. Die grense is in die verlede gesien as elke afwyking van die belydenis. Die geskiedenis van die gereformeerde Protestantisme het ons laat sien dat dit nie die oplossing is nie. "Zei leidt immers tot afscheiding als een repeterende breuk" (Runia 1988: 112). Die grense in ons ekumeniese samewerking lê nie in die omtrekke van die belydenis nie, maar in die hart van ons belydenis (Runia 1988: 112). Ons sien in die Nuwe Testament dat die beslissinge val in die hart van die evangelie. Die pluraliteit in geloofsbelewenisse onder Christene is vandag 'n probleem vir die bediening van die kerk. Tog is dit ook 'n feitelike situasie waarvoor daar ruimte in die kerk moet wees.

Eerstens is die geloof self te ryk om maar net op een bepaalde manier beleef te kan word. "Die christelike geloof is nie 'n eenvoudige optelsom van 'n aantal geopenbaarde goddelike waarhede nie" (Runia 1988: 111). Ten diepste gaan dit om geloof in 'n bepaalde persoon, Jesus Christus. Sy persoon en werk is so veelsydig dat dit nie in een formule vas te vang is nie. So is daar vier evangelies, naas die briewe van Paulus ook die van Jakobus, naas die geskrifte van Johannes ook die van Hebreërs. So is die evangelie- wat uiteindelik Jesus self is - soos 'n geslypte diamant met ontelbare vlakke, wat uit verskillende hoeke na gekyk kan word.

Daar moet in die kerk 'n gesonde vryheid wees vir die besinning oor die verskille tussen denominasies op 'n openlike en liefdevolle manier. Respek vir ander groepe se sieninge voorsien 'n meganisme wat mense verhoed om die misterie van God se verborge raad op 'n rasionele wyse te wil ontrafel, dit

temper die afgodiese najaag van leerstellings ter wille van leerstellings, met al die vernietigende gevolge daarvan (kruistogte, heilige oorloë, die inkwisissie, Rooms Katolieke en Protestantse martelare, ens.). God laat Hom nie bespot deur die pretensies van mense wat glo dat hulle volkome en verseker God se gedagtes ken nie, al die waarheid in pag het nie (Colson 1992 : 137). Die verskille tussen kerke, hoe pynlik ook al, bied 'n korreksie op hierdie neiging in die mens. Die feit is, al het ons sterk leerstellige oortuigings, kan ons nog steeds by mekaar leer en mekaar verryk, soos Kuyper wat geskryf het dat hy nie skaam is om te erken dat sy sieninge op baie punte verhelder is deur sy studie van die Roomse teoloë nie. Die pluralisme in die kerk is inderdaad 'n teken daarvan dat die kerk ook geraak word deur die sondeval. Tog spaar die dinamiek daaraan verbonde ons van nog 'n erger lot as chaos: triomfantalisme, wanneer ons onsself verwar met die Koninkryk van God (Colson 1992: 95,96).

In die tweede plek verskil die mense tot wie die evangelie kom ook van mekaar. Mense verskil, en beleef selfs gemeenskaplike dinge op verskillende maniere (Vgl. Paulus in 1 Kor. 9 en 12). Die spanninge rondom menslike verskille bring 'n verskeidenheid van uitdrukkingsvorme van die geloof. Op die wyse word mense bereik wat miskien nooit andersins bereik sou word nie. Die rykdom van die verskeidenheid versterk die totale getuienis van die kerk. Verskillende leerstellige beklemtonings maak verskillende aspekte van die geestelike werklikheid sigbaar, wat daartoe lei dat 'n groter verskeidenheid van mense aangespreek sal word deur die evangelie.

Selfs te midde van die diepgrypende veranderinge in die tyd van die reformasie, het Calvyn geskryf dat as dit kom by stellinginname teenoor die Groot Afgrond - ateïsme - beskou hy die Roomse kerk as sy bondgenoot. Teoloë soos Calvyn en Abraham Kuyper, het, terwyl hulle hulle beywer het vir die verdediging van hulle eie leerstellings teenoor Rome, steeds gesoek na die gemeenskaplike grond van die ortodoksie waarop hulle saam kon staan (Colson 1992:135).

Die sosiaal-maatskaplike probleme in Namibië stel die kerk van

Christus voor ontsaglike geleenthede om werklik 'n verskil te maak, relevant te wees. As gevolg van die verdeeldheid van die kerke in Namibië kon die kerk nog nie daarin slaag om hierdie uitdaging te aanvaar nie. Die dringendheid van kerkeenheid in Namibië twv 'n gesamentlike getuienis is uitgespreek tydens die CCN Konferensie in 1990 oor: "The role of the church in the transformation of the Namibian society" (CCN Documentation 1990). Dat dit vir die NG Kerk ook belangrik is, word gesien in besluite van die NG Kerk in Namibië en ook van die Algemene Sinode 1994. Daar word met verwagting uitgesien na die resultate van die eenwordingsgesprekke tussen die VGK en die NGK.

Die kerk sal alleen 'n geloofwaardige dienskneg kerk kan wees na buite in die wêreld as hy na binne 'n bereidheid tot nederige diens aan mekaar toon.

## 4.13. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gekyk na veranderinge in die gemeente-en bedieningsstrukture wat daartoe kan meewerk dat die kerk werklik dienskneg van God in die wêreld kan wees, dat spesifiek die NG Kerk in Namibië sy indentiteit sal vind in diensbaarheid. Dit vra 'n nuwe openheid vir en interaksie met die samelewing waarin die kerk wil dien. Daarvoor is oa 'n radikale verandering nodig in die verhouding ampsdraers/lidmate, sodat die lidmate se dienswerk die primêre gemeentelike bedieningsvorm sal wees. Die meer essensiële struktuur wat hierdie diens dra, is klein groepe, steeds binne die raamwerk van die wyer gemeenteverband . Nuwe geleenthede vir interaksie met die samelewing kan ook bevorder word deur groter sigbare samewerking tussen kerke en die hou van konferensies/werkswinkels oor sosiaal-etiese sake.

# HOOFSTUK 5

# KONKLUSIE

Ten spyte van die sondeval, het daar in die koms van God na die wêreld in Jesus Christus en in die Heilige Gees, 'n nuwe verhouding tot stand gekom tussen genade en natuur, tussen openbaring en ervaring. Die wêreld is ook ruimte waarin God werksaam is. So staan die kerk in diens van die bedoeling wat God uiteindelik met die ganse skepping het. God se wil moet ook in die samelewing gesoek en gedoen word. Die kerk het dus 'n baie besliste belang by die wêreld as God se instrument om die wêreld te bereik en die vraag na die relevansie van die kerk in die samelewing, die invloed van die kerk in die wêreld, is diè groot vraag van en aan die kerk.

Vanuit 'n pneumatologiese oogpunt kan nie 'n skeiding gemaak word tussen die leiding van die Gees en die werk van die gelowige nie. God se werk in die skepping het daarom 'n teologiese en antropologiese kant. Die sosiale en kulturele omgewing waarin die kerk hom bevind, speel dus 'n rol in die soeke van die kerk na prakties teologiese teorievorming. In die verhandeling is daar dan ook na die relevansie van die kerk gekyk in die lig van die Skrif, maar ook in die lig van die konteks, die samelewing, sosiologies, maatskaplike en ekonomiese werklikhede waarin die kerk funksioneer.

Ons beleef tans 'n oorgangstyd wat as 'n paradigmaverskuiwing beskryf word en "post-modern" genoem word. Die begrip sekularisasie dui op 'n persepsie dat ons al meer in 'n geslote wêreld leef sonder God. Die kerk het nie meer 'n invloed in die openbare lewe nie. Navorsing toon 'n dalende tendens in die tradisionele soort godsdienstigheid en kerklikheid wêreldwyd. Kerke raak na binne gekeer, of die grens tussen kerk en wêreld verdwyn so dat die kerk geen unieke bydrae het nie. Sekularisme en modernisme bring 'n totale sinverlies en 'n onvergenoegde, ontnugterde lewensgevoel. In die soeke na nuwe waardes, na sinbelewing, na mensvriendelikheid, na samehang, na verdraagsaamheid en 'n beter wêreld, is daar nie 'n terugkeer na die ou paradigmas nie. Die hoofstroom kerke is oa deel van dit wat moet agtergelaat word. In Namibië spesifiek is groot

veranderings besig om plaas te vind wat die rekonstruksie van die ganse samelewing in die post-apartheid era omvat. Daar is die politieke oorgangsituasie, negatiewe ekonomiese groei, toenemende sosiale verbrokkeling, en moreel-etiese kwessies wat 'n al groter probleem in die samelewing word. In hierdie omstandighede moet die kerk sout en lig vir die wêreld wees. Die kerk word geroep om betrokke te wees by die transformasie van die wêreld in die lig van die Koninkryk van God, in die lig van die heil wat Christus gebring het vir die hele wêreld.

Die kerk kan die uitdaging om werklik relevant te wees in hierdie veranderde samelewing beste beantwoord vanuit die perspektief van diens. Die moderne en post-moderne terleurgestelde en gedemokratiseerde mens word nie beïnvloed deur die gesag van 'n instituut nie. Die kerk van die toekoms sal relevant wees as hy die wêreld ernstig opneem en dienend by die wêreld betrokke raak. Ook die nood in die wêreld roep na God deur die kerk. Die dienskneg gestalte van die kerk is egter nie net noodsaaklik ter wille van die eise en moontlikhede van die wêreld nie, maar ook ter wille van die aard van die evangelie. Die diensmotief loop soos 'n goue draad deur die Skrif en vind sy dieptepunt in Christus wat gekom het om te dien tot aan die kruis. In navolging van Hom word die kerk opgeroep om homself weg te gee in liefde en diens aan die wêreld.

Genesing kom paradoksaal in die deel in die wonde van 'n gebroke wêreld. Die kerk as dienskneg het die moontlikhede om te kan beantwoord aan die werklike behoeftes van 'n soekende mensdom, soos bv. aanvaarding, 'n sinvolle lewe, liefde, vrede, versoening, geregtigheid, 'n dieper geestelike bewussyn en mensgerigtheid. Spesifiek in Namibië het die NG Kerk by name behoefte daaraan om weer met geloofwaardigheid 'n rol te speel in die samelewing. Daar is soveel sosio-maatskaplike probleme waarby die kerk dienend betrokke kan wees. Die dienskneg kerk bied aan die kerk nuwe moontlikhede om uit homself te kom en op die wêreld gerig te raak, en so 'n verskil in die wêreld te maak. As die diensmotief werklik deel van die kerk se identiteit, sy lewe, word, sal dit nuwe lewensmoontlikhede vir talle mense oopmaak. In die proses moet die kerk steeds gelei

word deur die unieke aard van sy dienswerk as diens in navolging van Christus, as diens wat heenwys na Hom, die Verlosser van die wêreld.

As ons nader kyk na kommunikatiewe handelinge wat in diens staan van die evangelie, spesifiek na kommunikatiewe handelinge wat daartoe sal lei dat die kerk 'n wesenlike faktor in 'n veranderde samelewing sal wees, dan is daar 'n paar belangrike sake wat opval. Voorop staan dat 'n kerk begelei moet word tot die ontdekking van en aangegrepenheid deur 'n visie op God se liefdesbedoeling met die wêreld. Die kerk sal moeite moet doen om God se visie vir die wêreld te ontdek, en om hom juis daarom te laat informeer deur die kultuur, die wêreld, die konteks waarin hy diensbaar wil wees.

Ten einde werklik 'n diensgemeenskap te wees, sal lidmate se "subjek-wees", hulle moontlikhede, gawes en medeverantwoordelikheid vir die lewe van die kerk ten volle erntig geneem, gewaardeer en in die gemeentestrukture uitgebou moet word. Gelowiges se identiteit, hulle siening van wie hulle is en watter rol hulle moet speel in die kerk en in die wereld, sal moet verander. Lidmate is in besonder die mense wat die voorste linie vorm in die kerk se betrokkenheid by die wêreld. Trouens, die diens van die gelowiges is die primêre gemeentelike bedieningsvorm. Ook die leierskap in die gemeente word in sy wese, funksie en styl gestempel deur diens, en dan wel die diens van stimulering en koördinering van die diens van die gelowiges. Die klem val nie op beheer nie, maar op ondersteuning. Die dienswerk binne die gemeente is veral ook 'n oefenskool vir die dienswerk buite die gemeente. Die kerk se beïnvloeding van die wêreld sal van binne af moet plaasvind, daar waar toegeruste lidmate met woord en daad in die daaglikse lewe hulle Christenskap uitleef.

Dit is duidelik dat die kerk sy dienskneg gestalte net sal kan realiseer indien erns gemaak word met 'n klein-groep bediening. Dit is die belangrikste strategiese basis vir die taak waartoe die kerk geroep word. Koinonia is die konteks waarin, of van waaruit, diens plaasvind. Daar is elkeen 'n subjek, verstaan elkeen dat hy/sy 'n funksie het, word Christus se hoofskap en

die Gees se leiding meer direk beleef, word jou gawes geïdentifiseer en benut, word diens as 'n lewenswyse aangeleer, en bied die groep legitimasie, motivering en ondersteuning vir dienswerk. Kleingroepe is 'n natuurlike en effektiewe aanrakingsvlak tussen kerk en wêreld.

In die kerkverband as geheel, maar ook in die plaaslike gemeentes, behoort die gedagte van desentralisasie en 'n plat struktuur 'n belangrike rol te speel. Kerklike bronne moet aan gemeentes beskikbaargestel word. Groepe moet bevoegdheid hê om sekere projekte te kan inisiëer en afhandel.

Om diensbaar te wees in die samelewing, moet ook gekyk word na die moontlikheid om konferensies/werkswinkels te reël waar verteenwoordigers van verskillende sfere van die samelewing bymekaarkom. Hier kan sake van sosiaal-etiese belang bespreek word, inligting en idees uitgeruil word, kontroversiële sake bespreek word, en so 'n groter bewuswording gekweek word vir 'n gesamentlike verantwoordelikheid vir die toekoms van die land. Uiteindelik is baie groter sigbare eenheid en samewerking tussen die kerke in Namibië noodsaaklik sodat die wêreld sal glo .... sodat die uitdagings van die sosio-maatskaplike probleme op so manier aangepak word dat dit 'n verskil maak. Sodat die kerk werklik die instrument van God se liefde in die wêreld sal wees.

BRONNELYS:

All African Conference of Churches. 1991. Problems and promises in Africa. In: Summary of proceedings. All Africa Information Centre, Nairobi, Kenya.

Armstrong, RS. 1979. Service Evangelism. Philadelphia: Westminster.

Berkhof, H. 1973. Christelijk Geloof. Nijkerk: Callenbach BV.

Boff, L. 1986. Ecclesiogenesis. The base communities reinvent the church. New York: Orbis Books.

Bons-Storm, R. 1987. Geloof waardig. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

Bosch, DJ. 1991. Transforming Mission. Mary Knoll: Orbis.

Boshoff, H. 1995. Die transformasieproses in Suid Afrika: Kerklike implikasies. PU vir CHO: Instituut vir Toekomsstudies.

Burger, C. 1991a. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. 1991b. Praktiese Teologie in die VSA - 'n oorsig oor resente ontwikkelings. NGTT. Deel XXXII, nr 2, Junie 1991:278-287.

Burger, C. 1991c. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Pretoria: RGN-Uitgewery.

Burger, C. 1992. Die veranderende samelewingsituasie in Suid Afrika, In: Gemeentes vertel; red. HJ Hendriks, Kaapstad: Lux Verbi: 11-22.

Burger, C. 1995a. Gemeentes in Transito. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. 1995b. Presensie: By God en by die mense. In: Nuut gedink oor leierskap in gemeentes; Red. A Smit, Kaapstad:Lux Verbi: 36-49.

Clasquin, C. 1991. Review article: The future of (American?) religion. Theologica Evangelica, Volume XXIV-1, Maart 1991:49-57.

Coertzen, P. 1990. Regering, opsig en tug in die kerk. NGTT, Deel XXXI, Nr. 2, Julie 1990:182-186.

Colson, C. 1992. The Body. England: Word Publishing.

De Klerk, JJ. 1988. Die lewende amp. NGTT, Deel XXIX, Nr. 2, April 1988: 194-203.

De Villiers, E. Kitching, D. (red.) 1991. Derde gelui vir môre. Die NG Kerk voor die uitdagings van 'n nuwe tyd. Kaapstad:

Tafelberg Uitgewers.

Dick, C. 1985. Die Gereformeerde ampsbeskouing-vrug van 'n onvolledige reformasie. NGTT, Deel XXVI, Nr. 4, September 1985: 452-461.

Dingemans, GDJ. 1987. Een huis om in te wonen. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

Doohan, L. 1984. The lay centered church. Minneapolis, Minnesota: Winston Press Inc.

Dreyer, JS. 1993. Die moderne gemeente en haar funksionering: belang, aard en benutting van praktykkennis, in Die moderne gemeente en haar funksionering, red. JS Dreyer en HJC Pieterse. Lynnwoodrif: Verba Vitae: 221-247.

Dulles, A. 1988. Models of the church. Hong Kong: Gill and Macmillan.

Du Plessis, B. 1988. Die Afrikaanse Kerke en die uitdaging van 'n Suid Afrika sonder apartheid, In: Wat kom na apartheid. Landman, JP.; Nel, P.; van Niekerk, A. (red.), Johannesburg: Southern Uitgewers: 111-123.

Dykstra, C. 1987. The formative power of the congregation. Religious Education 82: 530-546.

Ferguson, M. 1980. The Aquarian Conspiracy: Personal and Social Transformation in the 1980's. London, New York: Granada Publishing.

Firet, J. 1977. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: JH Kok.

Geingob, HG. 1993. Openingsrede gelewer tydens 'n interkerklike moraliteitskonferensie te Windhoek, Namibië, 28 Oktober 1993.

George, CF. 1992. Prepare your church for the future. Michigan: Fleming H. Revell.

Godsdienst op een keerpunt, deur Küng, H. [et al.]. 1990. Kampen: Kok Agora.

Graafland, C. 1974. Verbond en Schepping, in Vast en zeker aspecten van het verbond God's, red. J van der Graaf. Kampen: Kok: 44-50.

Hall, CP. 1974. Lay action. New York: Friendship Press.

Heitink, G. 1977. Pastoraat als hulpverlening. Kampen: Kok.

Hendriks, HJ. 1988. Tendense in die Amerikaanse kerklike situasie en moontlike implikasies daarvan vir die kerk in SA. NGTT, Deel XXIX, Nr 1, Januarie 1988: 41-54.

Hendriks, HJ. 1990. Bedieninge in en deur die gemeente. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Jaargang 5, nr. 1:19-42.

Hendriks, HJ. 1992. Strategiese Beplanning in die Gemeente. Beginsels en Praktyk van Gemeentevernuwing. Wellington: Hugenote Uitgewers.

Hendriks, J. 1990. Een vitale en aantrekkelijke gemeente. Kampen: JH Kok.

Heyns, JA. 1969. Sterwende Christendom. 'n Teologie in die greep van die tydgees. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Heyns, JA. 1977. Die Kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, JA. 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel van Tvl.

Heyns, LM. 1986. 'n Prakties-Teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. D.Th Proefskrif, UNISA.

Heyns, LM. 1988. Herstrukturering met die oog op doeltreffende stadsbediening. NGTT, Deel XXIX, Nr. 1, Januarie 1988: 55-60.

Heyns, LM. 1990. Bedieninge in die gemeente- Praktykmodelle. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, Jaargang 5, Nr. 1, 1990: 61-72.

Heyns, LM. 1992. Die besondere amp - essensieel of funksioneel? Theologia Evangelica, XXV-3, September 1992: 52-58.

Hodgson, PC. 1988. Revisioning the Church. Ecclesial freedom in the new paradigm. USA: Fortress Press.

Heyns, LM. & Pieterse, HJC. 1990. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria:Gnosis.

Isaaks, P. 1992. Church and development in the context of reconciliation and nation-building: The Namibian expierience, in Church and development: an interdisciplinary approach. EFSA-institute for Theological and Interdisciplinary research, 1992, Kaapstad.

Janson, M. 1982. Practical Theology, in Introduction to Theology; reds. IH Eybers, A. König, JA Stoop, 3de uitgawe, Pretoria: NG Kerkboekhandel van Tvl.: 310-329.

Jonker, WD. 1981a. Die Gees van Christus. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD. 1981b. In diens van die Woord. Pretoria: NG Kerkboekhandel van Tvl.

Jonker, WD. 1985. Op die breuklyn. In: Op die breuklyn, Louw DJ (red.), Kaapstad: NG Kerk-uitgewers: 5-19.

Joubert, SJ. 1992. Deelnemers aan 'n vreemde nuwe spel: veranderende wêreldbeskouings op die keklike en staatkundige terrein in Suid Afrika. In: Fokus op die kerk. Die rol van die kerk in 'n veranderende Suid Afrika. Meiring, PJG; Joubert, SJ (Red.), Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kameeta, Z. 1990. The role of the church in the transformation of the Namibian society, In: The role of the church in the transformation of the Namibian society. CCN Documentation, 1990, Namibia.

König, A. 1983. Heil en Heilsweg. Pretoria: NG Kerkboekhandel Tvl.

Louw, DJ. 1980. Die stad in die mens. Pretoria: NG Kerkboekhandel van Tvl.

Louw, DJ. 1985. Die opbou van die gemeente in 'n veranderde samelewing. In: Op die breuklyn. Louw, DJ (Red.) Kaapstad: NG Kerk-uitgewers: 20-42.

Louw, DJ. 1990. Charisma en amp: Op soek na 'n koinoniale diensmodel vir gemeentebou. NGTT, Deel XXXI, Nr. 2, Junie 1990: 220-239.

Louw, DJ. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Pretoria: RGN-Uitgewery.

Malan, DJ. 1992. Pastorale sensiwiteit: Die kerk se rol in die nuwe Suid- Afrika. In: Fokus op die kerk: Die rol van die kerk in 'n veranderende Suid Afrika, red. PGJ Meiring, SJ Joubert. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy: 112-128.

Maris, JW. 1994. Schepping en verlossing. Kampen: Kok.

Mead, LB. 1991. The once and future church. Reinventing the congregation for a new mission frontier. An Alban Institute Publication.

Meiring, PJG. 1977. Die kerk oppad na 2000. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Moltmann, J. 1984. Diakonie im Horizont des Reiches Gottes. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Muller, J. 1990. Die Erediens as fees. Pretoria: NG Kerkboekhandel

Nel, M. 1982. 'n Program tot vernuwing. Die Kerk se werk.

Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie: Universiteit van Pretoria: 89-102.

Nel, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House: Orion Uitgewers.

NGKN 1991. Agenda en Notule van die Sinode van die NGKN, Sinodale Kerkkantoor, Windhoek.

Noordmans, O. 1979. Schepping als kritisch begrip. Verzamelde werken Deel II. Kampen: Kok.

Nouwen, HJM. 1979. The wounded healer. New York: Image Books.

Nouwen, HJM. 1982. Compassion. London: Darton, Longman & Todd.

Nouwen, HJM. 1989. In the Name of Jesus. Reflection on Christian Leadership. London: Darton, Longman and Todd.

Pieterse, HJC. 1981. Die daad by die woord. Pretoria: NG Kerkboekhandel van Tvl. : 142-156.

Pieterse, HJC. 1982. Bedieningstrukture. In: Die kerk se werk, Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie: UP.

Pieterse, HJC. 1993. Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Potgieter, M. 1995. 'n Nuwe Bybelse Lewenswyse. Die sel-gemeente. George: Lewensvreugde.

Prinz, JMF.1992. Christian in the Namibian Context: Reconciliation and nation-building. In: Namibian Views, Conrad Adenhauer Stiftung, Windhoek: JF Meinert.

Richards, LO. 1970. A New face for the church. Grand Rapids: Zondervan.

Richards, LO. 1975. A Theology of Christian Education. Grand Rapids: Zondervan.

Richards, LO. 1981. A Theology of Personal Ministry. Grand Rapids: Zondervan.

Rossouw, PJ. 1985. "Amp van die gelowige?". NGTT, Deel XXVI, Nr. 3, Julie 1985: 319-331.

Rossouw, PJ. 1990. Bedieninge in verskillende kerklike tradisies met verwysing na spesifieke paradigmas. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, Jaargang 5, Nr. 1, 1990: 43-58.

Rossouw, PJ. 1991. Die gemeente as diakonale gemeenskap in die jare '90. NGTT, Deel XXXII, Nr. 3, September 1991: 485-495.

Roxburgh, AJ. 1993. Reaching a New Generation. Strategies for Tomorrow's Church. Downers Grove, Illinois: Inter Varsity Press.

Runia, K. 1986. Bevinding en ervaring, in Tussen openbaring en ervaring: Studies aangeboden aan prof. dr. GP Hartvelt. Kampen:Kok: 133-145.

Runia, K. 1988. Waar blijft de kerk? Kampen: JH Kok.

Schippers, KA. 1986. In de kring- De gemeente als ervaringsruimte, in Tussen openbaring en ervaring: Studies aangeboden aan prof. dr. GP Hartvelt. Kampen:Kok: 146-158.

Sjogren, S. 1993. Conspiracy of kindness. Michigan: Servant Publications

Smit, AT. 1985. Leierskap as diakonia. DTh Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Smuts, M (red.) 1989. Kerkspieël III. Algemene Kommissie vir Gemeentebediening, NG Kerk in Suid Afrika.

Snyder, HA. 1983. Liberating the Church: The ecology of Church and Kingdom. Illinois: Inter-Varsity Press.

Stedman, RC. 1972. Body Life. California: Regal Books.

Theron, FP. 1984. God se somer kom. Kaapstad: Lux Verbi.

Theron, PF. 1985. Breuk of brug? Enkele opmerkings rondom die tema: kerk en wêreld, in Op die breuklyn, red. Louw, DJ. Kaapstad: NG Kerkuitgewers: 43-54

Theron, PF. 1986. Kerklike eenheid en natuulike verskeidenheid, in Die NG Kerk en Apartheid, red. Kinghorn J. Johannesburg: Macmillan: 194-210

Theron, PF. 1988. Natuur en genade, kerk en volk, in 'n Woord op sy tyd, reds. Wethmar CJ en Vos CJA. Pretoria: NG Kerkboekhandel: 157-171.

Toffler, A. 1990. Powershift. New York: Bantam Books.

Universiteit van Suid Afrika, Departement Praktiese Teologie. 1980. Praktiese Teologie: Studiegids vir PTH400-5. Hersiene uitgawe 1989. Pretoria.

Universiteit van Suid Afrika, Departement Praktiese Teologie. Studiegids: Diakonia-dienende kerk. PTH409-F. 1988. Pretoria.

Van der Merwe, MAV. 1995. Nuwe treë saam met God. Kaapstad: Lux Verbi.

Van der Merwe, MAV. 1996. Kleingroep- bediening. Predikante kursus: BUVTON: Universiteit van Stellenbosch.

Van der Merwe, W. 1989. Die hedendaagse Westerse Kultuur. NGTT, Deel XXX, Nr 3, Julie 1989:324-332.

Van der Ven, JA. 1993. Ecclesiologie in context. Kok: Kampen.

Van der Watt, PB. 1980. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Niekerk, AS. 1988. Navorsingsmetodes in die Praktiese Teologie en die praktyk. NGTT, deel XXIX, nr. 3: 253-261.

Van Niekerk, EA. 1985. 'n Soeke na metode in die Praktiese Teologie. NGTT, deel XXVI, Nr.1:73-80.

Van Riessen, IH. 1971. Mondigheid en de Machten. Derde druk. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.

Van Ruler, AA. 1978. Verwachting en voltooiing. Nijkerk: GF Callenbach.

Van Wyk, JH. 1986. Die boodskap van die reformasie vir vandag. In: Instituut vir Reformatoriese Studies, Oktober 1986, PU vir CHO.

Veenhof, J. 1986. Heilige Geest en Hermeneutiek, In: Tussen openbaring en ervaring: Studies aangeboden aan prof. dr. GP Hartvelt. Kampen: Kok: 159-173.

Versteeg, JP. 1976. De Geest en de gelovige. Kampen: Kok.

Versteeg, JP. 1985. Kijk op de kerk. Kampen: JH Kok.

Versteeg, JP. 1988. Eerlijk luisteren naar de Bijbel. Kampen: Kok.

Wagner, CP. 1976. Your church can grow. California: Regal Books.

Willard, D. 1988. The spirit of the disciplines. San Francisco: Harper & Row.